# DIE BESTUURSROL VAN DIE SKOOLHOOF

# MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME

PETRUS WILLEM KILIAN, B.A., B.Ed.,
V.D.O. (Onderwysbestuur), T.L.O.D.

Skripsie goedgekeur as gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS
IN
ONDERWYSBESTUUR

in die

DEPARTEMENT VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE EN ONDERWYSBESTUUR

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. P.C. van der Westhuizen

Hulpleier: Prof. H.B. Kruger

BETHAL
MEI 1990

## AAN GOD DIE EER

Die Here het vir my baie genade gegee om hierdie verwelklike bydrae te maak. Alle lof kom Hom toe wat ewig is.

JESAJA 40:8

"Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig."

## DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte waardering teenoor die volgende persone wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie skripsie te voltooi:

* prof. P.C. van der Westhuizen, studieleier, vir sy belangstellende en kundige leiding. Dit was ŉ voorreg om onder leiding van so ŉ kundige wetenskaplike in Onderwysbestuur navorsing te kon doen;

* prof. H.B. Kruger, hulpleier, vir sy gewaardeerde kommentaar. Waar hy vir ŉ lang tydperk voorsitter van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging was, het dit my groot gemoedsrus verskaf om hierdie studie met sy hulp aan te pak;

* my eggenote, Elsa, my dogter, Ylmé en my seun, Werner, vir hul aanmoediging, begrip en geduld wanneer ek soms in die dieptes en ongeduldig was en hulle alleen moes wees;

* die bestuursraad en ouergemeenskap van die laerskool H.M. Swart wat my by tye moes verskoon van diens by die skool tydens studieverlof;

* mev. Elda van der Merwe van die Departement Afrikaans-Nederlands van die PU vir CHO vir die keurige taalversorging;

* die personeel van die statistiese konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir hul hulp, raad en advies ten opsigte van die verwerking van die statistiese data deur middel van die rekenaar;

* mev. Elsa Mentz van die Fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir haar hulp met die verwerking van die statistiese data;

* mev. Gertie Stander vir noukeurige tikwerk;

* mev. Emma Botha wat die finale tikwerk onderneem het en wat gesorg het dat hierdie skripsie ŉ keurige formaat aangeneem het;

* al die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek sowel as van die Fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wat altyd met die grootste mate van hoflikheid en professionaliteit vir hulp beskikbaar was;

* al die skoolhoofde wat bereid was om behulpsaam te wees met die empiriese navorsing;

* die Direkteur van Onderwys in Transvaal vir toestemming om die vraelyste onder die teikenpopulasie te versprei.

# INHOUDSOPGAWE

LYS VAN FIGURE EN TABELLE.............................. x

SUMMARY.............................................. xi

OPSOMMING............................................ xiii

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING.......................................... 1

1.1 INLEIDING........................................ 1

1.2 PROBLEEMSTELLING................................. 2

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING........................... 5

1.4 METODE VAN NAVORSING............................. 6
1.4.1 Literatuurstudie................................ 6
1.4.2 Empiriese ondersoek............................. 6

1.5 TERREINAFBAKENING................................ 6

1.6 STRUKTURERING VAN DIE SKRIPSIE................... 7

1.7 BEGRIPSPRESISERING............................... 8

1.8 SAMEVATTING...................................... 10

HOOFSTUK 2

OUERBETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS................ 11

2.1 INLEIDING................................ 11

2.2 FUNDERING VIR OUERBETROKKENHEID.................. 13
2.2.1 INLEIDENDE OPMERKING......................... 13
2.2.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE GESIN...................... 13
2.2.3 DIE AARD VAN DIE GESIN.......................... 14
2.2.3.1 Inleidende opmerking....................... 14
2.2.3.2 Opvoeding deur die gesin is lewensbeskoulik.. 15
2.2.3.3 Gesinslewe verskaf geborgenheid............. 16
2.2.3.4 Kenmerke van die gesin..................... 17

2.2.4 DIE VERBAND TUSSEN SKOOL EN HUISGESIN............ 18
2.2.4.1 Inleidende opmerking....................... 18
2.2.4.2 Die gesin se verwagtinge van die skool....... 20
2.2.4.3 Die skool se verwagtinge van die huisgesin... 23

2.3 DIE HUISGESIN EN DIE SKOOL AS AFSONDERLIKE SAMELEWINGSVERBANDE........................... 26
2.3.1 Inleidende opmerking............................ 26
2.3.2 Die huisgesin as samelewingsverband.............. 27
2.3.3 Die skool as samelewingsverband.................. 28

2.4 JURIDIESE BEGRONDING VIR OUERBETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS........................... 30
2.4.1 Inleidende opmerking............................ 30
2.4.2 Devolusie van gesag............................. 31
2.4.3 Onderwyswetgewing as grondslag vir ouerbetrokkenheid.............................. 32
2.4.4 Bestuursrade en die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO)............................ 37
2.4.4.1 Inleidende opmerking....................... 37
2.4.4.2 Bestuursrade as statutêre ouerliggame........ 38

2.4.4.2.1 Samestelling van die bestuursraad........... 39
2.4.4.2.2 Magte en pligte van die bestuursraad........ 40
2.4.4.3 Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as nie-statutêre ouerliggaam.......... 44
2.4.4.3.1 Samestelling van die TAO.................... 44
2.4.4.3.2 Magte en pligte van die TAO................. 47

2.5 SAMEVATTING.................................... 52

**HOOFSTUK 3**

**DIE ROL EN TAAK VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME**.................................... 54

3.1 INLEIDING...................................... 54

3.2 DIE SKOOLHOOF IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP........ 55

3.3 DIE BESTUURSTAKE VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME................................. 57
3.3.1 Inleidende opmerking......................... 57
3.3.2 Beplanning ten opsigte van ouerliggame se aktiwiteite by die skool...................... 57
3.3.3 Organisering van ouerliggame se aktiwiteite...... 58
3.3.4 Leidinggewing met betrekking tot die aktiwiteite van ouerliggame........................... 59
3.3.4.1 Inleidende opmerking....................... 59
3.3.4.2 Doel met leiding aan ouers.................. 60
3.3.4.3 Noodsaaklikheid van leiding aan ouers........ 61
3.3.4.4 Die aard van leiding aan ouers.............. 62
3.3.4.5 Terreine van ouerbetrokkenheid waaroor ouers-in-organisasie ingelig behoort te wees....... 63
3.3.4.6 Effektiewe kommunikasie as vereiste vir leiding aan ouers...................... 66
3.3.4.7 Die aard van kommunikasie.................. 67
3.3.4.8 Belangrikheid van kommunikasie tussen ouerhuis en skool......................... 68

3.3.4.9 Voorvereistes vir sinvolle kommunikasie tussen ouerhuis en skoolhoof................ 69
3.3.5 Beheeruitoefening ten aansien van die aktiwiteite van ouerliggame................................ 71

3.4 DIE SKOOLHOOF SE BESTUURSROL - BENADERING TEN OPSIGTE VAN OUERLIGGAME.......... 72
3.4.1 Inleidende opmerking............................ 72
3.4.2 Begripsomskrywing............................... 73
3.4.3 Bestuursrol van die skoolhoof................... 74
3.4.4 Die rolbenadering met betrekking tot bestuurswerk.................................. 75
3.4.5 Die bestuursrolbenadering van Mintzberg.......... 76
3.4.5.1 Inleidende opmerking......................... 76
3.4.5.2 Beskrywing van die bestuursrolle van Mintzberg................................ 77

3.4.6. Evaluering..................................... 86

3.5 SAMEVATTING.................................... 86

**HOOFSTUK 4**

**EMPIRIESE ONDERSOEK**................................ 88

4.1 INLEIDING....................................... 88

4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK...................... 88

4.3 NAVORSINGSONTWERP............................... 90
4.3.1 Meetinstrument.................................. 90
4.3.1.1 Die vraelys as meetinstrument................ 90
4.3.1.2 Voordele van die posvraelys.................. 91
4.3.1.3 Nadele van die posvraelys.................... 92
4.3.1.4 Konstruksie van die vraelys.................. 93

4.3.2 Loodsvraelys.............................. 95
4.3.3 Finale vraelys............................ 95
4.3.4 Populasie................................. 95
4.3.5 Statistiese tegnieke...................... 96

4.4 INTERPRETERING VAN DATA.......................... 97
4.4.1 Inleiding................................. 97
4.4.2 Afdeling A: Algemene vrae................. 97
4.4.2.1 Vraag 1: Bestaan die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as ŉ nie-statutêre ouerliggaam by u skool?.................... 99
4.4.2.2 Vraag 2: Bestaan ŉ ander soortgelyke ouerliggaam by u skool, bv. ŉ ouer-onderwysersvereniging?................. 99
4.4.2.3 Vraag 3: Is u ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende skoolonderwys?................................ 100
4.4.2.4 Vraag 4: In die breë gesien, beskik ouers oor voldoende kennis van opvoedings- en onderwysbeginsels asook van skool- en opvoedkundige sake in die algemeen?....................... 100
4.4.2.5 Vraag 5: Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar ouers die professionele terrein van die skool kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte?................................ 101
4.4.2.6 Vraag 6: Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar die skool die terrein van die ouerhuis kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte?............. 101
4.4.2.7 Vraag 7: Behoort daar by hoofdekursusse en -simposia meer aandag gewy te word aan besprekings van die bevoegdheidsterreine van ouerliggame?................................ 102
4.4.2.8 Vraag 8: Meen u dat skoolhoofde in die beste posisie is om opleiding/voorligting aan ouerliggame te gee?......................... 103

4.4.2.9 Vraag 9: Het ouerbetrokkenheid vir u ŉ groter werklas meegebring?........................ 103
4.4.2.10 Vraag 10: Is dit so dat groter ouerbetrokkenheid vir u personeel meer tyd beskikbaar kan stel vir hul professionele taak?................................... 104

4.4.3 Afdeling B: Ouerbetrokkenheid.................. 104
4.4.3.1 Stelling 11 Die bestuursraad het ŉ besliste rol te speel in skoolbestuur................ 106
4.4.3.2 Vraag 12: Watter rol speel die TAO of moontlike ander georganiseerde ouerliggame in u skoolbestuursopset?...................... 106
4.4.3.3 Vraag 13: Hoe belangrik is die bydrae wat u eie statutêre ouerliggaam maak in u skoolbestuursopset?.......................... 106
4.4.3.4 Vraag 14: Hoe belangrik is dit dat ouerliggame oor voldoende kennis moet beskik om hul funksies behoorlik te vervul?......... 107
4.4.3.5 Vraag 15: Hoe belangrik is dit dat ouerliggame kennis moet dra van die onderwysdoelstellings van hul skool?......... 107
4.4.3.6 Stelling 16: Ouers behoort aangewend te word vir sekere administratiewe en klerklike pligte by die skool (byvoorbeeld in die mediasentrum en snoepwinkel)............................. 108
4.4.3.7 Stelling 17: Ouers behoort by skoolaktiwiteite betrokke te wees en beter begrip vir die probleme en behoeftes van hul skool te toon.......................................... 108
4.4.3.8 Stelling 18: Ouers moet meer betrek word by die skoolaktiwiteite van hul kind(ers) as wat tans die geval is.......................... 109
4.4.3.9 Stelling 19: Ouers is mede-verantwoordelik vir die voorsiening van fasiliteite vir die onderrig van hul kinders..................... 109

4.4.3.10 Stelling 20: Ouers behoort betrek te word by die onderrig van hul kinders in die klassituasie.................................. 110

4.4.3.11 Stelling 21: Statutêre en nie-statutêre ouerliggame moet ten nouste met die skool saamwerk om die belange van die kind die beste te dien.................................. 110

4.4.3.12 Stelling 22: Ouers met verskillende belangstellings moet hulle kan uitleef as volle vennote in die onderwys van hul kinders.................................. 111

4.4.3.13 Stelling 23: Ouers behoort inspraak te hê ten opsigte van die samestelling van die kurrikulum.................................. 111

4.4.3.14 Stelling 24: Ouers behoort insette te lewer ten opsigte van die gees en opvoedkundige doelstellings wat by ŉ skool heers........... 112

4.4.3.15 Vraag 25: Hoe belangrik is dit dat ouers inspraak moet hê in die bestuur van die fisiese fasiliteite van die skool, byvoorbeeld die terreine en geboue, soos dit tans die geval is?.................................. 113

4.4.3.16 Stelling 26: Ouerliggame moet die verantwoordelikheid aanvaar vir die insameling van en toesig oor die plaaslike skoolfonds....... 113

4.4.3.17 Stelling 27: Statutêre ouerliggame moet inspraak hê by die aanbevelings vir aanstellings van onderwyspersoneel in permanente poste.................................. 114

4.4.3.18 Stelling 28: Groter ouerbetrokkenheid in opvoedende onderwys kan ŉ bydrae lewer om van die kind ŉ beter volwassene te maak.......... 114

4.4.3.19 Stelling 29: Ouerliggame moet nie oortree op die professionele terrein van die onderwyser nie.................................. 115

4.4.3.20 Stelling 30: Benewens die reeds beskrewe funksies en pligte van ouerliggame is verdere verfyning en presisering daarvan steeds nodig.......................................... 115

4.4.4 Afdeling C: Die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame......... 116

4.4.4.1 Stelling 31: Die skoolhoof van die hedendaagse skool moet onderlê wees in didaktiese sowel as in bestuursvaardighede........................ 118

4.4.4.2 Stelling 32: Die skoolhoof het ŉ rol te vervul in die opleiding/voorligting van ouerliggame vir hul taak................................ 118

4.4.4.3 Stelling 33: Die skoolhoof moet ouerliggame se belangstelling in opvoedende onderwys organiseer en koördineer sodat die kind in die besonder en die skool in die algemeen daarby baat kan vind................................ 118

4.4.4.4 Stelling 34: Die gebrek aan entoesiasme by ouers aangaande skoolaangeleenthede kan onder andere toegeskryf word aan gebrekkige kennis daaroor..................................... 119

4.4.4.5 Stelling 35: Ouers sal die nodige opleiding moet ondergaan ten einde as georganiseerde ouerliggame doeltreffende bydraes tot onderwysbestuur te kan maak................. 119

4.4.4.6 Stelling 36: Dit is noodsaaklik dat die skoolhoof kundig en vaardig sal wees in doeltreffende kommunikasie met ouerliggame... 120

4.4.4.7 Stelling 37: Die skoolhoof het vanuit bestuursoogpunt gesien ŉ rol te vervul ten opsigte van ouerliggame om opvoedende onderwys te laat slaag................................ 120

4.4.4.8 Stelling 38: Die skoolhoof moet die rol as besluitnemer in skoolbestuur vervul.......... 120

4.4.4.9 Stelling 39: Die skoolhoof se leierskapsrol, ook met betrekking tot ouerliggame, bepaal watter soort atmosfeer in die skool sal heers.................................... 121

4.4.4.10 Stelling 40: Ouers het die reg om ingelig te wees en te verstaan waaroor dit in die skool gaan. Dus beklee die hoof h inligtingsrol met betrekking tot ouerliggame.................. 121

4.5 SAMEVATTING.................................... 122

**HOOFSTUK 5**

**SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**............ 123

5.1 SAMEVATTING.................................... 123

5.2 GEVOLGTREKKINGS................................ 124

5.2.1 Inleidende opmerking......................... 124

5.2.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot die literatuurstudie.................................. 125

5.2.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die empiriese ondersoek..................................... 126

5.3 AANBEVELINGS................................... 128

5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing....... 128

5.3.2 Aanbevelings vir verdere navorsing.............. 130

5.4 SLOTOPMERKING.................................. 131

BRONNELYS.......................................... 133

BYLAE A.: TOESTEMMINGSBRIEF, T.O.D. ................... 141

BYLAE B.: DEKKINGSBRIEF............................. 143

BYLAE C : VRAELYS.................................. 144

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGUUR 2.1 Voorbeeld van takbestuur en subkomitees van die TAO.................................. 46

FIGUUR 2.2 TAO-inspraak................................ 51

FIGUUR 3.1 Bestuursrolle volgens Mintzberg............ 77

TABEL 4.1 Respons op vraelyste........................ 96

TABEL 4.2 Response op vrae 1 tot 10 in afdeling A..... 98

TABEL 4.3 Response op vrae/stellings 11 tot 30 in afdeling B................................ 105

TABEL 4.4 Response op stellings 31 tot 40 in afdeling C................................ 117

**SUMMARY**

**THE MANAGERIAL ROLE OF THE PRINCIPAL REGARDING PARENT BODIES**

With regard to the education dispensation as proposed by the HSRC Education Report (1981) a degree of ignorance prevails among parents as well as practising teaching staff. The obvious person to make available this information appears to be the principal. The abovementioned report emphasises an important aspect related to provision of tuition on the formal level - viz. that parents are co-responsible, and therefore should have a say in the educational tuition of their children.

Organized parent involvement in the educational tuition of their children in Transvaal is embodied in statutory parent bodies such as management councils and in non-statutory parent bodies such as the "Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO)". These parent bodies can represent the parents who have elected them at a high level with regard to matters relating to educational tuition.

The family as a primary community and the school as a secondary community should work in conjunction with each other and a spirit of partnership should exist between the family and the school for the benefit of the educational tuition of the child. Parent involvement and their dictates in school matters should take place in an organized and orderly fashion. It has become evident that the family and the school as partners have mutual expectations of each other. These expectations can only be realised if a bond of mutual trust exists between the partners and if concordant objectives relating to educational tuition are pursued.

The composition of and the powers and duties of a Management Council and the TAO are discussed. From the literature study it has become clear that future clarification and specification of these powers and duties are required. This will prevent any confusion concerning the dual competency areas of parent bodies and the school.

Further it is pointed out that the principal is responsible for the management of the school in its totality. The principal's management embraces the planning, organization, guidance and exercise of control. The principal also exercises these managerial aspects within the activities of the parent bodies. Special emphasis is placed on guidance, which should emanate from the principal, so as to equip the parent bodies with the knowledge and the ability by means of which they will be able to exercise their task fittingly.

It has also come to light that a manager's function is not only to plan, to organize, to give guidance, and to exercise control. The manager (i.c. principal) fulfils several other roles. According to Mintzberg's approach to the managerial role, it emerges that the principal also interprets different managerial roles in respect to the involvement of statutory and non-statutory parent bodies in educational tuition.

An empirical investigation was made by means of a structured mailed questionnaire. This investigation confirms that the principal, as manager of the school, interprets certain roles and executes managerial tasks in respect of the activities of organized parent bodies.

Certain conclusions were finally reached and recommendations relevant to specific facets of statutory and non-statutory parent bodies were made.

# OPSOMMING

## DIE BESTUURSROL VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME

Ten opsigte van die onderwysbedeling soos deur die RGN-onderwysverslag (1981) voorgestel, heers daar onkunde by ouers sowel as by praktiserende onderwyspersoneel. Die skoolhoof blyk die aangewese persoon te wees om die nodige inligting beskikbaar te stel. Bogemelde verslag beklemtoon ŉ belangrike aspek ten opsigte van onderwysvoorsiening op die formele vlak, naamlik dat ouers medeverantwoordelik daarvoor is en gevolglik inspraak behoort te hê in die opvoedende onderwys van hul kinders.

Georganiseerde betrokkenheid van ouers by die opvoedende onderwys van hul kinders in Transvaal kry vergestalting in statutêre ouerliggame soos bestuursrade en nie-statutêre ouerliggame soos die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO). Hierdie ouerliggame kan op hoë vlak, namens die ouers wat hulle verkies het, inspraak lewer ten opsigte van sake rakende die opvoedende onderwys.

Die gesin as primêre samelewingsverband en die skool as sekondêre samelewingsverband behoort nou saam te werk en ŉ gees van vennootskap behoort tussen gesin en skool te bestaan ter wille van die opvoedende onderwys van die kind. Ouerbetrokkenheid by en -inspraak in skoolaangeleenthede behoort op georganiseerde en ordelike wyse te geskied. Dit het duidelik na vore gekom dat huisgesin en skool as vennote wedersydse verwagtings van mekaar koester. Hierdie verwagtings kan alleenlik realiseer indien daar ŉ gees van onderlinge vertroue tussen die vennote heers en ooreenstemmende doelstellings met betrekking tot opvoedende onderwys nagestreef word.

Die samestelling, magte en pligte van bestuursrade van die TAO is bespreek. Uit die literatuurstudie blyk dit dat verdere verfyning en presisering van hierdie magte en pligte noodsaaklik is. Dit sal verhoed dat verwarring ontstaan wat betref die bevoegdheidsterreine van ouerliggame en die skool onderling.

Vervolgens is daarop gewys dat die skoolhoof verantwoordelik is vir die bestuur van die skool in sy totaliteit. Die skoolhoof se bestuurswerk behels beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening. Die skoolhoof verrig ook hierdie bestuurswerk wat die aktiwiteite van ouerliggame betref. Besondere klem word geplaas op leidinggewing wat van die skoolhoof behoort uit te gaan ten einde ouerliggame toe te rus met kennis en vaardighede om hul taak na behore te verrig.

Dit het ook aan die lig gekom dat ŉ bestuurder se funksie nie net is om te beplan, te organiseer, leiding te gee en beheer uit te oefen nie. Die bestuurder (i.c. skoolhoof) vertolk ook verskeie ander rolle. Aan die hand van die bestuursrolbenadering van Mintzberg is aangetoon dat die skoolhoof ook verskillende bestuursrolle vertolk ten aansien van statutêre en nie-statutêre ouerliggame se betrokkenheid by opvoedende onderwys.

ŉ Empiriese ondersoek is by wyse van ŉ gestruktureerde posvraelys gedoen. Die ondersoek het bevestig dat die skoolhoof as bestuurder van die skool sekere rolle vertolk en ook bestuurstake verrig ten opsigte van die aktiwiteite van georganiseerde ouerliggame.

Ten slotte is tot sekere gevolgtrekkings geraak en aanbevelings is gemaak betreffende enkele fasette van statutêre en nie-statutêre ouerliggame.

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING

### 1.1 INLEIDING

Hoewel ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys statutêr bepaal word deur onder andere die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake 1984 (Wet 76 van 1984), wys Bredenkamp (1987:6) daarop dat die basis waarop die vennootskap tussen die huisgesin en die skool behoort te staan, nie in wetgewing gevestig behoort te wees nie. Wedersydse waardering en respek en ʼn goeie onderlinge verstandhouding moet eerder die strewe wees van hierdie vennootskap.

Terblanche (1987:6) dui aan dat daar krities en analities na die inwerkingstelling van die vennootskapsgedagte tussen ouers en skool gekyk moet word en dat daadwerklike pogings aangewend moet word om die vennootskap tot aksie te bring. In dié verband stel Van Loggerenberg (1986:1) dit duidelik as hy beweer dat daar ʼn onkunde by die algemene publiek en selfs ook by praktiserende onderwyspersoneel bestaan wat betref die nuwe onderwysbedeling en sy bestuurstrukture. Die bestaande inligting oor voorgemelde aspekte word ook nie voldoende bemark nie. Hierdie probleem kan oorbrug word deur die beskikbaarstelling van die nodige inligting deur ʼn kundige persoon soos byvoorbeeld die skoolhoof. Die leiding wat op hierdie wyse gegee word, kom inderdaad neer op die skoling van ouers (Kruger, 1985(a):28).

Ten einde die vennootskapsgedagte tussen ouers en skool tot sy reg te laat kom, sal die skoolhoof aandag moet gee aan die bestuur van hierdie vennootskap wat hom onder andere

vergestalt in ouerliggame. In hierdie bestuursrol sal die hoof moet besin oor hoe ouerliggame toegerus kan word om ŉ bydrae te lewer tot skoolbestuur sonder dat hulle die professionele terrein van die onderwyser betree.

Vervolgens word die probleemstelling aangaande hierdie studie verder bespreek en die doelstellings van die navorsing word uiteengesit. Daarna kom die strukturering van die skripsie onder die loep.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die kind kan slegs deur ŉ volwassene tot volwassenheid gelei word. Die ouer is as die eerste en natuurlike opvoeder primêr verantwoordelik vir hierdie opvoeding en onderwys tot volwassenheid. Volgens die doopbelofte moet die ouer die kind onderrig en laat onderrig. Hierdie "laat onderrig" wys heen op onder andere die taak van die skool. Die kontak wat so tussen ouerhuis en skool ontstaan, behoort gestruktureerd te wees sodat elkeen van die twee betrokke samelewingsverbande binne sy eie bevoegdheidsterrein kan beweeg.

Alhoewel die ouerhuis en skool elkeen sy eie bevoegdheidsgebied het, het die skoolhoof ŉ rol om verkose ouerliggame te lei om hul pligte te volvoer in belang van sowel die opvoedende onderwys van die kind as die gemeenskap wat hulle dien.

Ouerliggame is as knoopstrukture tussen huisgesin en skool nóú betrokke by skoolaangeleenthede op die derde of plaaslike vlak van onderwysbeheer. Daar is in die praktyk onsekerheid en onkundigheid by ouers oor hulle betrokkenheid by en inspraak in skoolonderwys. Die skoolhoof is die aangewese persoon om binne neergelegde beleid rigting aan te

dui ten opsigte van ouerinspraak in en -betrokkenheid by skoolonderwys. Ouerinspraak in en -betrokkenheid by onderwysaangeleenthede het ŉ lang geskiedenis en ook ŉ tradisionele karakter. Postma (1987:175) wys daarop dat die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 (Wet 39 van 1967) by ouers ŉ valse gerustheid en ook ŉ klaarblyklike ontduiking van hulle ouerlike opvoedende onderwysverantwoordelikheid teweeggebring het. Sommige ouers het die opvoeding en onderwys van hul kinders te veel in die hande van die onderwysers geplaas.

Die verskyning van die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys (1981) (RGN-onderwysverslag) en die aanvaarding van die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983) met implikasies vir ouerinspraak en -betrokkenheid, het verskeie leemtes in die mondering van ouerliggame met betrekking tot doeltreffende ouerbetrokkenheid by skoolaangeleenthede aan die kaak gestel. Een so ŉ leemte is dat daar geen georganiseerde ouerliggaam was wat namens die Afrikanerouers kommentaar kon lewer op die voorgemelde verslag van 1981 toe kommentaar op die verslag afgewag is nie. Die sesde beginsel van die RGN-onderwysverslag (RGN, 1981:15) onderstreep dan ook pertinent die kwessie van ouerinspraak in onderwysaangeleenthede as dit gestel word dat die staat vir onderwysvoorsiening op die formele vlak verantwoordelik is, maar dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing ŉ medeverantwoordelikheid vir en inspraak in hierdie verband het. Ouerinspraak en -betrokkenheid op die derde vlak van onderwysbeheer is dan ook ŉ voldonge feit en word statutêr bepaal in artikel 2(1) van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984). Hiermee saam is ŉ nuwe bewuswording by ouers geskep wat betref hul verantwoordelikheid aangaande die totale opvoeding en onderwys van hul kinders.

Prinsloo en Beckmann (1987:5-6) wys op bepaalde onduidelikhede in voorgemelde Wet (Wet 76 van 1984). Hulle stel dit dat daar byvoorbeeld ten opsigte van die begrip "georganiseerde ouergemeenskap" nie duidelike strukture bestaan wat rigting gee aan die gedagte dat -

"(a) ouers voortaan medeverantwoordelik sal wees vir die voorsiening van formele onderwys, en dat

(b) ouers voortaan medeseggenskap sal hê ten opsigte van die voorsiening van formele onderwys"

Van Wyk (1987:21) beklemtoon die feit dat ŉ skool binne ŉ onderwysstelsel bestuur word. Waar ouers medeverantwoordelikheid vir en -seggenskap oor die beheer van ŉ skool aanvaar wat vir die meeste van hulle ŉ onbekende terrein is, is die skoolhoof die aangewese persoon om aan ouerliggame die nodige leiding te gee. Hierdie leiding dui veral daarop dat die skoolhoof geleenthede sal moet skep waar ouers voorligting kan ontvang ten opsigte van hulle ouerlike verantwoordelikhede binne die bepalings van die toepaslike wette.

Dié voorligting aan ouers dui dus op ŉ andragogiese taak vir die skoolhoof. Om ouers sover te kry om sinvol betrokke te raak by die skool, sal die hoof sekerlik ook ŉ oorredingstaak hê. Verder sal hy ook die regte klimaat moet skep sodat ouers betrokke wil raak en medeverantwoordelikheid wil aanvaar vir die totale opvoeding en onderwys van hul kinders. Die skoolhoof sal ook geleenthede moet skep om ouerliggame in te lig oor kurrikulêre en organisatoriese aspekte van die onderwys.

Die probleem wat hom dus hier vergestalt is om te bepaal watter rol die skoolhoof as bestuurskundige het om statutêre en nie-statutêre ouerliggame te lei tot begryping en aanvaarding van hul terrein van verantwoordelikheid ter wille van doeltreffende opvoedende onderwys.

## 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

In hierdie navorsing word:

* die terreine en bevoegdheid van ouerliggame uit literatuur nagevors en beskryf;

* die rol en taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame se betrokkenheid by en inspraak in opvoedende onderwys uit die literatuur nagevors en aangedui;

* empiriese data bekom in verband met die bestaan en aktiwiteite van ouerliggame by ŉ aantal skole;

* met behulp van ŉ empirise ondersoek die standpunte van ŉ aantal skoolhoofde bepaal met betrekking tot verskillende aspekte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys;

* na aanleiding van die literatuurstudie en die empirise ondersoek sekere aanbevelings gemaak met betrekking tot die bestuursrol van die skoolhoof sover dit ouerliggame aangaan.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

### 1.4.1 Literatuurstudie

ŉ Literatuurstudie van relevante primêre en sekondêre bronne is onderneem. ŉ Dialog-rekenaarsoektog is aan die hand van die volgende trefwoorde onderneem: parent participation, parent associations, boards of education, principal, school administration.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Die menings van hoofde van skole in komprehensiewe eenheid sewe (KE7) (suiwer Engelstalige skole uitgesluit) is aan die hand van ŉ gestruktureerde posvraagskedule ingewin (N = 26). Engelstalige skole is uitgesluit aangesien die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging gewoonweg nie by hierdie skole figureer nie (kyk 1.5).

## 1.5 TERREINAFBAKENING

Die studieterrein vir hierdie navorsing is soos volg afgebaken:

* Hierdie navorsing geld slegs vir Afrikaanse primêre en sekondêre skole in KE7 onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement en wel skole wat nie as privaatskole geklassifiseer word nie.


* In hierdie navorsing is hoofsaaklik gekonsentreer op die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot onderstaande liggame:

- Bestuursrade

- Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO)

## 1.6 STRUKTURERING VAN DIE SKRIPSIE

Onderstaande diagrammatiese hoofstukindeling verskaf 'n oorsig oor die struktuur en verloop van die navorsing:



## 1.7 BEGRIPSPRESISERING

* **Bestuursrol**

Die begrip bestuursrol dui op die verskillende funksies of rolle wat ŉ bestuurder (i.c. skoolhoof) in ŉ organisasie vervul (kyk 3.4.2 en 3.4.3).

* **Bestuurstaak**

Hierdie begrip verwys na die verskillende take wat ŉ bestuurder (i.c. skoolhoof) verrig in sy bestuurswerk. Sover dit onderwysbestuur aangaan, is die vernaamste bestuurstake wat die skoolhoof verrig die van beplanning, organisering, leidinggewing en beheer-uitoefening (kyk 2.2.4.2 en 3.3.1).

* **Statutêre ouerliggame**

Hier word spesifiek verwys na bestuursrade soos dit tans by blanke skole in Suid-Afrika funksioneer. Hierdie bestuursrade is deur wetgewing in die lewe geroep. Gevolglik word daar na hulle as statutêre ouerliggame verwys (kyk 2.1 en 2.4.4.2).

* **Nie-statutêre ouerliggame**

Hierdie ouerliggame funksioneer gewoonlik aan die hand van ŉ neergelegde grondwet/reglement, maar beskik nie oor statutêre magte soos bestuursrade nie. Op nasionale vlak in die Republiek van Suid-Afrika bestaan ŉ federasie van Afrikaanse ouerverenigings wat saamgestel is uit die Afrikaanse Ouerverenigings van die vier provinsies (kyk fig. 2.2). Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) is deel van hierdie nasionale ouerliggaam en geniet amptelike erkenning van owerheidsweë. Die TAO is ŉ nie-statutêre ouerliggaam wat onafhanklik volgens sy eie grondwet handel (kyk 2.4.4.3 en 1.5).

* **Ouerliggame**

Die begrip ouerliggaam of ouerliggame word in hierdie navorsing as ŉ sambreelterm gebruik en dui op statutêre sowel as nie-statutêre ouerliggame (kyk 3.3.4).

** Hoewel dit uit die empiriese ondersoek na vore gekom het (vergelyk bylae C, vraag 2) dat daar ook ander nie-statutêre ouerliggame by skole bestaan, word dit vir die doel van hierdie navorsing nie betrek by besprekings nie (kyk 1.5).

## 1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangetoon dat ouers as eerste en natuurlike opvoeders van hul kinders mede-inspraak in en -seggenskap oor die opvoedende onderwys van hul kinders in die skool het. Onderwyswetgewing bied geleentheid aan ouers om aktief betrokke te raak en inspraak te hê in die opvoedende onderwys van hul kinders deur onder andere erkende statutêre en nie-statutêre ouerliggame. Dit is egter ook duidelik dat daar tans nog baie onkundigheid en onsekerheid bestaan oor die rol wat die skool en ouerliggame te vervul het in hierdie betrokkenheid.

Die probleemstelling, metode van navorsing en terrein-afbakening het ook onder die loep gekom.

In Hoofstuk 2 word aangetoon dat die unieke aard van die gesin as samelewingsverband die ouer noodsaak om betrokke te wees by die opvoedende onderwys van die kind. As afsonderlike samelewingsverbande koester die skool en die gesin onderling sekere verwagtinge van mekaar wat betref opvoedende onderwys. Gevolglik behoort ñ vennootskap tussen skool en gesin te bestaan om opvoedende onderwys ten volle te laat gedy.

Vervolgens word aangetoon dat daar ñ juridiese begronding vir ouerbetrokkenheid is en die samestelling, magte en pligte van bestuursrade asook van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging word belig.

# HOOFSTUK 2

# OUERBETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS

## 2.1 INLEIDING

In die RGN-onderwysverslag (1981) word verskeie veranderings aanbeveel in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Hierdie veranderings sny oor ŉ breë spektrum van die onderwysstelsel en vind prominente neerslag in ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys.

Veranderings aan ŉ bestaande stelsel of ŉ bestaande praktyk word nie altyd maklik aanvaar en geïmplementeer nie. Garbers (1984:1) meld dat die veranderings waarvan hier sprake is, van so ŉ aard is dat selfs kundiges twyfel of die bevolking in staat is om dit harmonies te verwerk.

Met opvoedende onderwys word die doel nagestreef om die kind te lei tot volwassenheid. Dit impliseer onder meer dat die kind van kleins af toegerus moet word met lewensbeskoulike lewensinhoude aan die hand waarvan hy as volwassene verantwoordbare keuses kan maak (Van der Walt, 1983(b): 54-56). In ŉ snel veranderende wêreld het baie ouers, wat die primêre opvoeders van hul kinders is, gaandeweg hul verantwoordelikheid vir opvoeding en onderwys op die ander samelewingsverbande naamlik die skool, staat en kerk afgeskuif (Van der Walt, 1983(b):27). So het die skool grootliks die verantwoordelikheid vir die kind se opvoeding oor ŉ wye front oorgeneem, die staat moes die onderwys finansier en die kerk moes instaan vir die kind se geloofs- en sedelike lewe (Van Schalkwyk, 1983:7-8).

Veral sedert die verskyning van die RGN-onderwysverslag (1981) en na die Afrikaner-onderwyskongres, wat gehou is te Bloemfontein vanaf 18 tot 20 Maart 1982, het die gedagte van groter ouerbetrokkenheid en van h vennootskap tussen huis en skool momentum gekry. Ouerbetrokkenheid kan egter nie funksioneer sonder kundigheid van die betrokkenes en in die afwesigheid van geordende strukture nie. Daarom meen Eloff (1982:242-243) dat ouers meer opvoedings- en onderwysweerbaar moet word. Die vennootskapsgedagte is tans nie net meer h teoretiese besinning nie. Die vennootskap tussen huis en skool het sodanig ontwikkel dat knoopstrukture soos die bestuursraad van skole (statutêre ouerliggaam) en die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) (nie-statutêre ouerliggaam) op amptelike vlak erkenning geniet.

Die huisgesin verkry as onderwysbelanghebbende struktuur inspraak in die bestuur van die skool as onderwysgekwalifiseerde struktuur deur middel van voorgemelde statutêre en nie-statutêre knoopstrukture (Van Wyk, 1987:70-71). Van Loggerenberg (1985:1) vestig ook die aandag op die wenslikheid dat ouers hulle sal organiseer in belang van die opvoeding en onderwys van hul kinders. Dit kan onder andere verwerklik word in statutêre en nie-statutêre bestuursliggame op verskeie bestuursvlakke van die onderwys, dog die professionele werksaamhede van die onderwyser mag nie deur hierdie handelinge aangetas word nie (Liebenberg, 1985:138). In die verband is dit volgens Van Loggerenberg (1985:1-2) noodsaaklik dat ouerliggame gekoördineerd en gestruktureerd sal funksioneer aan die hand van duidelike riglyne sodat daar nie oortree word op die professionele terrein van die onderwyser nie. Vir die bestaan van h werklike vennootskap tussen huisgesin en skool is dit ook belangrik dat onderwyspersoneel in die praktyk voorberei word vir hierdie betrokkenheid van ouers. Onderwyspersoneel moet daarvan oortuig wees dat hierdie betrokkenheid noodsaaklik is om die opvoedende onderwyskundige doelstellings van die skool te laat realiseer.

## 2.2 FUNDERING VIR OUERBETROKKENHEID

### 2.2.1 Inleidende opmerking

Die gesin het sy oorsprong in die huwelik. Die huwelik is ŉ instelling van God en daarom moet dit deur die mens in harmonie en in gehoorsaamheid aan God se Wet in stand gehou word (Postma, 1987:92). ŉ Man en vrou wat deur liefde vir mekaar bestem is, kan die een die ander aanvul en help om tot die hoogste ontplooiing van hul onderskeie persoonlikhede te kom (Barnard, 1982(a):5).

Postma (1987:97) poneer dat die Christelike huwelik tydgebonde is, gefundeer is in die historiese modaliteit en gekwalifiseer word deur die etiese modaliteit.

### 2.2.2 Die struktuur van die gesin

By ŉ besinning oor die struktuur van die gesin, word dit duidelik dat die gesin gefundeer is in die biotiese funksie en sy bestemming in die etiese modaliteit vind. Daar kan dus met Van der Walt et al. (1983:254) saamgestem word dat daar geen ander samelewingsverband bestaan wat mense so intiem bymekaar bring as die huwelik en die gesin nie, omdat mense deur bloedbande, die troubande en verantwoordelikheidsbande saamgebind word.

Van Schalkwyk (1986:183) meen dat die gesin tot stand kom wanneer daar uit die biotiese vereniging (of deur aanneming) van die huweliksgenote gelei deur die etiese (liefde) ŉ kind tot die huwelikspaar bygevoeg word. Die huisgesin bestaan dus uit ŉ volwasse deel (ouers) en ŉ onvolwasse deel (kind/ers), aldus Barnard (1982(a):5). Hieruit volg dit dat

die gesin steeds bestaan, selfs as een van die ouers ontbreek, vandaar die begrip enkelouergesin. Die lede van die huisgesin vorm ñ intieme liefdesgemeenskap wanneer ouers aan kinders en kinders aan ouers onderling heg saamgebind is. Postma (1987:99) beklemtoon dat elke gesin ñ individuele karakter en styl in sy bestaanswyse vertoon wat sodanige gesin van ander gesinne onderskei.

Die huwelik en die gesin is enkapties vervleg (Postma, 1987:93). Dit bring mee dat die huwelik nie ophou bestaan wanneer ñ gesin uit die huwelik ontstaan nie. Nuwe verantwoordelikhede word dan op die huwelikspaar gelaai. Die ouer word nou aanspreeklik gehou vir die "omhoogleiding" van die kind en hierdie verantwoordelikheid mag hy nooit afsweer of aan die skool oordra nie (Schoeman, 1983:128). Daar bestaan ñ noue samehang tussen skool en gesin, hoewel elkeen as samelewingsverband sy eiesoortige struktuur en unieke eie aard het (Van der Walt et al., 1979:217).

### 2.2.3 Die aard van die gesin

#### 2.2.3.1 Inleidende opmerking

Die gesin is ñ primêre samelewingsverband wat deur God self ingestel is en die ouer(s) het opdrag om die huisgenote onderling liefdevol te versorg, die kinders toe te rus, op te voed en te begelei tot Godsdiens en naastediens (Van der Walt, 1983(b):25).

Die gesin voed op ooreenkomstig die religieuse grondmotief wat sy lewe ten grondslag lê. Hierdie religieuse grondmotief bepaal dan ook die lewens- en wêreldbeskouing wat ñ persoon, gesin of gemeenskap handhaaf.

### 2.2.3.2 Opvoeding deur die gesin is lewensbeskoulik

Die gesin openbaar ŉ bepaalde lewens- en wêreldbeskouing of lewensopvatting wat deur die volwassenes aan die kinders voorgehou word. Die opvoedingsbemoeienis van die ouer met die kind is dus altyd lewensbeskoulik gekleurd (Van der Walt, 1983(b):33). ŉ Lewens- en wêreldbeskouing is gefundeer in die volgende kenmerke (Van der Walt, 1983(b):38-39):

* Dit bestaan uit ŉ aantal basiese oortuigings in verband met God (afgod), mens en wêreld in hul besondere samelewing.

* Dit is ŉ historiese verskynsel wat deur ouers se opvoeding aan hul kinders oorgedra word en ook oorgeplant word van een geslag na die ander.

* Dit is gemeenskapsoortuiging.

* Dit is nooit volkome nie, wat daarop dui dat ŉ lewensopvatting, getrou aan sy beginsels, kan groei en verander en gevolglik nooit finaal voltooi is nie.

* Dit is dikwels nie ŉ bewuste aangeleentheid nie. Dit vorm deel van die hartstoerusting van die mens.

* Dit word binne die verskillende samelewingsverbande gevorm deur middel van gewoontevorming. Goeie gewoontes het bepaalde optredes tot gevolg en vestig uiteindelik bepaalde oortuigings by die kind.

Waar die lewens- en wêreldbeskouing dan ŉ verwysingsraamwerk is waarbinne die ouer sy kind opvoed en ook wil laat opvoed, volg dit noodwendig dat die ouer betrokke wil wees en moet wees by die opvoeding en onderrig van sy kind deur sekondêre samelewingsverbande,(i.c. skool). Van Loggerenberg (1983:21) meld in hierdie verband dat die verantwoordelikhede van die onderwyser nooit die lewensbeskoulike karakter van die ouerhuis mag aantas nie. ŉ Harmonieuse kontinuïteit behoort te heers tussen die opvoedingshandelinge van die huisgesin en die skool. Om dit te bewerkstellig behoort die onderwyser alles wat van die ouerhuis se kant gedoen word opvoedkundig te evalueer en reg te stel en behoort die ouer alles wat van die onderwyser se kant af gedoen word lewensbeskoulik te evalueer en reg te stel (Van Loggerenberg, ibid.).

#### 2.2.3.3 **Gesinslewe verskaf geborgenheid**

Die gesinslewe verskaf ŉ basis vanwaar die kind hom kan waag aan die toekoms. Met ŉ gesonde gesinslewe as anker, kan die kind waag en verbeter sy waaghouding inderdaad. Die kind moet nooit los van die opvoeder (i.c. ouer) gesien word nie, maar hy moet juis saam met die ouer waag. Wanneer die kind sy gesin belewe as ŉ plek waar hy veilig voel, belewe hy geborgenheid. Die gesin is dan ŉ plek waar hy as mens aanvaar word en waar hy geborgenheid ervaar (Landman, 1972:44-45). Die feit dat lede van die huisgesin mekaar liefhet en aanvaar bied aan hulle veiligheid, geborgenheid, beskerming en sekuriteit. Die huisgesin bied dus aan die kind(ers) die onontbeerlike sekuriteit, vastigheid of sekerheid om dit buite die veiligheid en vastigheid van die gesin te waag en ŉ onbekende terrein (byvoorbeeld die skool) te betree en te verken (Barnard, 1982(a):5).

Hoffman (1978:75) stel dit vanuit ŉ sosiaal-pedagogiese vertrekpunt dat die kind ook sosiale sekerheid (omgangs-

vertroue) in die gesin wil ervaar. Die kind wil dus as persoon aanvaar word en wil met vrymoedigheid met die ander gesinslede verkeer, want dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling van ꞌn ewewigtige persoonlikheid en ook vir die ontwikkeling van ꞌn gevoel van veiligheid, geborgenheid, aanvaarding, selfvertroue en eiewaarde.

#### 2.2.3.4 **Kenmerke van die gesin**

Benewens die feit dat ouers hul kinders vanuit ꞌn eie lewens- en wêreldbeskouing opvoed, is die volgende kenmerke ook eie aan die gesinsaard (Van Schalkwyk, 1986:184-186):

* Die gesin is ꞌn liefdesgemeenskap.

Die gesinslede onderling vorm gesamentlik ꞌn hegte intieme liefdesgemeenskap. Die gesin as liefdesgemeenskap is uniek na sy samestelling, aard en doel. Sonder die band van liefde wat die gesinslede onderling verbind, kan daar nie sprake wees van ꞌn liefdesgemeenskap nie, maar slegs van ꞌn gemeenskap.

* Die gesin is ꞌn eenheidsgemeenskap.

Die verskillende lede van die gesin word deur die liefdesband saamgebind tot ꞌn eenheid wat as sodanig in hul samelewing kan werk en dien. Die ware gesin word ook daaraan gekenmerk dat die lede daarvan saamwoon, -leef, -doen, -voel, -glo en -streef (Barnard, 1982(a):5).

Die kind is voorts aangewys op die ouer van wie hy sy idee van volwassenheid kry. Indien die eenheid van die gesin

verbreek is, byvoorbeeld deur egskeiding of dood, gaan soek hy dikwels ander mense met wie hy verhoudinge kan stig (Botha, 1977:41).

* Die gesin skep ŉ vormingsgemeenskap.

Die gesin as ŉ eenheid, gebind deur die liefdesband, verskaf die ideale gemeenskap waar die verskillende lede mekaar onderling kan vorm en slyp. Deur intieme verkeer, geestelike ontmoeting en behoorlike kommunikasie word die lede onderling geoefen en gevorm vir die eise van die lewe.

* Die gesin is ŉ versorgingsgemeenskap.

As sorgbehoewendes is die kinders op hul ouers aangewese vir die versorging van hul liggaamlike en geestelike behoeftes. Hoe jonger die kind hoe meer afhanklik is hy van sy ouers se liefdevolle versorgingsgemeenskap.

### 2.2.4 Die verband tussen skool en huisgesin

#### 2.2.4.1 Inleidende opmerking

Die kontak tussen skool en huisgesin is sterk juridies gefundeer, deurdat die staat die ouer verplig om sy kind formele onderrig te laat ondergaan (Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (70/1988): artikel 53). As gehoorsame burger is dit dus die ouer se plig om sy kind skool toe te stuur. Die ouer is die primêre en natuurlike opvoeder van die kind en mag nie hierdie verantwoordelikheid van hom afskuif nie. Barnard (1986:7) beklemtoon die feit dat kinderopvoeding in resente tye meer kompleks geword het. As

gevolg van ontwikkeling en spesialisering op alle terreine van die samelewing het die ouer behoefte aan kundige (professionele) hulp vir sy kind. Vir hierdie kundige hulp is die skool deur die ouer in aansyn geroep. Van der Walt (1983(a):20) meen dit is gevolglik te begrype dat die ouer besonder belang sal stel in die kind op skool en in die skool in die algemeen. Indien die teendeel waar is, sal dit inderdaad daarop neerkom dat die ouer sy opvoedingsverantwoordelikheid in totaal op die skool afskuif en sy doopbelofte nie gestand doen nie.

Die kompleksiteit van die moderne wêreld bring mee dat die kind meer en meer op die steun van die volwassene staatmaak (Comer, 1986:442). Ouer en onderwyser sal dus moet saamspan om opvoedende onderwys tot sy reg te laat kom. Dus mag die skool nie die ouer sy verantwoordelikheid tot betrokkenheid by en inspraak in opvoedende onderwysaangeleenthede ontsê nie. Die ouer aan die ander kant moet waak om nie op die professionele terrein van die onderwyser te oortree nie. Die ideaal sou wees dat ŉ vennootskap tussen skool en huisgesin sal bestaan wat geskoei is op wedersydse begrip vir en kennis van elke vennoot se verwagtinge en behoeftes. Barnard (1982(b):7) beklemtoon ook die belangrikheid van skakeling tussen skool en gesin ten einde kontinuïteit tussen gesinsopvoeding en die opvoedende onderwys van die skool te bewaar. Harmonieuse samewerking tussen die twee samelewingsverbande vrywaar die kind teen innerlike konflik en verwarring. Skakeling, koördinasie en samewerking tussen onderwysers en ouers as bondgenote op persoonlike vlak sowel as deur middel van ouerliggame/ -verenigings, moet dus doelgerig nagestreef en bevorder word. Indien toereikende ouerbetrokkenheid bewerkstellig kan word, kan die onderwysers groter duidelikheid kry ten opsigte van die verwagtinge wat ouers van die skool koester en kan die onderwysers húl verwagtinge met betrekking tot die onderwys duidelik aan die ouers oordra (Clase, 1985:5-7).

Die vraag kan vervolgens met reg gevra word of die onbetrokkenheid van vele ouers by die opvoedende onderwysprogram van hul kinders nie daaraan te wyte is dat hulle hul kontak met die skool as onsinvol belewe nie.

### 2.2.4.2 **Die gesin se verwagtinge van die skool**

Hoewel die skool nie die taak van die ouerhuis kan oorneem nie, het die skool ŉ groot aandeel in die begeleiding van die onvolwasse kind na volwassewording. Aangesien die opvoeding en onderwys primêr die verantwoordelikheid van die ouers is, is ouerseggenskap in die onderwys ŉ onvervreembare beginsel in die vennootskap tussen skool en huisgesin. Dus volg dit logies dat ouers sekere verwagtinge van die skool sal koester. Volgens Van Schalkwyk (1986:221-222) kan die volgende eise deur die ouer aan die skool gestel word:

* dat sy kind gedifferensieerd volgens sy vermoëns en aanleg (of gestremdhede) onderrig word;

* dat die onderwyspeil hoog genoeg moet wees sodat die kind se moontlikhede maksimaal ontsluit word;

* dat die gesin se besondere kulturele waardes soos byvoorbeeld nasionale of volksonderwys gerespekteer en bevorder sal word;

* dat reg en geregtigheid in die onderwys van sy kind sal geskied;

* dat die tipe onderwys wat die kind ontvang sal voldoen aan die ouer en kind se beroepsverwagtinge, met ander woorde dat hy daardeur h geskikte werkgeleentheid sal bekom.

Van Loggerenberg en Jooste (1978:101-102) meld dat ouers onder andere die volgende eise aan die skool kan stel:

* Die onderwys moet voortbou op dieselfde gees en rigting as dié van die ouerhuis.

* Die ouerlike lewens- en wêreldbeskouing moet by die skool verder vasgelê word en die leerinhoude en onderwysmetodes moet hierby aansluiting vind.

* Die onderwys moet Christelik-nasionaal en vormend vir burgerskap wees.

Veral die Christen-Afrikanerouer beklemtoon bogenoemde vereistes in die besonder. Ouers stel hoë eise aan die onderwysers wat by die opvoedende onderwys van hul kinders betrokke is. Hulle verwag onder andere dat skoolonderrig van die hoogste standaard moet getuig en dat onderwysers toeganklik en beskikbaar moet wees wanneer ouers en leerlinge hulp en ondersteuning verlang. Onderwysers moet h voorbeeld wees van die soort volwassene wat die ouer vir sy kind antisipeer. Daar word ook van onderwysers verwag om nooit die vertrouensposisie wat hulle geniet, in welke opsig ookal, te misbruik nie (Nell, 1982:14). Ouers huldig ook die siening dat hulle nie deur die onderwysers vir hul kinders se mislukkings geblameer wil word nie. Hulle maak ook aanspraak op eerlike, resente en akkurate inligting ten opsigte van hul kinders se vordering. Clase (1985:7) meld

dat ouers ook van die skool verlang om geleenthede te skep waar ouers onderling oor sake van opvoedkundige aard met mekaar kan kommunikeer. Die onderwyser se rol in die bevordering van ouerbetrokkenheid mag nie gering geag word nie. Clase (1985:7) poneer dat ouers hulself tuis voel by skole waar daar -

* hoë standaarde van onderrig is,

* dissipline en respek vir onderwysers is,

* goeie kommunikasie tussen ouers en onderwysers is en waar onderwysers werklik beskikbaar is vir ouers,

* geleentheid vir ouers is om mekaar te leer ken,

* deur die skool ŉ hoë premie geplaas word op kontak met ouers as ŉ groep, maar ook met individuele ouers.

Dit is duidelik dat die skoolhoof en sy bestuur beslis sal moet beplan ten aansien van ouerbetrokkenheid en praktiese handelswyses sal moet ontwerp om ouerbetrokkenheid sinvol te verwerklik. In dié verband word onder andere gedink aan die verbetering van aspekte soos kommunikasie met ouers (kyk 3.3.4.6), verslag aan ouers en bewerkstelliging van optimum gesindhede tussen skool en ouerhuis.

### 2.2.4.3 Die skool se verwagtinge van die huisgesin

Die skool met sy besondere taak van opvoedende onderwys en wat hierdie taak in noue samewerking met die ouerhuis moet verrig, koester ook sekere verwagtinge van die huisgesin.

Liebenberg (1985:136-138) beklemtoon die volgende verwagtinge wat die skool van sy ouers kan koester:

* Ouers behoort ŉ gedissiplineerde kind skool toe sal stuur.

* Ouers behoort na buite positief teenoor die skool te wees en hul probleme by die onderwysers uit te klaar.

* Ouers behoort geen onrealistiese verwagtinge ten opsigte van hul kinders se sport- en akademiese prestasies te koester nie.

* Ouers moet toesien dat kinders hul skool se aktiwiteite ondersteun.

* Die skool moet finansieel deur die ouers ondersteun word ten einde sy talryke geldelike verpligtinge na te kom.

* Ouerhuise moet op stewige fondamente gebou wees ten einde vir die kind as ŉ verwysingsraamwerk te kan dien vir sy eie latere suksesvolle gesinslewe.

Nell (1982:14) is met reg van mening dat, gesien vanuit die vennootskapsgedagte, onderwysers van ouers kan verwag om nie alle verantwoordelikheid vir opvoedende onderwys op die skouers van onderwysers te plaas nie. Onderwysers moet ook nie as huurlinge van ouers gesien word nie, maar as spesialiste op hul gebied.

Aangesien ouer en onderwyser wedersyds verwagtinge van mekaar koester wat betref die begeleiding van die onvolwasse kind na volwassenheid, is dit noodsaaklik dat ŉ program van aksie daargestel word deur belanghebbende persone (opvoedkundiges en welmenende ouers) om sinvolle ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys te bewerkstellig. Skole en ouerliggame sal dus saam moet beplan aan ŉ program van ouerbetrokkenheid wat vir die kinders wat ter sprake is tot voordeel sal strek. By die samestelling van voorgemelde program moet die beginsel van soewereiniteit in eie kring van alle betrokkenes voortdurend in gedagte gehou word.

By ŉ besinning oor die inhoud van ŉ program vir ouerbetrokkenheid behoort ouers en onderwysers introspeksie te hou wat betref hul kwaliteit betrokkenheid of bydrae tot die volwassewording van die kind.

Zwick en Duff (1978:128) sluit by hierdie gedagte aan en identifiseer sekere aspekte waaraan onderwysers en ouers aandag behoort te gee.

** Onderwysers behoort aandag te gee aan onderstaande aspekte:

* die akademiese vordering van die leerlinge en hul sosialisering;

* kundigheid van ouers aangaande die funksionering van die skool wat betref klaskamerpraktyk, onderrigaangeleenthede en ander skoolaktiwiteite;

* kenmerkende eienskappe van die leefwyse van die ouergemeenskap waarby onder andere ingesluit is die norme en waardes wat vir sodanige ouergemeenskap geld.

** Ouers behoort te besin oor aspekte soos:

* hul kwaliteit ouerskap en wat hulle kan doen om beter ouers te wees;

* die kwaliteit van hul betrokkenheid by hul kind(ers) tuis en by die skool;

* tyd wat tot hul beskikking is om op ŉ kontinue basis by ŉ ouerbetrokkenheidsprogram in te skakel;

* kennis van die totaliteit van die skool waar die kind formele onderrig ontvang;

* die doeltreffendste wyse waarop betrokkenheid by die skool se opvoedkundige program bewerkstellig kan word.

Liebenberg (1985:137) beklemtoon die kompleksiteit van omstandighede waarin die moderne skool sy taak moet verrig.

Botsende belange tussen skool en huis skep konflik by die volwassewordende kind. Dié konflik kan uitgeskakel word indien ŉ gees van ware vennootskap tussen skool en ouerhuis kan funksioneer. Nell (1982:14) beklemtoon ook die feit dat misverstande tussen ouers en onderwyser spanning by die kind veroorsaak wat op sigself nie bevorderlik vir akademiese prestasie is nie.

## 2.3 DIE HUISGESIN EN DIE SKOOL AS AFSONDERLIKE SAMELEWINGSVERBANDE

### 2.3.1 Inleidende opmerking

Primêre samelewingsverbande soos die huisgesin, volk en staat is deur God self ingestel om in die basiese behoeftes van die individu of gemeenskap te voorsien. (Barnard, 1984:189).

Namate samelewings met hul eiesoortige behoeftes ontwikkel, ontstaan daar Godgewilde sekondêre samelewingsverbande met eiesoortige strukture en funksies wat deur die mens in die lewe geroep word met die oog op die bereiking van ŉ bepaalde doel (bv. die skool of ŉ politieke party). Barnard (ibid.) stel dit voorts dat sekondêre samelewingsverbande óf gemeenskapstrukture met ŉ bepaalde gesagstruktuur ontstaan wanneer mense hulle in bepaalde verbande of strukture organiseer om in ŉ bepaalde behoefte te voorsien of met die oog op die bereiking van bepaalde doelstellings. Die skool as kultuurproduk het ontstaan deurdat ouers van ŉ bepaalde kultuurgemeenskap die behoefte daartoe gehad het dat gespesialiseerde kennis en vaardighede aan hul kinders oorgedra word.

Ofskoon verskeie samelewingsverbande die kind begelei en ondersteun op sy pad na volwassenheid is dit die huisgesin en die skool wat die meeste opvoedingsbemoeienis met die kind maak (Schoeman, 1983:125). Die huis en skool is duidelik afsonderlike samelewingsverbande. Elkeen het ŉ eiesoortige taak met betrekking tot die opvoeding en onderwys.

### 2.3.2 Die huisgesin as samelewingsverband

Die gesin is die primêre milieu of omgewing vanwaar die kind die res van sy wêreld kan verken en verower (Van der Stoep en Van der Stoep, 1968:20). Dit is in die gesinslewe waar hy die waagmoed ontwikkel om die groter werklikheid buite die gesinslewe te ondersoek.

Die gesin is nie gestruktureer om die kind volledig en in al sy hoedanighede te ontsluit nie, maar bly steeds primêr verantwoordelik vir wat van sy nie-volwasse lede word. Gevolglik bly die gesin betrokke by die formele onderwys en kan hy hom as samelewingsverband nie losmaak van die skool nie (Badenhorst, 1986:111).

Die ouer het seggenskap oor sy kind en oefen dus gesag uit oor die kinders wat aan sy sorg toevertrou is. Stone (1974:87) poneer dat die ouer hierdie seggenskap verkry op grond van die struktuurtipe van die gesin.

Waar die opvoeding van die kind buite huislike verband voortgesit word deur ander samelewingsverbande, bring dit mee dat die ouer medeseggenskap wil hê in die aktiwiteite van hierdie ander samelewingsverband (i.c. skool). Die seggenskap wat die gesin oor die kind het, plaas ook die verantwoordelikheid van opvoeding op die huisgesin as

samelewingsverband. Die kompleksiteit van die hedendaagse samelewing hou in dat die ouer meer van sy opvoedingsverantwoordelikheid te wete sal moet kom sodat die kind nie intuïtief en op gevoel opgevoed word nie (Van der Walt, 1983(b):25).

Opvoeding in die huisgesin het ŉ eie unieke en onherleibare aard. Hierdie opvoeding word gekenmerk deur ŉ ouer-kind-verhouding wat berus op ŉ onderlinge vertroue en geloof in mekaar se goedgesindheid en toegeneentheid. Van der Walt et al. (1983:255) wys ook daarop dat die opvoeding in die huisgesin nie deur enige ander vorm van opvoeding vervang kan word nie. Die basiese ouer-kind-verhouding wat op bloedbande en troubande gegrond is, ontbreek by die opvoeding van ander samelewingsverbande. Dus kan die ware opvoedingstaak van die huisgesin as samelewingsverband nie met sukses deur ander samelewingsverbande oorgeneem word nie. Gevolglik kan daar nooit sprake wees van ŉ plaasvervanger vir die opvoeding van die huisgesin nie.

### 2.3.3 Die skool as samelewingsverband

Die skool word gedefinieer as ŉ onderwysgekwalifiseerde gemeenskapstruktuur. In aansluiting hierby beskryf Van Schalkwyk (1981:89) ŉ skool as ŉ samelewings- en kultuurvervlegte verband, ŉ onderrig- en leerplek met ŉ eie besondere vryheid wat op ŉ eiesoortige geadministreerde en versnelde wyse doeltreffend en doelgerig leerlinge pedagogies onder leiding van beroepsopvoeders aan die hand van leerstof ontsluit.

Stone (1974:90-91) benadruk die feit dat die skool ŉ eiesoortige samelewingsverband is, met vryheid in eie bevoegdheid. Hy toon verder aan dat die skool van ander

samelewingsverbande (waarin ook opvoeding kan geskied) verskil in dié opsig dat die skool 'n opvoedingsverband is terwyl die kerk 'n geloofsverband, die huis 'n etiese en die staat 'n juridiese verband is.

Die skool as samelewingsverband streef opvoedende onderwys na. Barnard (1984:193) verwys na Christelike opvoedende onderwys as egte en ware onderwys omdat dit opvoedende onderwys nastreef. Hy toon ook aan dat die skool 'n dubbele ontsluitingsfunksie het. Deur middel van onderwys word die kind se onontslote funksies en moontlikhede enersyds ontsluit vir die wêreld en andersyds word die geskape werklikheid met al sy aspekte vir die kind ontsluit.

As 'n samelewingsverband is die skool tot diens van die ouergemeenskap beskikbaar en ouers moet dus aangemoedig word om in 'n gees van vennootskap betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool ten einde hul kultuuropdrag behoorlik uit te voer. Wat betref samewerking tussen skool en gesin onderskei Van Wyk (1987:70-71) tussen die optrede van ouers in georganiseerde verband en die optrede van individuele ouers. Georganiseerde samewerking tussen onderwysers, ouers en onderwysowerhede vind neerslag in:

* statutêre organisasies soos bestuursrade by skole;

* nie-statutêre ouerverenigings soos die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO).

Die sukses van samewerking en vennootskap tussen ouers en onderwysers hang grootliks af daarvan of die verskillende partye mekaar se gesagsterreine erken en eerbiedig. Skool en huisgesin het elkeen sy eie unieke taak en daar moet met

Van Schalkwyk (1981:89) saamgestem word dat die skool nooit beskou moet word as ŉ verlengstuk of plaasvervanger van die huisgesin nie. Hiermee saam vestig Van Wyk (1975:35-75) die aandag daarop dat geen ander samelewingsverband oor die skool mag heers nie. Samevattend kan dit gestel word dat drie elemente of groepe mense die skool vorm, naamlik huisgesinne, onderwyserskorps en leerlinge (Barnard, 1984:193). Om sy taak na behore uit te voer, funksioneer die skool in vervlegting met ander samelewingsverbande en veral met die huisgesin.

## 2.4 JURIDIESE BEGRONDING VIR OUERBETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS

### 2.4.1 Inleidende opmerking

Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys berus nie net op die feit dat die ouer vanweë sy ouerskap by die kind se opvoeding en onderwys betrokke moet wees nie, maar ook van owerheidsweë word verwag dat ouers betrokke sal raak by die aktiwiteite en bestuur van die skool. Ouerseggenskap oor en -inspraak in skoolbestuur is dan ook deur wetgewing bepaal soos later sal blyk (kyk 2.4.3). Maree (1986:9) dui aan dat die ouers verplig is om inspraak, raad- en oorlegpleging te hê en medeverantwoordelikheid te aanvaar vir hul kinders se onderwysvoorsiening. Hierdie verpligting rus op die skouers van die ouers, enersyds vanweë die feit dat hulle verbondsouers is volgens die doopbelofte en andersyds op grond van hul wetlike aanspreeklikheid om hul kinders te versorg. Indien die ouer aanspreeklikheid vir sy kind se opvoeding en onderwys aanvaar, moet hy inspraak kry in die kind se onderwysvoorsiening. Onlangse onderwyswetgewing naamlik die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (76/1984) maak voorsiening vir ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys en ouers se regte, pligte en verantwoordelikhede word in breë trekke hierin uitgestippel. Verdere ver-

fyning van hierdie verantwoordelikhede sal in die toekoms gedoen moet word deur sowel onderwyskundiges as deur kundige ouers.

Met die instelling van die Transvaalse Onderwysraad op 31 Augustus 1987, het ouerliggame verdere inspraak in onderwysaangeleenthede gekry deurdat die georganiseerde ouergemeenskap ook in hierdie raad dien in adviserende hoedanigheid. Clase (1987:4) verwys na die feit dat die owerheid sy besluitneming en wetgewing graag wil baseer op weldeurdagte advies. Hierdie is slegs een voorbeeld van die afwenteling van gesag na plaaslike vlak sover dit ouerbetrokkenheid by skoolbestuur aangaan.

### 2.4.2 Devolusie van gesag

In verband met die strukturering van onderwysbestuur op die derde owerheidsvlak (plaaslike vlak) word dit in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (RSA, 1983:18) gestel, dat die grootste mate van outonomie, wat versoenbaar is met die ordelike voorsiening van onderwys en die beweging na pariteit, op skoolvlak verleen moet word. Meyer (1984:3) beklemtoon ook dat die Regering die wenslikheid van verteenwoordigende ouerliggame op plaaslike onderwysbestuursvlak aanvaar tesame met devolusie van besluitneming na hierdie ouerliggame. Terblanche (1987:7) wys daarop dat die staat met die beleid van vennootskap in die onderwys sekere verantwoordelikhede devolueer na sy vennote op plaaslike vlak. Hy beklemtoon die belangrike rol wat die georganiseerde ouergemeenskap as ȟ raadplegingsmeganisme vir die Departement van Onderwys en Kultuur speel.

Die funksies en pligte van beheerstrukture op plaaslike vlak van onderwysbestuur soos beskryf in onderwyswetgewing en

-ordonnansies behoort verdere verfyning en presisering te ondergaan. Maree (1986:14) poneer dan ook dat insprake deur georganiseerde ouerliggame of die georganiseerde onderwysprofessie van nul en gener waarde is as die kriteria waaraan hierdie liggame moet voldoen nie uitgestippel word nie. Die beginsel van gesagsdevolusie soos vervat in die Grondwet (110/1983) het volgens Van Wyk (1986:132) die instelling van ȟ drievlakmodel vir onderwysbestuur moontlik gemaak. In die Witskrif oor Onderwysvoorsiening (RSA, 1983:2) word dit duidelik gestel dat die sentralisering van gesag kan lei tot onpersoonlikheid, onbetrokkenheid en ondoeltreffendheid in die administrasie van onderwys. Gevolglik is die sterk mate van sentralisasie uitgeskakel deur die afwenteling van gesag in die hande van onderwysvennote van die staat soos onder andere die georganiseerde ouergemeenskap (TAO) wat tans inspraak het op alle vlakke van onderwysbestuur (Van Wyk, 1986:132).

### 2.4.3 Onderwyswetgewing as grondslag vir ouerbetrokkenheid

Ouerbetrokkenheid wat in statutêre en nie-statutêre ouerliggame figureer is tans ȟ voldonge feit. Daar moet op gelet word dat wetgewing as sodanig nie die absolute basis is vir die bestaan van ȟ onderwysstelsel nie, aangesien onderwysaktiwiteite kan plaasvind sonder die bestaan van enige wette. ȟ Onderwyswet maak egter die onderwysbeleid van ȟ gemeenskap van krag (Van Schalkwyk, 1986:72).

Die onderwysbeleid vir blankes in die Republiek van Suid-Afrika kry juridiese beslag deur middel van die volgende beleidstukke:

* die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid soos gewysig, (Wet 39 van 1967);

* die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983;

* die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983. (Wet 110 van 1983);

* die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (Wet 76 van 1984);

* die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet 70 van 1988).

Verdere verfyning van bogemelde breë beleidsbepaling word in Transvaal hoofsaaklik gedoen deur middel van:

* Die Transvaalse Onderwysordonnansie 1953 (Ordonnansie no. 29 van 1953, soos gewysig; waar daar verder in die hoofstuk na hierdie Ordonnansie verwys word, sal gebruik gemaak word van die amptelike kort titel, naamlik Onderwysordonnansie);

* Onderwysregulasies (Ordonnansie 29 van 1953, Transvaal; daar sal verder in die hoofstuk slegs na Onderwysregulasie(s) verwys word);

* verskeie handleidings, onder andere die Handleiding vir algemene Skoolorganisasie;

* omsendbriewe en omsendminute.

Die volgende bepalings in die onderskeie wette bevestig ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys:

* Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, (39/1967) bepaal in artikel 2(1)(h) dat daar aan die ouergemeenskap ʼn plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van oueronderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op ʼn ander wyse.

* Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (110/1983) verleen ook erkenning aan ouerbetrokkenheid by die onderwysaangeleenthede van hul kinders. In artikels 14 en 15 word onderskeid gemaak tussen eie en algemene sake. Met eie sake word bedoel daardie aspekte wat spesifiek of afsonderlik eie is aan ʼn bevolkingsgroep se identiteit en kultuur. In Bylae 1 tot die Grondwet (110/1983:71) word die onderwys spesifiek as ʼn eie saak geklassifiseer.

Van Wyk (1986:131) wys daarop dat, wat onderwysaangeleenthede betref, die Grondwet gesien behoort te word teen die agtergrond van die volgende dokumente:

* RGN-verslag: Onderwysvoorsiening in die RSA;

* die regering se tussentydse memorandum van 1981 ten opsigte van voorgenoemde ondersoek en die

* Witskrif oor onderwysvoorsiening, 1983.

Nuwe onderwyswetgewing wat sedert die huidige Grondwet (110/1983) opgestel is, het talle implikasies ten opsigte van ouerbetrokkenheid by en vennootskaplike optrede in opvoedende onderwys. Ouers en onderwysers behoort hiervan op hoogte te wees aangesien hulle by die implementering daarvan betrokke is. Die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983) lig die volgende beginsels uit as vertrekpunte waarop ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys behoort te berus en verleen hiermee positiewe erkenning aan die gedagte van sodanige ouerbetrokkenheid (RSA, 1983:3):

* Beginsel 2:

  Erkenning word verleen aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en die tale van die inwoners.

  Beginsel 3:

  Die keusevryheid van individuele ouers en organisasies in die samelewing word eerbiedig.

  Beginsel 6:

  Die staat aanvaar verantwoordelikheid vir onderwysvoorsiening op die formele vlak met dien verstande dat die individu, eie ouers en die georganiseerde samelewing ꞌn medeverantwoordelikheid en inspraak in hierdie verband het.

Beginsel 10:

Die professionele status van die onderwyser en dosent word erken. Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (Wet 76 van 1984) lê die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid, soos uiteengesit in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983), vas. Die elf beginsels soos aanvaar in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening (1983) word per se in artikel 2(1)(d) van hierdie Wet opgeneem en word bekragtig as onderwysbeleid in die Republiek van Suid-Afrika.

In hoofstukke 1 en 2 van die Onderwysordonnansie word die wetgewing, soos reeds genoem, verder in besonderhede gepresiseer en word amptelike erkenning van ouerinspraak in opvoedende onderwysaangeleenthede in duideliker terme verklaar. Daar word onder andere in laasgenoemde Ordonnansie verwys na verskeie rade en/of verenigings waarop die georganiseerde ouergemeenskap kan dien, naamlik:

* onderwysraad (kyk artikel 4(2));
* streekrade (kyk artikel 11);
* skoolrade (kyk artikel 23);
* bestuursrade (kyk artikel 35(1)(b)(ii));
* verteenwoordigende ouerverenigings (kyk artikel 6(h)).

Uit voorgaande is dit duidelik dat ouerbetrokkenheid by en -inspraak in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel juridies beslag gekry het en van owerheidsweë amptelike erkenning geniet. Die sukses sal afhang van die belangstelling van ouers, kundigheid van hulle kant met betrekking tot onderwysaangeleenthede sowel as 'n gesindheid vanuit ouergeledere wat op diens in belang van opvoedende onderwys gestel is en nie eie individuele belange vooropstel nie.

Barnard (1986:9) stel dit duidelik dat die verwagting dat ouers vanself sal weet wat hul verantwoordelikhede en pligte teenoor die skool moet wees te idealisties is en nie tred kan hou met die werklikheid nie. Hy beklemtoon die feit dat dit meer as ooit tevore nodig geword het dat die skoolhoof ouers se belangstelling in skoolsake so sal koördineer dat hulle 'n positiewe en daadwerklike bydrae kan lewer in belang van die kind in die besonder en die skool in die algemeen.

### 2.4.4 Bestuursrade en die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO)

#### 2.4.4.1 Inleidende opmerking

Sinvolle en georganiseerde ouerbetrokkenheid kan slegs bydra tot optimum geleentheid vir die opvoeding en onderwys van die nie-volwassene. Georganiseerde en gestruktureerde ouerinspraak en -seggenskap word in Transvaal vergestalt deur bestuursrade as statutêre ouerliggame en onder andere die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as 'n nie-statutêre ouerliggaam (Kruger, 1987:197). Die TAO geniet amptelike erkenning van owerheidsweë vanaf 17 Junie 1985 (Kruger, 1989(a):4).

Bestuursrade en ouerliggame soos die TAO dien as knoopstrukture tussen die ouerhuis as primêre samelewingsverband en die skool as ǹ sekondêre samelewingsverband. Die samewerking tussen huis en skool kan suksesvol wees indien dit op die basis van ǹ ware vennootskap geskoei kan word waar die vennote onderling vertroue in mekaar het. Om as vennote vertroue in mekaar te hê, beteken onder andere dat elkeen die eise van die vennootskap sal begryp en mekaar as vennote, en nie as opponente nie, sal aanvaar (Kruger, 1987:190).

Van Wyk (1987:71) dui aan dat die ouergemeenskap in die nuwe onderwysbedeling as volwaardige onderwysvennoot erken word, deurdat ouers betrokke is by alle fasette van die onderwys, naamlik wetgewing, bestuur en die operasionalisering daarvan. Ouers se samewerking geskied op plaaslike, streeks- en nasionale vlakke.

Vervolgens sal die bestuursraad as statutêre ouerliggaam en die TAO as nie-statutêre ouerliggaam onder die loep geneem word.

### 2.4.4.2 Bestuursrade as statutêre ouerliggame

Die bestuursraad van ǹ skool is ǹ statutêre ouerliggaam aangesien dit as ǹ ouer-liggaam per se by wyse van wetgewing in die lewe geroep is. Volgens wetgewing het die bestuursraad gesag om bepaalde bestuurshandelinge op skoolvlak te verrig. Van Wyk (1987:36) stel dit dat gesag wat op hierdie wyse toegeken word, bekend staan as statutêre gesag. Artikel 2(1)(vi) van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake 1984 (76/84) verleen aan ouers ǹ medeverantwoordelikheid vir en -seggenskap in die formele onderwys van hul kinders. Artikel 33 van die Onderwysordonnansie verleen verdere pertinente erkenning aan

ouerinspraak in opvoedende onderwys deur statutêr voorsiening te maak vir die instelling van ŉ bestuursraad vir elke skool in die provinsie se jurisdiksiegebied. Verder is die bestuursraad ingevolge artikel 34 van voorgenoemde ordonnansie ŉ regspersoon wat in eie reg as eiser en verweerder kan optree.

2.4.4.2.1 **Samestelling van die bestuursraad**

Volgens artikel 35 van die Onderwysordonnansie word ŉ bestuursraad in Transvaal soos volg saamgestel:

* die hoofonderwyser van die betrokke skool; en

* agt ander lede waarvan minstens die helfte van hierdie lede ouers moet wees. (Hierdie lede verteenwoordig die ouergemeenskap en word vir ŉ tydperk van drie jaar aangestel).

Slegs vaders, moeders of persone wat voogdyskap het oor kinders wat by ŉ betrokke skool ingeskryf is, mag vir genomineerdes vir ŉ bestuursraad stem. Kandidate vir ŉ bestuursraad moet behoorlik genomineer word ingevolge die regulasies wat geld vir die verkiesing van bestuursrade soos neergelê in die Administrateurskennisgewing 1425 van 17 Julie 1985.

Na die verkiesing van ŉ bestuursraad belê die skoolhoof die eerste vergadering waar die onderskeie ampsbekleërs verkies word, naamlik ŉ voorsitter, vise-voorsitter en ŉ sekretaris (Onderwysregulasie 13). In samewerking met die skoolhoof en met goedkeuring van die ander lede van die bestuursraad, tree hierdie verkose ampsbekleërs dikwels nie-amptelik op as

ŉ dagbestuur wat na goeddunke sekere sake kan hanteer. Die voorsitter en vise-voorsitter beklee hul ampte vir ŉ tydperk van twaalf maande en is daarna herkiesbaar.

**2.4.4.2.2 Magte en pligte van die bestuursraad**

Onderstaande magte en pligte is onder andere deel van die bevoegdheidsterrein van die bestuursraad van ŉ Transvaalse skool soos bepaal deur artikel 40(1) en (2) van die Onderwysordonnansie:

* Die bestuursraad dien as amptelike spreekbuis van die ouers van ŉ betrokke skool oor sake rakende die skool en waaroor hulle jurisdiksie het.

* Die voorsiening en instandhouding van die terreine en geboue sowel as die ameublement en uitrusting van die skool is die verantwoordelikheid van die bestuursraad. Aan die hand van voorgeskrewe voorwaardes, is die bestuursraad ook verantwoordelik vir die verlening van toestemming vir die gebruik van die geboue van die skool buite skoolure.

* Die bestuursraad is verantwoordelik vir die insameling van en beheer oor skoolfondse sowel as vir alle ander gelde wat die skool van tyd tot tyd mag toeval. Om behulpsaam te wees met die vervulling van hierdie finansiële pligte stel die bestuursraad ŉ finansiële komitee saam soos voorgeskryf deur onderwysregulasies. Die skoolhoof tree op as voorsitter van die finansiële komitee.

* Die aanbeveling van onderwyspersoneel om in h permanente hoedanigheid aangestel te word, berus ook by die bestuursraad.

* Dit word in die Onderwysordonnansie baie duidelik gestel dat bemoeienis met die professionele werk van enige skool of met h onderwyser in die uitvoering van sy ampspligte buite die bevoegdheidsterrein van h bestuursraad lê.

Volgens Barnard (1982(c):2152) berus die volgende verpligtinge by h bestuursraad (ouerbeheerliggaam):

* Die bestuursraad behoort die onderwysbehoeftes en -begeertes van die plaaslike ouergemeenskap op onderwysterrein te vertolk.

* Die bestuursraad behoort die hoof en onderwysers te steun in hul professionele taak en die onderwyspersoneel se outonomie in die klaskamer te respekteer. Dit lê ook op hul terrein om die ouers aan te moedig om as vennote betrokke te wees by die opvoedende onderwystaak.

* In samewerking met die skoolhoof en onderwysers is dit die plig van die bestuursraad om medeverantwoordelik te wees vir die kurrikulum van die skool binne die breë riglyne wat die onderwysowerheid bepaal.

Samewerking tussen die bestuursraad en die onderwyspersoneel van die skool behoort in h gees van vennootskap te geskied. Landman (1987:4) meen dat hierdie vennootskap onder meer die inspraak van beide vennote in die onderwys ten opsigte van onder andere die volgende sake veronderstel:

* die aanbeveling van onderwyspersoneel met die oog op aanstelling; hiermee saam ook die verantwoordelikheid om insette te maak met betrekking tot dissiplinêre optrede;

* die bepaling van die skool se credo (etos) met inagneming van die bepalings van die nasionale onderwysbeleid;

* die voorsiening, instandhouding en verbetering van die skoolterrein, geboue en fasiliteite asook medeseggenskap oor die skoolbegroting.

Bestuursrade behoort ook met ander skole in die plaaslike gemeenskap saam te werk op gebiede van gemeenskaplike belang.

Bo en behalwe magte en pligte wat statutêr bepaal en voorgeskryf word, is daar ander verantwoordelikhede waarmee die bestuursraad die skool en die plaaslike ouergemeenskap behulpsaam kan wees, naamlik:

* Die beskikbaarstelling van lede van die bestuursraad om op komitees van die skool te dien, soos onder andere h omgewingsbewaringskomitee, sekuriteitskomitee en kultuurkomitee;

* die reël van ouerleidingseminare en -kursusse;

* die motivering van ouers om sinvol betrokke te raak by hul kinders se skoolaktiwiteite;

* die skakeling deur kommunikasiemedia met ouers asook die gemeenskap om die beeld van die skool positief uit te dra.

Ter wille van ŉ goeie verstandhouding tussen bestuursraad en onderwyspersoneel behoort die bestuursraad sy aksies en beplanning altyd met die skoolhoof te koördineer. Die vennootskap tussen die ouergemeenskap en die skool kan op dié wyse bevorder word en knelpunte kan vroeg geïdentifiseer en reggestel word.

Op die keper beskou, wil dit voorkom asof die wesenskenmerke van ŉ bestuursraad as ŉ statutêre ouerliggaam ŉ redelik formele karakter vertoon. Die magte en pligte waarvoor dit in die lewe geroep is, word wetlik voorgeskryf en volgens Landman (1987:10) bly ŉ statutêre liggaam in ŉ sekere sin altyd ŉ owerheidsbepaalde liggaam wat ŉ amptelike karakter dra. Hierteenoor vertoon nie-statutêre ouerliggame ŉ meer informele karakter. Samevattend word daar met Landman (ibid.) saamgestem dat die statutêre ouerliggaam hoofsaaklik die mondstuk van die ouer op plaaslike vlak is en dat hierdie bestuursliggaam by uitstek die fisieke verantwoordelikheid moet dra vir die welsyn van die skool.

Vervolgens sal die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as ŉ nie-statutêre ouerliggaam in oënskou geneem word.

### 2.4.4.3 Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as nie-statutêre ouerliggaam

Nie-statutêre ouerliggame het ŉ groot rol te speel as vennote in opvoedende onderwys. Aangesien nie-statutêre ouerliggame soos die TAO grootliks self hulle funksies bepaal, kan hulle wyer beding oor sake rakende onderwysaangeleenthede as statutêre ouerliggame (Landman, 1987:10). Sinvolle betrokkenheid deur ouers by die skoolaktiwiteite van hul kinders kan gekortwiek word deur streng statutêre voorskrifte met betrekking tot ouerbetrokkenheid. Die oplossing vir hierdie probleem blyk daarin te lê dat ouers hulle sal organiseer in nie-statutêre ouerorganisasies soos die TAO (Landman, ibid.).

#### 2.4.4.3.1 Samestelling van die TAO

Die TAO funksioneer op provinsiale vlak, streeksvlak en plaaslike vlak (takke) en word in dalende orde bestuur deur die algemene vergadering, Transvaalse bestuur (hoofbestuur), streekbesture en takbesture op plaaslike vlak (TAO-handleiding 1987, afd. c:3).

Die Grondwet van die TAO toon duidelik die grondslag en doel van dié ouerliggaam aan. As grondslag word die Bybel as die onfeilbare Woord van God erken en aanvaar. Die absolute soewereiniteit van God Drie-enig oor die ganse skepping en oor die hele lewe van die mens op watter terrein en in watter verband ook al, word bely. Dit word ook aanvaar dat opvoeding en onderwys onafskeidbaar van mekaar is (TAO-handleiding 1987, afd. b:1).

Die doelstellings van die TAO word in die Handleiding (ibid. afd. c:1-2) as volg beskryf:

* Christelike en Afrikanervolkseie opvoeding en onderwys op informele, nie-formele en formele onderwysvlak moet op onafhanklike wyse en op eie terrein bevorder word.


* Die Afrikaanse kultuur, taal en tradisies moet deur middel van opvoeding en onderwys op eie terrein veredel, bestendig en uitgebou word.

* Die ouer moet toegerus word vir die ouerlike opvoedingstaak.

* Die TAO moet as verteenwoordiger en spreekbuis van sy lede optree.

Lede van die TAO funksioneer in ŉ groot mate op plaaslike vlak en wel oor ŉ wye en breë terrein. Dus word die organisasie en bestuur van plaaslike takke vervolgens in oënskou geneem. Dit moet egter in gedagte gehou word dat elke plaaslike tak hom na sy eie behoeftes kan organiseer, mits sodanige organisasie nie in stryd is met die grondwet van die TAO nie. Gevolglik is dit nie moontlik om rigiede riglyne daar te stel ten opsigte van die samestelling van ŉ takbestuur nie. Die TAO-handleiding (1987, afd. e) dui deur middel van die volgende diagram aan hoe ŉ takbestuur en subkomitee op plaaslike vlak kan funksioneer:

Figuur 2.1 Voorbeeld van takbestuur en subkomitees (TAO-handleiding, afd. e:1)




Die dagbestuur word deur die ouers verkies en voorsitters van die subkomitees word gewoonlik deur die dagbestuur verkies. Die ander lede van die subkomitees kan deur die voorsitters van die betrokke komitees aangewys word. Op elke subkomitee dien ŉ onderwyser as skakel tussen die skool en die betrokke subkomitee. Dit kan ook ŉ nuttige doel dien

en gesonde kommunikasie bevorder indien ŉ lid van die bestuursraad op elk van hierdie subkomitees dien.

#### 2.4.4.3.2 **Magte en pligte van die TAO**

Die TAO-handleiding (1987, afd. c:12) verskaf riglyne aan takbesture betreffende hul magte en pligte. Elke tak moet op plaaslike vlak omsien na die belange van die ouervereniging en behoort vergaderings van sy lede en meewerkende ouers byeen te roep.

Op finansiële gebied kan die plaaslike tak gelde en heffings vorder wat deur lede verskuldig is. Bankrekenings kan geopen en bedryf word. Die tak is bevoeg om in eie naam roerende of onroerende eiendom te besit en na goeddunke daarmee te handel. Dit staan elke plaaslike tak vry om alle handelinge te verrig wat ingevolge die grondwet van die TAO aan hom gedelegeer is (ibid.).

Die struktuur van die TAO (sien figuur 2.1) dui daarop dat die ouervereniging in ŉ groot mate ŉ diensorganisasie is en dat sy doelstellings grootliks verskil van die bestuursraad as ŉ statutêre ouerliggaam. Die TAO as ŉ verteenwoordigende ouerliggaam staan in ŉ besondere verhouding van vennootskap tot die professionele personeel van ŉ skool. Dus is dit nodig dat die skoolhoof, aldus Theron en Bothma (1988:164), die meelewing van ouers in skoolsake so sal koördineer dat hulle ŉ positiewe en daadwerklike bydrae kan lewer in belang van die kind in die besonder en die skool in die algemeen.
Indien ouergemeenskap en professionele personeel in ŉ ondersteunende hoedanigheid suksesvol wil saamwerk, sal daar ŉ gees van vennootskap tussen die twee vennote moet bestaan. Die verhouding tussen die vennote kan uitgebou word indien (vergelyk Landman, 1987:2):

* die vennote dieselfde onderwys- en opvoedingsdoelwitte nastreef;

* die vennote onderling betrokke is by besluitneming op verskillende vlakke en mits elke vennoot se soewereiniteit in eie kring erken word;

* daar ŉ heen-en-weer vloei van inligting tussen die vennote is.

Om hierdie drie vereistes te laat realiseer, kan die skoolhoof se bydrae as professionele leier nie misken word nie. Die belangrike rol wat die skoolhoof speel in die aktivering van ouers tot volwaardige vennote word deur Kruger (1987:198) beklemtoon.

Bredenkamp (1987:5) maak die stelling dat die skool se taak so gekompliseerd geraak het dat dit alleenlik behoorlik vervul kan word as dit aangepak word in vennootskap met ander vennote wat belange het by die kind. Hy beklemtoon onder andere die volgende essensies vir ŉ suksesvolle vennootskap:

* Die nastrewing van ŉ gemeenskaplike doel is van uiterste belang.

* Die gemeenskaplike doel kan alleenlik bereik word as doeltreffende bestuur die aksies koördineer.

* Kommunikasie tussen vennote is nodig sodat begrip vir mekaar gevorm kan word.

* Om vennote betrokke te kry, is dit nodig dat die vennootskap aantreklik moet wees. Daar moet dus bewyse wees van ŉ wins waarin daar gedeel kan word. Die wins hier is ŉ gelukkige kind.

* Positiewe intermenslike verhoudings is noodsaaklik vir die totstandkoming en handhawing van enige vennootskap. Goeie onderlinge verhoudinge het ook as moontlikheidsvoorwaarde dat die vennote mekaar sal vertrou en respekteer. Indien ouer en onderwyser beide besef dat hul kontak en kommunikasie met mekaar altyd die opvoedende onderwysbelange van die kind ten doel het, sal beide vennote daaraan werk om ouer-onderwyserkontak meer effektief te positiveer (Postma, 1989:27).

Van Schalkwyk (1986:186-188) meld dat ouers die volgende verpligtinge het wat betref die formele onderwys van hul kinders:

* **Lewensbeskoulike kontrole van die onderwys**
  Die lewensbeskoulike norme van die ouer het implikasies vir elke lewensterrein en dus ook vir elke faset van die onderwys soos die doelstellings, beleid, inhoud, metodes, tegnieke, evaluering en bestuur daarvan.

* **Onderwysondersteuning**
  Die onderwyser moet op die ouer as vennoot kan staatmaak dat laasgenoemde sy onderrig sal ondersteun. Die ouer moet dus belangstel in die kind se akademiese en buitemuurse bedrywighede.

* **Onderwysverryking**
  Die ouer moet sy kind se formele onderwys met informele onderwys verryk deur onder andere die bybring van ekstra leesstof en leerervaringe wat verband hou met die kurrikulum van die skool.

* **Dienslewering aan die skool**
  Om onderwysers in staat te stel om meer tyd beskikbaar te hê vir hul professionele werk, behoort ouers sekere nie-professionele skooltake op hulle te neem. Ouers kan byvoorbeeld fondse insamel en sekere aktiwiteite reël en organiseer.


* **Onderwysbestuur**
  Sekere bestuurstake soos beleidsbesluite rakende kleredrag, huiswerk en buitemuurse beleid kan onderling deur die onderskeie vennote behartig word.

Die TAO geniet reeds inspraak op ŉ wye gebied wat betref opvoedende onderwys. Daar kan na die volgende rade en komitees verwys word (Kruger, 1989(a):2):

* TOR: Transvaalse Onderwysraad
* PAKAS: Provinsiale Adviserende Komitee
* PAKE: Provinsiale Adviserende Komitee vir Eksamenaangeleenthede
* PADKO: Provinsiale Adviserende Komitee insake Onderwysdienste
* PAKO: Provinsiale Adviserende Komitee insake Onderwysersopleiding
* PAKF: Provinsiale Adviserende Komitee insake geboue, terreine en fasiliteite

Onderstaande diagram toon die verskillende terreine aan op nasionale en provinsiale vlak waar die TAO reeds inspraak lewer namens sy lede.

Figuur 2.2 TAO-inspraak (Kruger, 1989(a):2).



Kruger (1989(b):14) benadruk die belangrike forum wat Provinsiale Onderwysrade (i.c.TOR) aan ouers bied waar hulle hul standpunte kan stel en bydraes kan lewer ten opsigte van die formele onderwys van hul kinders.

Ten einde die vennootskapsgedagte tussen die statutêre en nie-statutêre ouerliggame en die skool te bevorder, sal hierdie vennote nóú moet saamwerk om die belange van die kind die beste te dien. Die grense van die ouer en onderwyser se bevoegdheidsterreine is nie altyd duidelik afgebaken nie en sal dikwels oorvleuel (Kruger, 1987:189). Daar sal gevolglik verby afgebakende terreine gekyk moet word na raakvlakke waar bydraes gelewer kan word ter wille van opvoedende onderwys.

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangedui dat verskeie vennote betrokke is by opvoedende onderwys en as sodanig verantwoordelik is vir die volwassewording van die nie-volwasse kind. Die verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van die kind kan nooit in sy geheel die taak van die skool word nie, aangesien die gesin die primêre verantwoordelikheid hiervoor moet aanvaar - ook ooreenkomstig die ouer se doopbelofte.

Vervolgens is die struktuur en aard van die gesin in oënskou geneem en het dit duidelik na vore gekom dat daar geen ander samelewingsverband bestaan wat mense so intiem bymekaar bring as die huwelik en die gesin nie. Behalwe vir ń eie lewens- en wêreldbeskouing, openbaar die gesin ook sekere kenmerke wat eie is aan die gesinsaard. Die verhouding tussen skool en huisgesin het onder die loep gekom en hieruit het geblyk dat die kontak tussen huisgesin en skool sterk juridies gefundeer is deurdat die ouer sekere wetlike

verpligtinge ten opsigte van sy kind se onderwys moet nakom. Die kontak wat huisgesin en skool aldus beleef, het tot gevolg dat daar wedersydse verwagtinge onderling van mekaar gekoester word wat belangrik is vir opvoedende onderwys.

Daar is voorts gelet op die opvoedingsverantwoordelikhede van die huisgesin en die verwagtinge wat die skool van die huisgesin koester. Hoewel elkeen ŉ eiesoortige samelewingsverband is, behoort dieselfde doelstellings, naamlik opvoedende onderwys, nagestreef te word. Die bereiking van hierdie doelstellings kan slegs op georganiseerde wyse plaasvind en gevolglik is daar sin in die daarstelling van statutêre en nie-statutêre ouerliggame soos wat tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir blanke onderwys bestaan. Hiervolgens kan ouers op gestruktureerde wyse deelneem aan die onderwysaktiwiteite van hul kinders. Daar is ook aangedui dat ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys juridies begrond word en dus vanuit wetlike standpunt sy bestaansreg kan regverdig. Ten slotte is daar gelet op die samestelling, pligte en funksies van die bestuursraad as statutêre ouerliggaam en die TAO as nie-statutêre ouerliggaam.

In Hoofstuk 3 sal daar gelet word op die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot statutêre en nie-statutêre ouerliggame.

# HOOFSTUK 3

## DIE ROL EN TAAK VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME

### 3.1 INLEIDING

Skoolhoofskap is ŉ professie wat allerweë as sodanig erken moet word. Eiesoortige vereistes en bedrewenhede geld vir ŉ doeltreffende skoolhoof. Die skoolhoof beklee ŉ uitvoerende pos en is verantwoordelik vir die bestuur van die skool in sy totaliteit.

Die skoolhoof moet beskou word as bestuurder, eerder as leieronderwyser of hoofonderwyser. Hy moet onderlê wees in sowel didaktiese aangeleenthede as in bestuursvaardighede sodat hy deur verantwoordelike en verantwoordbare bestuur die doelstellings van opvoeding en onderwys kan operasionaliseer.

Die skoolhoof is ook gemeenskapsmens. Rebore (1985:262) meld dat die skoolhoof openbare verhoudingsagent is vir sy skool. Hy beklee die rol van openbare skakelbeampte en moet as't ware oral in die gemeenskap gesien word.

Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is tans ŉ aktuele aangeleentheid in die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en die rol wat die skoolhoof te speel het met betrekking tot die bevordering van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, kan nie oorbeklemtoon word nie. Ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys stel Landman (1987:12) dit dat die skoolhoof die aktiwiteite van ouerliggame professioneel moet mobiliseer, koördineer,

inspireer en beheer (vergelyk 3.3).

Die skoolhoof is die spil waarom die sukses al dan nie van die vennootskapsgedagte draai en daarom behoort die skoolhoof hom te vergewis van die besondere rol wat hy in hierdie verband te speel het (Heyns, 1986:7).

## 3.2 DIE SKOOLHOOF IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Om skoolhoof te wees behels onder meer om die lus en die tyd te hê om diensbaar te wees in die samelewing. Dit is geen geïsoleerde taak wat van agter ŉ lessenaar volbring word nie, want die onderwyser is mens tussen mense (Van Loggerenberg, 1982:4). Dit is dus vir die skoolhoof belangrik om ŉ houding en gesindheid van diensbaarheid te openbaar teenoor elke persoon wat sy onderwyspad kruis. Van Loggerenberg (ibid.) beklemtoon die belangrike bydrae wat veral skoolhoofde in die gemeenskapslewe maak op onder andere die terrein van die kerkraad, stadsraad, sportklubs en kultuurliggame. Dit ly dus geen twyfel nie dat die skoolhoof in diens staan van die gemeenskap waarin hy dien. Hy moet homself beskikbaar stel en geredelik beskikbaar wees wanneer die gemeenskap sy dienste benodig. Terselfdertyd moet die skoolhoof daarteen waak dat gemeenskapsaansprake nie sy taak by die skool benadeel nie. Waar die skoolhoof dus enersyds <u>gemeenskapsbesit</u> is, moet dit duidelik gestel word dat hy nie <u>slaaf</u> van die gemeenskap is nie.

Hines en McCleary (1980:70) meen: "effective principals generally read their schools and communities well". Om dit te kan doen, moet die skoolhoof ook sy gemeenskap ken. Kennis aangaande die gemeenskap stel die skoolhoof in staat om probleme/behoeftes te antisipeer. Genoegsame tyd is dan beskikbaar wat bevorderlik is vir goeie besluitneming ten opsigte van probleme. Dit is belangrik dat die skoolhoof

wat doeltreffende skoolgemeenskapsverhoudinge nastreef, vertroud sal wees met die waardes, verwagtinge, behoeftes en aspirasies van die gemeenskap waarin hy dien (Lipham en Hoeh, 1974:320). Indien die hoof vertroud is met voorgenoemde, kan hy maksimaal diensbaar wees.

Met verwysing na die rol van die skoolhoof in die gemeenskap meen Gorton (1981:74-75) dat ouers die volgende verwagtings van die skoolhoof koester:

* Hy moet goeie verhoudings met ouergroepe en die gemeenskap ontwikkel deur onder meer die volgende funksies te vervul: groepe organiseer, saam met groepe werk en die skool aan die gemeenskap bekend stel.

* Hy moet individuele ouers ken en help deur na hulle besware te luister en hulle probleme op te los, goeie verhoudings met hulle te stig en verslag aan hulle te doen ten opsigte van hul kinders se vordering in die skool.

Aangesien ouerverwagtinge van die hoof heterogeen van aard is, kan dit van waarde wees om ouers in ouerliggame te organiseer. Hierdie ouerliggame kan die uiteenlopende verwagtinge van indiwiduele ouers reduseer tot ŉ minder komplekse aard wat vir die skool hanteerbaar en moontlik uitvoerbaar is. Die skoolhoof sal sy aandeel aan die gemeenskapsaktiwiteite nie kan ontwyk sonder dat hy sy bestuursrol en die onderwys in die breë skade berokken nie. Hy is tot deelname aan gemeenskapsake gebind aangesien die skool ŉ instelling is van die ouergemeenskap en die skool ŉ samelewingswerktuig is wat die kind op metodiese wyse van die nodige lewenstoerusting moet voorsien wat hy eendag sal benodig om as volwassene in die samelewing op sy eie voete

te kan staan (Barnard, 1981:297).

## 3.3 DIE BESTUURSTAKE VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME

### 3.3.1 Inleidende opmerking

As bestuurder van die skool vervul die skoolhoof die volgende bestuurstake, naamlik beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening (Van der Westhuizen, 1986(c):129). Aangesien ouerliggame betrokke is by die aktiwiteite van die skool is dit nodig dat die skoolhoof in die bestuur van die skool rekening sal hou met die betrokkenheid van ouerliggame.

### 3.3.2 Beplanning ten opsigte van ouerliggame se aktiwiteite by die skool

Aangesien die skoolhoof aanspreeklik is (kyk 3.3.3) vir die totaliteit van gebeure by sy skool, sal hy moet beplan vir die aktiwiteite van ouerliggame wat ʼn integrale deel vorm van sy skoolbestuursopset. ʼn Skool kan kwalik behoorlik funksioneer sonder die lojale ondersteuning van sy ouers en daarmee saam sy verkose ouerliggame.

Beplanning as bestuurswerk van die skoolhoof bestaan onder andere uit die bepaling van doelstellings (vir die lang termyn), doelwitte (vir die kort termyn) en beleidmaking (Van der Westhuizen, 1986(c):138). Dit impliseer dat die skoolhoof ook ten opsigte van ouerliggame doelwitte sal moet formuleer (soos onder andere die organisering van ʼn opvoedkundige toer) en dat beleid en prosedures aan ouerliggame uitgestippel word waarbinne hulle mag

funksioneer. Dit is noodsaaklik dat hierdie beplanning skriftelik sal geskied om sodoende verwarring uit te skakel. Van der Westhuizen (1986(c):133) wys daarop dat beplanning ŉ sistematiese handeling is. Die skoolhoof se beplanning ten opsigte van die aktiwiteite van ouerliggame moet dus duidelik geformuleer word sodat dit binne bepalings van bestaande beleid kan geskied (Theron en Bothma, 1988:186).

Ten opsigte van die bestuursraad sal die skoolhoof moet beplan vir bestuursraadvergaderings, finansiële komitee-vergaderings en vir projekte wat na die skoolhoof se mening wat die aandag van die bestuursraad verg. Wat nie-statutêre ouerliggame betref, behoort die skoolhoof te beplan vir vergaderings van die dagbestuur waartydens hierdie bestuur hul eie beplanning aan die skoolhoof kan voorhou wat betref vooruitsigte en aktiwiteite vir die spesifieke skooljaar.

Tydens sodanige vergadering kan die skoolhoof sy eie doelwitte wat die behoefte van die skool weerspieël aan die ouerliggaam voorhou.

### 3.3.3 Organisering van ouerliggame se aktiwiteite

As bestuurstaak behels organisering dat ŉ organisasie-struktuur geskep sal word en dat delegering van take met die afwenteling van die nodige gesag sal plaasvind om die take ten uitvoer te bring. Die bestuursraad van die skool se samestelling (struktuur) word duidelik omskryf (kyk 2.4.4.2.1). Die TAO as nie-statutêre ouerligame funksioneer volgens ŉ voorgestelde organigram (kyk fig. 2.1).

Die skoolhoof behoort die verantwoordelikheid vir take wat op die terrein van ouerliggame lê, soos die netheid van die terrein, insameling van skoolfonds en aspekte wat verband

hou met sekuriteit (kyk 2.4.4.2.2 en 2.4.4.3.2), na hierdie liggame te delegeer. Behalwe dat die verantwoordelikheid om take af te handel gedelegeer word, moet ouerliggame ook met die nodige gesag beklee wees om take af te handel. Sover dit skoolbestuur aangaan, bly die skoolhoof primêr verantwoordelik en aanspreeklik vir die uitvoering van gedelegeerde take (Van der Westhuizen, 1986(c):164). Dit is verder belangrik dat skoolhoofde alle aktiwiteite van ouerliggame sal koördineer om verwarring te voorkom.

### 3.3.4 Leidinggewing met betrekking tot die aktiwiteite van ouerliggame

#### 3.3.4.1 Inleidende opmerking

Ware ouerbetrokkenheid by die onderwys hou in dat ouers op ŉ besondere wyse, volgens bepaalde beginsels, by alle fasette van die onderwysbestuur betrokke sal wees, naamlik by die wetgewing, bestuur en operasionalisering daarvan op alle vlakke, te wete die sentrale, streeks- en plaaslike vlakke (Van Schalkwyk, 1983:49).

Buiten beplanning en organisering as bestuurswerk met betrekking tot die aktiwiteite van ouerliggame, rus daar ook ŉ groot taak op die skouers van die skoolhoof om leiding aan ouerliggame te gee ten opsigte van hul taak in soverre dit die opvoedende onderwys raak. Motivering van ouerliggame en kommunikering met sodanige liggame behoort besondere aandag van die skoolhoof te geniet.

Om die nodige kennis te bekom ten einde hul taak doeltreffend te kan vervul, het ouerliggame as spreekbuise van ouers leiding en voorligting nodig. Sodanige kennis kan bekom word deur onder andere voorligting deur kenners,

kursusse in ouerleiding, aangebied deur tersiêre inrigtings, en deur selfstudie. Belangrik vir die doeleindes van hierdie skripsie is die voorligting en leiding wat van die skoolhoof kan uitgaan en waarin hy ŉ belangrike rol kan speel (Kruger, 1985:28).

Daar is reeds strukture soos onder andere die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) geskep waarbinne ouerbetrokkenheid binne die onderwys kan opereer (vgl. Kruger, 1989(a):1-4). Die ouer sal toegerus moet word vir die vervulling van sy taak binne hierdie strukture of ouerliggame (Kritzinger, 1984:73). Suksesvolle samewerking met ouers hang in ŉ groot mate af van die wyse waarop skoolpersoneel en spesifiek die skoolhoof ouerbelangstelling kanaliseer en benut (Ibid.:74).

### 3.3.4.2 **Doel met leiding aan ouers**

Die aanvaarding van devolusie van gesag in die onderwys impliseer ŉ strewe na groter ouerbetrokkenheid en sterker vennootskap tussen ouers en onderwysers (Stone, 1985:763). Die gesag wat hier ter sprake is, word afgewentel na ouerliggame. Kruger (1985:28) meen dat een van die hoofdoelstellings van die Afrikaanse Ouervereniging (wat beskou kan word as die moederliggaam van Afrikaanse ouerverenigings by skole) van meet af was aan om aan ouers leiding te gee ten opsigte van aspekte wat die opvoeding en onderwys van hul kinders raak. Gevolglik is die doel met leiding aan ouers altyd om ouers met meer kennis ten opsigte van hul verantwoordelikhede met betrekking tot die opvoeding van hul kinders toe te rus en is dit inderdaad dus ŉ skoling van die ouers. Dit kan dus gestel word dat die skoolhoof ŉ andragogiese rol te vervul het om ouers met die nodige kennis toe te rus vir hul taak in georganiseerde ouerverband. Leiding aan ouers moet daartoe lei dat die ouer sy rol as vennoot in die onderwys begryp en daadwerklik

poog om sy plig hierin na te kom. Hierdie leiding moet verskaf word deur ꞥ kundige persoon soos byvoorbeeld die skoolhoof. Franzen (1984:16) is van mening dat die skoolhoof ouerbetrokkenheid kan bevorder deur die regte gees vir vennootskaplikheid tussen ouers en onderwysers te ontwikkel. Goldring (1986:116) dui aan dat empiriese ondersoeke aangetoon het "that principals have a crucial role in determining the amount of and the effectiveness of parental participation." Sy toon verder aan dat die funksionering en die invloed van ouerliggame direk afhanklik is van die houding van skoolhoofde teenoor ouerliggame.

Sharrock (1970:109-116) is van mening dat ouerleiding daarop gemik moet wees om leiding aan die ouer te gee om sy kind in totaliteit op te voed en te ontwikkel (vergelyk 3.3.4.5). Aangesien die skool vir baie jare ꞥ verbintenis met ouers het, het die skoolhoof ꞥ gulde geleentheid om kennis en begrip van vele aspekte met betrekking tot opvoedende onderwys by ouers tuis te bring.

#### 3.3.4.3 **Noodsaaklikheid van leiding aan ouers**

Leiding aan ouers is om die volgende redes noodsaaklik (Kruger, 1985:28):

* Daar het die afgelope jare ꞥ onbetrokkenheid by ouers ontwikkel sover dit hul kinders se onderwys betref.

* Ouers beskik oor gebrekkige kennis van opvoedkundige sake, opvoedingsbeginsels en skoolsake in die algemeen. Hierdie tekortkominge kan deur ouerleiding reggestel word.

* ȟ Gebrek aan entoesiasme bestaan by ouers om by hul kinders se onderwys betrokke te wees. Hierdie gebrek aan entoesiasme kan onder andere die gevolg wees van gebrekkige kennis of van ȟ oorgerustheid dat die skool wel sal sorg dat alles goed gaan met die kind.

Bekwaamheid om werk op bestuursvlak te doen in ȟ beroep word onder andere verkry deur ervaring op te doen in die betrokke beroep. Belangrik egter is doelgerigte opleiding in bestuurswerk. Om ȟ bydrae op bestuursvlak van die opvoedende onderwys te kan lewer, sal dit beteken dat ouers ook die nodige opleiding/voorligting sal moet ontvang ten einde as georganiseerde ouerliggame doeltreffende bydraes tot onderwysbestuur te kan maak.

#### 3.3.4.4 **Die aard van leiding aan ouers**

Kruger (1985:28) beklemtoon die volgende punte wat in ag geneem kan word by ouerleiding:

* Leiding kan aan ouers gegee word in ȟ formele situasie deur die hoof of onderwyser, maar ook op ȟ informele wyse soos in ȟ gewone gesprek.

* Leiding kan aan groepe ouers gegee word by ȟ byeenkoms van ouers wat vir ȟ bepaalde doel gereël is.

* Die leiding kan regstreeks aangebied word (deur middel van die gesproke woord) of onregstreeks (deur middel van ȟ videoprogram, film of publikasie).

* Temas vir ouerleiding kan wissel van sake wat oor aspekte van informele opvoeding (huislike opvoeding) handel, tot temas oor die formele (skoolse) opvoeding en onderwys.

By die bepaling van doelwitte vir sy skool, moet die skoolhoof besliste aandag gee aan doelwitte wat verband hou met leiding aan ouerliggame (kyk 3.3.2).

### 3.3.4.5 **Terreine van ouerbetrokkenheid waaroor ouers-in-organisasie ingelig behoort te word**

Heyns (1986:11-13) lig die onderstaande terreine uit waarby ouers betrokke behoort te raak en waaroor ouers dus ingelig behoort te wees:

* Die bepaling van die lewens- en wêreldbeskouing van die skool.

  Die gees en rigting wat by ŉ skool heers, sluit al die terreine van die skool in, dus elke vak, sport en kultuurbedrywigheid. Heyns (ibid.) stel dit dat die vennote in skoolonderwys daarna moet strewe om die lewens- en wêreldbeskouing wat die ouergemeenskap huldig, daadwerklik te bevorder. Laasgenoemde is ŉ terrein waarop die ouer hom in die verlede selde gewaag het en waarin die ouer geskool moet word.

* Kultuuroordrag, -bewaring en -uitbouing.

  Verwarring kan deur die skool by die kind geskep word indien botsende kultuuraspekte deur

die skool vir die kind voorgehou word. Die ouer het dus ŉ evaluerings- en waaksaamheidsrol om te speel ten opsigte van die kultuuroordrag van die skool.

* Bepaling van onderwysdoelstellings in die skool.

  Die ouer moet ook ingelig wees aangaande die onderwysdoelstellings van die skool, naamlik dat die kind gelei moet word tot ŉ volle lewe met en vir sy medemens in die wêreld en tot eer van God.

Daar heers by ouers ŉ onsekerheid oor hul plek en aandeel in die opvoedende onderwys. Daar heers ook ŉ onkunde by ouers oor wat in die moderne skool gebeur (Kruger, 1987:10-11). Die ouer behoort ingelig te wees oor aangeleenthede wat die onderwys van sy kind raak, sodat hy sinvol betrokke kan wees by die opvoedende onderwysprogram van die skool.

Verdere aspekte waaroor leiding aan ouerliggame verskaf kan word is onder andere:

* juridiese aangeleenthede rakende skoolbestuur;

* finansiële aspekte met betrekking tot skoolbestuur;

* die bestuur van leerlingaktiwiteite en die opvoedende waarde van sport en ander buitemuurse skoolaktiwiteite asook die rol wat ouerliggame op hierdie gebied kan vervul;

* die bestuur van fisiese fasiliteite en die verantwoordelikheid van ouerliggame in die verband.

Van Schalkwyk (1986:251-252) beklemtoon die verantwoordelikheid wat die ouer het teenoor die volwassewording van sy skoolgaande kind. Dit impliseer dat die ouer ook ŉ verantwoordelikheid het teenoor die skool as ŉ vennoot.

Om werklik ŉ bydrae te kan maak ten opsigte van die opvoedende onderwys is dit nodig om die ouer daaroor in te lig, te adviseer, kennis en insig daaroor by hom te kweek en van hom ŉ volwaardige en bekwame vennoot te maak. Onderstaande aspekte is vir Van Schalkwyk (ibid.) terreine wat aan die ouer bekend gestel behoort te word deur middel van opleiding/voorligting:

* die onderskeie take van die skool;

* die rol en taak van die skoolhoof, departementshoof en onderwyser;

* die onderwysstelsel as ŉ organisasiestruktuur;

* die weë en strukture vir ouerinspraak;

* die ouer se regte en beperkinge in die onderwys;

* die moontlikhede vir onderwysverryking;

* die versorgingstaak van die ouer;

* medebestuursverantwoordelikhede.

Die gekompliseerde en eie aard van die nuwe onderwysbedeling maak dit vir die deursnee ouer moeilik om sy ouerverantwoordelikhede teenoor die skool na te kom. Die oplossing vir hierdie probleem lê volgens Steyn (1985:65) daarin dat ouers aktief betrokke raak by die aktiwiteite van verteenwoordigende ouerorganisasies ten einde hul eie bevoegdheid te verbeter. Professionele leiding aan ouers blyk dus noodsaaklik te wees om ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys suksesvol te laat plaasvind. Vervolgens word aandag gegee aan die skoolhoof se kommunikeringsaksie vir suksesvolle ouerbetrokkenheid.

### 3.3.4.6 **Effektiewe kommunikering as vereiste vir leiding aan ouers**

Die skool fungeer nie in isolasie nie en die skoolhoof staan in ŉ verskeidenheid verhoudinge tot persone met wie hy moet kommunikeer binne sowel as buite die skool (Barnard, 1986: 376). Vaardigheid in kommunikasie en openbare verhoudings word deur Hubley (1979:7) bepleit vir suksesvolle skoolhoofskap.

Doeltreffende ouerbetrokkenheid noodsaak by uitstek kommunikasie tussen ouerhuis en skool. Die sukses van die vennootskap tussen voorgemelde twee vennote berus grootliks daarin dat kontinue tweerigtingkommunikasie tussen hulle sal plaasvind. Lipham en Hoeh (1974:338) beklemtoon die noodsaaklikheid van tweerigtingkommunikasie tussen skool en gemeenskap aangesien die skool hom nie van die gemeenskap kan isoleer nie. Kontinue kommunikasie dien nie net as

middel om negatiewe opinies van die skool te wysig nie, maar dit versterk ook positiewe sieninge van die skool. Allen (1958:144) beskryf kommunikasie treffend in die volgende woorde: "Communication is the sum of all the things one person does when he wants to create understanding in the mind of another." (eie onderstreping) Dit is dus belangrik dat die skoolhoof sal besef dat hy deur middel van behoorlike kommunikasie die meeste misverstande tussen hom en sy medewerkers (ouers en personeel) uit die weg kan ruim (Barnard, 1981:128).

Daar word vervolgens gelet op sekere aspekte van kommunikasie tussen die skoolhoof en ouerliggame/ouerhuis.

### 3.3.4.7 **Die aard van kommunikasie**

Kommunikering is volgens Barnard (1986:377) ŉ tweerigting-handeling wat onder andere die volgende kenmerke vertoon:

* Daar is minstens twee persone betrokke, naamlik ŉ sender en ŉ ontvanger.

* Die boodskap word met ŉ bepaalde doel oorgedra.

* Die boodskap word met behulp van ŉ bepaalde medium (bv. ŉ brief) oorgedra.

* De Wet (1980:174) stel dit dat kommunikasie met ouers formeel of informeel van aard kan wees.

Tweerigtingkommunikasie word bevorder indien die skoolhoof ŉ oop-deur-beleid volg met betrekking tot ouers en ouerliggame. Die skoolhoof moet dus beskikbaar of toeganklik wees ten einde kommunikasie met ouerliggame te bevorder. Ouerliggame is die spreekbuis van ouers en moet dus vrylik geleentheid kry om kontensieuse sake met die hoof te bespreek.

### 3.3.4.8 Belangrikheid van kommunikasie tussen ouerhuis en skool

Die skoolhoof streef die volgende doelwitte na met kommunikasie tussen die skool en ouerhuis (Bernard, 1981:146):

* om die ouers van inligting te voorsien aangaande die skool;

* om by die gemeenskap vertroue in die skool te wek;

* om ondersteuning vir die skool te wek en

* om ŉ goeie gesindheid tussen skool en gemeenskap te konstitueer.

Die uiteindelike doel met kommunikasie tussen skoolhoof en ouerliggame bly steeds om die belange van die kind met betrekking tot sy volwassewording optimaal te dien. In hierdie tweerigtinggesprek moet dus daardie sake aangeraak word wat die opvoeding en onderwys van die nie-volwasse kind raak. Dit gaan dus nie om die persoonlike belange van die

skoolhoof of die ouer nie. Marx (1978:185) is van mening dat goeie kommunikasie bepalend is vir die atmosfeer en gesindheid wat in ħ organisasie (i.c. skool en ouerliggaam) heers. Doeltreffende kommunikasie tussen die skoolhoof as professionele leier en die ouergemeenskap is ħ belangrike funksie van die skoolhoof.

### 3.3.4.9 **Voorvereistes vir sinvolle kommunikasie tussen ouerhuis en skoolhoof**

Die volgende voorvereistes geld vir sinvolle kommunikasie tussen ouerhuis en onderwyspersoneel (Barnard, 1981:297):

* Kommunikasie word voltrek in ħ gesindheid van wedersydse vertroue.

  Wedersydse vertroue dui op die aanvaarding van mekaar se goeie bedoelings.

* Wedersydse respek en agting bevorder kommunikasie.

* Openhartigheid verseker dat ouer en skoolhoof (onderwyser) vrymoedigheid sal hê om die wel en weë van die kind te bespreek.

* Eerlikheid van beide partye verseker dat elke party die nodige inligting met betrekking tot die kind kry.

* Opregte en daadwerklike belangstelling in mekaar se belange bevorder kommunikasie.

Bernard (1981:139-142) beklemtoon die volgende vereistes waaraan ŉ mens moet voldoen om doeltreffend te kan kommunikeer:

* liefde vir mense;
* inagneming van die ander persoon se standpunte;
* saaklikheid;
* entoesiasme;
* gebruik van gebare as hulpmiddel;
* kommunikasie met die oë;
* om ŉ goeie luisteraar te wees;

Waar bogemelde vereistes beslis die hoof se kommunikasie met ouerliggame raak, het ouers ook ŉ verpligting teenoor die skool om ouer- en skoolkommunikasie te bevorder. Barnard (1981:298) meld dat die ouer ŉ bydrae in die verband kan lewer deur:

* simpatieke begrip te toon vir die veeleisende taak van die onderwyser;
* belangstelling te toon in die kind se skolastiese vordering en buitemuurse aktiwiteite;

* die nodige kontrole tuis namens die skool uit te oefen ten einde die kind te help om ŉ gesonde werkwyse en werkgesindheid te kweek;

* ŉ positiewe ingesteldheid teenoor geleerdheid in die algemeen en die skool in die besonder te openbaar en die kind te motiveer om sy moontlikhede optimaal te benut en te verwesenlik.

Dit is noodsaaklik dat die skoolhoof kundig in en vaardig met doeltreffende kommunikasie met ouerliggame sal wees. Sodoende kan hy ouers laat ervaar dat hulle as vennote erken word. Groter begrip en steun vir die skool sal volg indien ouers hulself as vennote sien wat opvoedende onderwys betref. Ouers kan met reg aanspraak daarop maak dat die skoolhoof met hulle kommunikeer aangesien vennote ten volle ingelig wil wees. Rowell (1981:441) stel dit duidelik dat dit die fundamentele reg van ouers is om te weet, te verstaan en deel te hê in die besluite wat geneem word ten aansien van die opvoeding en onderwys van hul kinders (eie onderstreping).

Vir ŉ geslaagde vennootskap tussen ouerliggame en skoolhoof blyk doelmatige kommunikasie ŉ noodsaaklike element te wees. Landman (1987:5) wys daarop dat die vennote in die onderwys oor doelmatige kommunikasiekanale moet beskik sodat daar op kontinue basis op formele en informele wyse op alle vlakke oor gemeenskaplike sake gesprek gevoer kan word.

### 3.3.5 Beheeruitoefening ten aansien van die aktiwiteite van ouerliggame

Van der Westhuizen (1986(c):200) meld dat die doel van beheer is om beplanning ten uitvoer te bring, beplanning te

evalueer en, indien nodig, die nodige regstellings te maak. Die skoolhoof sal noodwendig beheer moet uitoefen wat betref die aktiwiteite van ouerliggame om die doeltreffendheid van sy bestuurswerk te verseker. Hy sal die verloop en voltooiing van gedelegeerde take moet evalueer om vas te stel of die beplande doelwitte bereik is. Beheeruitoefening ten opsigte van die aktiwiteite van ouerliggame moet nie daarop gemik wees om fout te vind nie, maar die doel moet eerder wees om rigting te gee aan die suksesvolle afhandeling van beplande doelwitte.

Afgesien van sy bestuurswerk soos gemeld, speel die skoolhoof ook ŉ bestuursrol met betrekking tot ouerliggame wat vervolgens onder die loep geneem word.

## 3.4 DIE SKOOLHOOF SE BESTUURSROLBENADERING TEN OPSIGTE VAN OUERLIGGAME

### 3.4.1 Inleidende opmerking

Die bestuurder se funksie is nie net om te beplan, te organiseer, om leiding te gee of om beheer uit te oefen nie. Robbins (1984:6-7) beklemtoon die feit dat die bestuurder (i.c. skoolhoof) ook verskeie ander rolle vertolk. Hoewel verskillend van mekaar is daar ook ŉ onderlinge samehang tussen hierdie rolle.

Owens (1981:68) wys daarop dat mense in ŉ organisasie besliste rolle het wat hulle vertolk. Die mens as unieke wese gee vorm aan die rol wat hy vertolk, maar word ook self deur die rol gevorm. Waar die mens in ŉ organisasie (i.c. skool) dus verskillende rolle vertolk, is dit nodig dat die skoolhoof kennis sal dra van die rolbenadering in bestuur. Dit sal hom in staat stel om die gedrag en verwagtinge van

sy lede (i.c. onderwysers, ouers en leerlinge) beter te verstaan en te voorspel (Owens, 1981:68). Dit sal hom ook in staat stel om sy eie rol behoorlik te vervul.

Gorton (1983:71) beklemtoon sekere rolle wat die skoolhoof vervul, onder andere dié van bestuurder, fasiliteerder van menseverhoudings, evalueerder en konflikhanteerder. Hoewel die hoof nie al hierdie rolle gelyktydig sal vertolk nie, behoort hy bedrewe te wees in die vertolking van elkeen sodat hy die rol doeltreffend kan vervul wanneer die situasie dit sou verlang.

Van der Westhuizen (1986(b):89-90) poneer dat die rolbenadering se waarde daarin geleë is dat dit die persoonlike verhoudinge in ŉ organisasie belig asook die verhouding tussen die persoonlike en die formele struktuur waarin die skool staan.

Die rolbenadering belig ook die verhouding waarin die skool staan, nie net tot die onderwysstelsel nie, maar ook tot die gemeenskap.

### 3.4.2 Begripsomskrywing

* **Rol**

  Die begrip rol verwys na die gedrag van ŉ persoon binne ŉ organisasie (i.c. skool) soos dit bepaal word deur die interpersoonlike verhoudinge en gebeure. Wat ŉ persoon in ŉ posisie doen, is sy rol, aldus Van der Westhuizen (ibid.).

* **Rolverwagting**

Hierdie begrip verwys na die verwagting wat een persoon het van die gedrag van ŉ ander persoon in die organisasie (Owens, 1981:69), dit wil sê dit wat die ouers hoofsaaklik van die hoof verwag.

* **Rolvoorskrifte**

Met rolvoorskrifte word gewoonlik verwys na die algemene norme wat deur die gemeenskap vir ŉ rol voorgeskryf word (Owens, ibid.). Dit dui ook op die idee van wat die algemene gedragspatroon behoort te wees.

* **Rolbegrip**

Hierdie term dui op die begrip wat ŉ persoon het van die rolverwagting wat ander persone van sy rol het (Van der Westhuizen, 1986(b):89).

### 3.4.3 Bestuursrol van die skoolhoof

Bestuurswerk kan geïnterpreteer word in terme van die rolvertolking deur die lede van die organisasie (Moolman, 1978:51).

Die rolle wat skoolhoofde vertolk in bestuurswerk sal verskil van gemeenskap tot gemeenskap aangesien rolverwagtings dienooreenkomstig sal verskil. So ook sal daar byvoorbeeld verskil wees in die rolle van hoofde van primêre en sekondêre skole ten opsigte van sekere take. Terselfdertyd sal daar ook heelwat oorvleueling voorkom soos

waar dit leierskapverantwoordelikhede raak (Rebore 1985:250). Die onderwysleier (skoolhoof) van beide tipes skole verskaf professionele leiding vanuit sy leierskapposisie aan die personeel.

Hierdie leiding sluit in personeel- en vakvergaderings, klasbesoek en toesig en beheer (Van der Westhuizen, 1986(c):185). In sy leiersrol bepaal hy ook die atmosfeer waarin die skool funksioneer (Mintzberg, 1973:60).

Die skoolhoof wat aan die vereistes van skoolhoofskap wil beantwoord, sal bewus moet wees van die verskillende rolle wat hy as bestuurder deurgaans moet vertolk. In aansluiting hierby sal hy ook bewus moet wees van die rolverwagtinge wat verskeie mense en instellings van hom koester (Rheeders, 1982:32). Die skoolhoof sal daagliks sy rol as bestuurder moet vertolk aangesien rolvertolking ŉ noodsaaklike aktiwiteit is wat nou verwant is aan ŉ bestuurspos (ibid.).

### 3.4.4 Die rolbenadering met betrekking tot bestuurswerk

Verskeie teorieë het met verloop van tyd ontstaan om bestuur in die algemeen en gevolglik ook onderwysbestuur te beskryf. Die rolbenadering tot bestuur ontleen sy ontstaan aan die sosiale stelselteorie en kennis van die rolbenadering is dus belangrik vir die onderwysleier vir die verstaan, aanpassing en vervulling van sy sosiale rol (Van der Westhuizen, 1986(b):88).

Gorton (1983:72) sien die skoolhoof as ŉ bestuurder wat fisiese en menslike hulpbronne organiseer en koördineer. Ouerliggame is onteenseglik ook menslike hulpbronne wat in belang van opvoedende onderwys aangewend kan word. Die bestuur van skool-gemeenskapverhoudinge is belangrik in dié

sin dat gesonde verhoudinge tussen skool en gemeenskap vertroue in die skool inboesem (Barnard, 1986:365).

Bestuur vereis kundigheid. Die skoolhoof sal dus bereid moet wees om ten opsigte van ouerbetrokkenheid op die hoogte van sake te bly wat die juridiese sowel as die gesinsaspekte van ouerinspraak in opvoedende onderwys betref. Dit is duidelik dat die skoolhoof vanuit bestuursoogpunt ŉ rol vervul te het ten opsigte van ouerliggame om opvoedende onderwys te laat slaag.

Vervolgens sal die bestuursrolbenadering van Mintzberg onder die loep geneem word. Hierdie model van Mintzberg behandel die verskillende rolle wat deur bestuurders (i.c. skoolhoofde) vervul word.

### 3.4.5 Die bestuursrolbenadering van Mintzberg

#### 3.4.5.1 Inleidende opmerking

Henry Mintzberg het intensiewe navorsing gedoen oor wat bestuurders doen en sy werk het nuwe lig gewerp op die take en verantwoordelikhede van bestuurders (Robbins, 1984:9). Mintzberg het bevind dat daar tien verskillende, maar hoogs interafhanklike rolle, is wat deur bestuurders vervul word. Mintzberg verwys na die begrip bestuursrol as die gedrag wat met ŉ sekere taak of pos gepaard gaan (ibid.:7).

Met sy rolbeskrywing poog Mintzberg om ŉ geïntegreerde geheel van die bestuurder se take voor te stel (Van der Westhuizen 1986(b):91).

Van Buuren (1979:54) asook Mintzberg (1973:54) meen dat enige organisasie funksioneer omdat die lede sekere rolle


binne die organisasie veronderstel.

Bestuurswerk kan dus in ooreenstemming met die siening van Mintzberg gesien word as rolvertolking deur die lede van die organisasie. Moolman (1978:55) is van mening dat die skoolhoof se bestuursrolle almal in Mintzberg se bestuursrolmodel vervat kan word.

3.4.5.2 **Beskrywing van die bestuursrolle van Mintzberg**

Mintzberg onderskei volgens Van der Westhuizen (1986(b):61) die volgende tien bestuursrolle (vergelyk fig. 3.1):

Figuur 3.1 Bestuursrolle volgens Mintzberg, soos voorgestel deur Van der Westhuizen (ibid.).



Van der Westhuizen (1986(b):91) verklaar bostaande diagrammatiese voorstelling van Mintzberg se tien bestuursrolle soos volg:

> Die bestuurder (i.c. skoolhoof) alleen besit gesag. Gevolglik word hy verantwoordelik gehou vir die resultate van die opvoeding en onderwys in ŉ skool. Hierdie gesag gee aan die bestuurder ŉ sekere status en dit lei weer tot interpersoonlike kontak en verhoudinge. Gesag verleen ook aan die bestuurder toegang tot sekere inligting en met behulp van hierdie inligting moet hy dan sekere besluite neem.

Die tien bestuursrolle van Mintzberg word vervolgens kursories toegelig aan die hand van Van der Westhuizen (1986(b):92-94) se uiteensetting hiervan asook dié van Moolman (1978:55-58).

* **Interpersoonlike rol**

- Seremoniële hoof

Die skoolhoof is seremoniële hoof van die skool as gevolg van sy gesag en status. In hierdie hoedanigheid word van hom verwag om sekere amptelike dokumente (soos rapporte en promosiestate) te onderteken, sosiale verpligtinge namens die skool na te kom, toesprake by oueraande te hou en alle sodanige seremoniële take te verrig. Belanghebbendes, waaronder ouerliggame, onderhandel ook graag direk met die hoof aangesien hulle glo dat dit die beste kanaal is waarlangs geskakel kan word. Wanneer die skoolhoof ouers op oueraande toespreek doen hy dit op grond van sy ervaring, insig en meerdere kennis van die onderwerp. In hierdie rol moet die skoolhoof toesien dat goeie interpersoonlike verhoudinge tussen hom en ouerliggame bestaan sodat ouers

die vrymoedigheid kan hê om die skoolhoof te spreek oor sake van gemeenskaplike belang. Hierdie rol is tydrowend en vereis onder meer geduld, tyd en hoflikheid.

- Leier

Die leierskaprol van die onderwysleier beklee hom met potensiële mag en hóé hy as leier optree, sal bepaal hoeveel van sy potensiële mag gerealiseer word. Die onderwysers en leerlinge sien op na die onderwysleier vir rigtinggewing en motivering. Die aard van die onderwysleiersrol sal bepaal watter soort atmosfeer in die skool heers. As bestuurder van skool-gemeenskapsverhoudinge tree hy ook op as leier in die ouergemeenskap. In laasgenoemde hoedanigheid stel hy die sterk punte van die skool aan die gemeenskap bekend om sodoende trots op en ondersteuning van die skool te bevorder. Die sterk sowel as swak punte van die skool word beklemtoon sodat die gemeenskap ŉ beter begrip kan kry van die werksaamhede van die skool en sodoende oortuig kan word dat hulle die skool moet ondersteun (Barnard, 1986:367).

Die skoolhoof gee ook leiding om ouerliggame beter te laat funksioneer in belang van die kind en skool. As leier gee hy aan ouerliggame geleenthede om betrokke te raak by skoolaktiwiteite. Hy motiveer ook ouerliggame indien daar onbetrokkenheid is.

Mintzberg (1973:60) beweer dat leierskap die interpersoonlike verhoudinge tussen die onderwysleier en sy personeel en leerlinge behels. Hy beskou ook die leierskaprol as die belangrikste bestuursrol van die bestuurder (onderwysleier). Wanneer die onderwysleier dus iemand aanmoedig of teregwys, doen hy dit uit hoofde van die leierskaprol wat hy beklee.

Volgens Mintzberg (ibid.) is een van die take van die bestuurder (onderwysleier) om integrasie tussen die individuele behoeftes en die organisasiedoelwitte teweeg te bring. Laasgenoemde geld ook vir ouerliggame waar die bevrediging van hulle behoeftes nie strydig mag wees met die opvoedkundige doelwitte van die skool nie.

- Skakelpersoon

Die skakelrol verwys na die netwerk betekenisvolle verhoudinge wat die skoolhoof met talryke individue en groepe buite en binne sy skool het.

Die skoolhoof skakel ook met ouerliggame, onder andere vir hulp met funksies by die skool. Die skoolhoof gebruik ook sy ouerliggame om ten bate van die skool met die breër gemeenskap te skakel. Ouerliggame het hul eie verantwoordelikheidsgebied. Indien die skoolhoof met hulle korrespondeer oor hul verantwoordelikheidsgebied, is hy besig om sy skakelrol te vervul.

* **Inligtingsrol**

- Verteenwoordiger

Die skoolhoof het die verantwoordelikheid om inligting oor te dra aan sy personeel, bestuursraad en ander ouerliggame asook aan bepaalde belangstellingsgroepe in die omgewing en die breë publiek. Ouerliggame en ander instansies sien hom as leier ten opsigte van sake wat die skool raak en as ŉ kenner van die taak van die skool. Wanneer hy op die wyse kontak maak met instansies wat nie intern deel van die skool uitmaak nie, tree hy op as verteenwoordiger en as spreekbuis

van die skool wat kundige inligting versprei. Ouerliggame kan slegs sinvol betrokke wees by die skool indien hulle ingelig is ten opsigte van die behoeftes van die skool. Die skoolhoof is die aangewese persoon om ouers in te lig oor die skool se behoeftes asook oor die ouers se verpligtinge teenoor hul kinders en hul kinders se skool (Barnard, 1986:9).

- Monitor

Baie van die inligting wat die skoolhoof ontvang, is van die hoorsêtipe of is amptelike stukke, aldus Van der Westhuizen (1986(b):93). Hy benodig en soek voortdurend inligting om behoorlik te kan bestuur. Inligting is ook van belang sodat die hoof kan weet wat aangaan in sy skool en omgewing. Hierdie inligting kan uit ŉ verskeidenheid bronne kom soos personeel, leerlinge en die pers. ŉ Belangrike bron van inligting is ouerliggame. Ouers beweeg oor ŉ wye front in die gemeenskap, tussen leerlinge en op die skoolterrein en kan waardevolle inligting voorsien wat die hoof kan help met aspekte soos probleemoplossing en verandering in die skool.

ŉ Belangrike rol wat die skoolhoof moet vervul ten opsigte van die inligting wat tot sy beskikking gestel word, is dié van monitor. As monitor moet hy hierdie inligting sif, die betroubaarheid en belangrikheid daarvan bepaal en vasstel watter tendense (indien enige) daaruit voorkom (Van der Westhuizen, 1985:815-816).

- Verspreider

Die inligting waaroor die skoolhoof beskik en die toeganklikheid tot inligting, verskaf aan die hoof die rol van verspreider van inligting aan die personeel en leerlinge

sodat hulle die skool se doelwitte kan nastreef (Mintzberg, 1973:71). Belangrik is ook dat noodsaaklike inligting die ouers sal bereik. Die skoolhoof kan sodanige inligting via die bestuursraad of deur ander ouerliggame soos die TAO versprei. Ouerliggame is deur die ouers verkies om as spreekbuis namens hulle op te tree. Hierdie spreekbuis behoort nie net te bestaan om inligting aan die skoolhoof deur te gee nie. Die skoolhoof kan met groot sukses ouerliggame gebruik om inligting, wat byvoorbeeld verkieslik mondeling versprei moet word, onder sy lede te versprei. Die TAO bestaan uit verskeie komitees wat ook vir verspreiding van inligting aangewend kan word (kyk fig. 2.1).

In hierdie rol moet die skoolhoof dus besluit wie moet watter inligting ontvang en moet hy verseker dat die inligting wel ontvang word. Dit vereis die daarstelling van doeltreffende kommunikasiekanale en kommunikasiemiddele deur die skoolhoof (kyk 3.5).

* **Besluitnemingsrol**

Mintzberg (1973:77) stel dit dat die bestuurder (i.c. skoolhoof) se rol as besluitnemer uitstaan in sy bestuurswerk. Swak besluite kan ernstige en nadelige gevolge vir die skool inhou. Aan die ander kant kan goeie en deurdagte besluite sukses verseker en probleme voorkom. In hierdie kategorie vervul die hoof vier vername rolle, naamlik:

- Ordehandhawer

Hierdie rol fokus op die hantering van onvoorsiene veranderinge en situasies wat mag opduik wat gedeeltelik of

heeltemal buite die skoolhoof se beheer is.

Mintzberg (1973:83-84) wys op drie soorte steurnisse:

- konflik tussen ondergeskiktes (personeel en leerling);
- konflik met ander organisasies (konflik tussen ouerliggame en die skool kan ontstaan en swak skakeling en kommunikasie tot gevolg hê);
- die verlies of dreigende verlies van hulpbronne.

Die skoolhoof moet dringende aandag aan konflik skenk en dit tot almal se bevrediging oplos. Konflik tussen die skool en ouerliggame is rampspoedig aangesien die skool oor ŉ breë terrein skade ly en dit inslag vind tot in die kind se leersituasie. Om konflik tussen ouerhuis en skool te hanteer sal dit soms nodig wees dat die skoolhoof ouers individueel spreek en soms as ŉ groep tydens ŉ ouervergadering. Op dié wyse bring die skoolhoof stabiliteit en harmonie in sy skool (Teichler, 1982:36). Die hantering van konflik en die hoof se hantering van krisissituasies kan ŉ beslissende invloed hê op hoe sy personeel, leerlinge en ouergemeenskap hom as leier takseer (Van der Westhuizen, 1986(b):93).

- Onderhandelaar

Die skoolhoof vervul dikwels die rol van onderhandelaar om fasiliteite vir die skool te beding. Hy onderhandel ook met

organisasies wat die skool se fasiliteite wil gebruik. In laasgenoemde geval word hy tans bygestaan deur die bestuursraad aangesien die beskikbaarstelling van geboue byvoorbeeld een van die bestuursraad se verantwoordelikhede is. As onderhandelaar met organisasies buite skoolverband asook met amptelike instellings soos die skoolraad en onderwysdepartement kan die skoolhoof swaar steun op sy skool se statutêre en nie-statutêre ouerliggame. Verteenwoordigers van skole op skoolrade (verkose ouers) onderhandel byvoorbeeld om dienste vir die skole wat hulle verteenwoordig goedgekeur te kry.

Waar lede van ouerliggame kontakte oor ŉ breë terrein in die gemeenskap het, kan hulle waardevolle onderhandelings namens die skoolhoof doen om waardevolle bronne (sien "bronnetoekenner" hieronder) te bekom. Die skoolhoof kan ouerliggame ook gebruik om namens die skool met die Transvaalse Onderwysdepartement asook met superintendente van onderwys te onderhandel oor sake wat van belang is.

- Entrepreneur

In sy entrepreneursrol tree die bestuurder op as inisieerder van veranderings en verbeterings in die organisasie (Mintzberg, 1973:78). Die skoolhoof beklee ook ŉ entrepreneursrol in die skool. Hy is aanspreeklik vir die daarstelling van ŉ opvoedkundig verantwoordbare program vir sy skool. Hiervoor het hy gekwalifiseerde personeel beskikbaar. As inisieerder moet hy voortdurend let op vernuwingsgeleenthede asook op verbetering van bestaande opvoedings- en onderrigpraktyke. Die leerlinge baat ook by die entrepreneursrol van die skoolhoof, aangesien alle inisiëring wat van die skoolhoof uitgaan afgestem moet wees op die daarstelling van optimum opvoedings- en onderrigmoontlikhede.

Die skoolhoof tree ook op as entrepreneur sover dit ouerliggame aangaan. Hy inisieer projekte wat op die terrein van die bestuursraad val. Sodanige projekte sluit in ontwikkeling van die terrein en verbeteringe aan geboue op eie koste asook die insameling van fondse. Wat georganiseerde ouerliggame betref, kan die skoolhoof die reël van ouersaamtrekke propageer, asook opvoedkundige praatjies waardeur leiding aan ouers gegee word. Spesifieke projekte kan ook aan hulle toegewys word soos byvoorbeeld die bou van ŉ krieketkolfblad. Ouerliggame kan ook gebruik word om die beeld van die skool na buite te kommunikeer (Van Buuren, 1979:133).

- Bronnetoekenner

Mintzberg (1973:85) beskryf organisasiebronne onder andere as tyd, geld, materiaal, uitrusting en mannekrag. Die toekenning en hantering van bronne is ŉ belangrike funksie wat die skoolhoof vervul. Beskikbare bronne in ŉ organisasie (i.c. skool) beslaan ŉ wye veld. Hierdie bronne kan positief of negatief aangewend word. Besluite kan geneem word wat die bronne uitput of beskerm. So kan die skoolhoof deur swak bestuur byvoorbeeld die skoolfonds uitput. Aan die anderkant kan hy ŉ kwynende skoolfonds herstel deur sy ouerliggame aan te wend vir die insameling van fondse. Hiervoor moet hy die middele en infrastruktuur tot sy beskikking aan die ouerliggame beskikbaar stel. Ouerliggame kan ook aangewend word om behulpsaam te wees met sport, vervoer en terreinverfraaiing. Meer tyd word sodoende beskikbaar gestel vir die professionele personeel om byvoorbeeld vakvergaderings te hou.

As bronnetoekenner sal die skoolhoof ook voortdurend moet let op aktiwiteite van die skool wat groei of kwyn en ook op nuwe projekte wat begin moet word (Van der Westhuizen, 1985:816). Indien hy hiervan bewus is, kan hy die

beskikbare bronne aanwend waar dit noodsaaklik is.

### 3.4.6 Evaluering

Die bestuursrolbenadering van Mintzberg gee ŉ duidelike beskrywing van die formele of amptelike take waarmee die bestuurder besig is. Dit dui ook aan wat ŉ bestuurder moet doen. Die bestuursrolbenadering is egter nie duidelik wat betref die wyse waarop die bestuurder sy take behoort uit te voer nie (Van der Westhuizen, 1986(b):94).

Die tien bestuursrolle verskaf ŉ beeld van die bestuurswerk waarmee die bestuurder besig is en soos bespreek, blyk dit dat die skoolhoof ook hierdie rolle vervul met betrekking tot georganiseerde ouerliggame.

## 3.5 SAMEVATTING

Ouerbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel geniet amptelike erkenning deur middel van statutêre en nie-statutêre ouerliggame. Die ouer sal leiding moet kry oor sy rol en funksie binne hierdie ouerliggame. Benewens ander instansies is dit duidelik dat die skoolhoof in ŉ gunstige posisie is om hierdie leiding aan ouerliggame te verskaf. Hy staan in die praktyk en is bewus van veranderinge en vernuwing in en om die onderwysgebeure.

Spesifieke terreine van ouerbetrokkenheid waar leiding aan ouers nodig is, is uitgewys en die skoolhoof speel hierin ŉ besliste rol. Die skoolhoof beklee ŉ bestuursrol met betrekking tot ouerliggame en verrig sekere bestuurstake ten opsigte van ouerliggame wat betref beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening.

Die bestuursrolbenadering van Mintzberg het onder die loep gekom. Dit blyk duidelik dat die tien bestuursrolle van Mintzberg ook die bestuursrolle van die skoolhoof akkommodeer. Om doeltreffende leiding aan ouers te gee en vir die skoolhoof om sy bestuursrol behoorlik te vervul, is effektiewe kommunikasie ŉ noodsaaklikheid. Wederkerige kommunikasie is ŉ vereiste aangesien geen vennootskap kan bestaan waar net eenrigtinggesprek toegelaat word nie.

Hoofstuk 4 word gewy aan ŉ empiriese ondersoek aan die hand van ŉ gestruktureerde posvraelys.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys sowel as die bestuursrol van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame bespreek. ŉ Toepaslike literatuurstudie is gemaak om die beredenering toe te lig. Om die menings van skoolhoofde ten opsigte van die voorafgaande te verneem, is van ŉ meetinstrument gebruik gemaak wat vervolgens bespreek sal word. Die populasie wat betrek is asook die response op die vraelys en die statistiese tegniek wat toegepas is, sal onder die loep geneem word.

## 4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie navorsing (vergelyk 1.3) is om op empiriese wyse te bepaal wat die stand van sake is by ŉ aantal skole sover dit ouerliggame betref; om die betrokke skoolhoofde se standpunte in dié verband vas te stel en om daarna sekere aanbevelings in verband met die bestuursrol van die skoolhoof te maak sover dit ouerliggame aangaan. Met behulp van die empiriese ondersoek is hierdie doelstellings verder verfyn met die oog daarop om te bepaal:

* of daar georganiseerde ouerliggame soos die TAO by skole bestaan (vraag 1);

* of skoolhoofde ten gunste is van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys (vraag 3);

* of skoolhoofde dit as hul taak aanvaar om opleiding/voorligting aan ouerliggame te gee (stelling 32);

* watter rol die bestuursraad speel in skoolbestuur (stelling 11);

* wat die mening is van skoolhoofde betreffende enkele terreine waarop ouers by die skool betrokke kan wees (stellings 16, 19 en 23);

* of ouers die professionele terrein van die onderwyser mag betree (vraag 5 en stelling 29);

* of skoolhoofde van mening is dat hulle afgesien van didaktiese vaardighede ook in bestuursvaardighede onderlê behoort te wees (stelling 31);

* of ouers ingelig behoort te wees oor wat in die skool gaan (vrae 14 en 15);

* wat die mening is van skoolhoofde betreffende enkele bestuursrolle wat hulle in die skool vertolk (stellings 37, 38, 39, 40).

## 4.3 NAVORSINGSONTWERP

### 4.3.1 Meetinstrument

De Wet et al., (1981:120) stel dit as ŉ voorvereiste vir navorsing dat daar altyd een of ander vorm van meting moet wees en meld verder eksplisiet dat meting ŉ voorwaarde vir wetenskapsbeoefening is. ŉ Navorser wat data wil insamel, moet hom vergewis van die verskillende meetinstrumente wat tot sy beskikking is, soos onder andere vraelyste, aanlegtoetse, onderhoude en gestandaardiseerde toetse. Met die begrip meting moet dit in gedagte gehou word dat dit nie net gaan om die toekenning van ŉ punt nie. Meting behels ordening en kategorisering van gegewens en versamelde data, sowel as bepunting en frekwensiebepaling (De Wet et al., 1981:121).

#### 4.3.1.1 Die vraelys as meetinstrument

Volgens Borg en Gall (1979:295) en Teichler (1982:112) kan onderskei word tussen twee tipes vraelyste, naamlik:

* die oop vraelys (ongestruktureerde vraelys) waar die respondent volle vryheid van respons verkry en dus ŉ eie mening kan gee;

* die geslote vraelys (gestruktureerde vraelys) waar vrae met antwoorde gegee word waaruit die respondent ŉ keuse moet maak.

Daar is vir hierdie navorsing op die gestruktureerde vraelys besluit, aangesien die ongestruktureerde vraelys die analisering en verwerking van die response bemoeilik.

#### 4.3.1.2 Voordele van die posvraelys

Borg en Gall (1979:309-312) en Van der Westhuizen (1985:1) meld die volgende voordele van die posvraelys:

* ŉ Groot groep mense kan maklik bereik word.

* Die vraelys as meetinstrument is meer betroubaar as die onderhoud.

* Respondente kan anoniem bly. Dit bring mee dat hulle onbelemmerd sonder beïnvloeding van ŉ onderhoudvoerder kan respondeer.

* Die vraelys neem minder tyd as onderhoude in beslag en is ook goedkoper indien baie onderhoude gevoer moet word.

* Dit vergemaklik die analisering en tabulering van response.

* Dit is maklik om te voltooi en dit help die respondent om sy aandag by die onderwerp te bepaal (Best, 1981:169).

Enige navorser moet ook bedag wees op die nadele verbonde aan die vraelys.

#### 4.3.1.3 **Nadele van die posvraelys**

Die volgende nadele van die posvraelys word deur Borg en Gall (1979:309-312) en Van der Westhuizen (1985:1) beklemtoon:

* Die geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelys is moeilik om te bepaal.

* Die moontlikheid bestaan dat respondente vrae verskillend kan vertolk.

* Korrektheid van antwoorde kan moeilik bepaal word.

* Beantwoording van vrae kan willekeurig geskied of selfs deur ander voltooi word, met ander woorde gedelegeer word.

* In die geslote vraelys word respondente beperk deurdat hulle net keuses kan maak tussen voorgeskrewe antwoorde.

* Marais (1982:88) stel dit dat sommige vrae die respondent kan irriteer.

* Ary et al. (1979:175) beklemtoon die moontlikheid van swak terugvoering wat die geldigheid en waarde van die navorsingsresultate nadelig kan beïnvloed.

* ŉ Verdere probleem is dat respondente nie altyd geneë is om lang en tydrowende vraelyste te voltooi nie, en dat samewerking van respondente in hierdie opsig moeilik verkry word. Persoonlike bekendheid by die populasie wat by die navorsing betrek word, kan hierdie probleem in ŉ groot mate ondervang (Best, 1981:168).

Dit blyk dus dat ŉ goed gestruktureerde vraelys wat tydsbesparend is en wat in duidelike en verstaanbare taal geskrywe is, noodsaaklik is om die goedgesindheid en samewerking van die respondente te verkry.

4.3.1.4 **Konstruksie van die vraelys**

Die gestruktureerde vraelys wat in hierdie navorsing gebruik is, bestaan uit drie afdelings wat vervolgens toegelig word:

* Afdeling A: Algemene vrae

Tien vrae van ŉ algemene aard is gestel ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys. Die respondent moes slegs "ja" of "nee" antwoord deur ŉ kruisie in die toepaslike blokkie te trek. Om die konsekwentheid van menings van skoolhoofde oor sekere vrae te peil, is enkele vrae van afdeling A in ietwat gewysigde vorm, maar met dieselfde betekenis, weer in afdelings B en C gevra (vergelyk vrae 4 en 14; vraag 5 en stelling 29; vraag 7 en stelling 30; vraag 8 en stelling 32).

* Afdeling B: Ouerbetrokkenheid

Die afdeling bestaan uit twintig vrae en/of stellings. Hoofde moes hul menings gee oor meer eksplisiete wyses van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys. Respondente moes hul mening uitspreek deur enige van die syfers 4, 3, 2 of 1 te omkring. Die volgende verklaring vir bogemelde syfers is gebruik:

- Die syfer 4 verteenwoordig "baie belangrik".
- Die syfer 3 verteenwoordig "belangrik".
- Die syfer 2 verteenwoordig "minder belangrik".
- Die syfer 1 verteenwoordig "glad nie belangrik nie".

* Afdeling C: Die bestuursrol van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame

Die afdeling bestaan uit tien vrae wat hoofsaaklik handel oor die bestuursrol sowel as enkele bestuurstake wat die skoolhoof vervul. Die respondent moes "waar" of "onwaar" op elke stelling antwoord deur ʼn kruisie in ʼn toepaslike blokkie te trek.

Die volgende kernbegrippe word in dié vraelys gebruik: bestuursrol, bestuurstaak, ouerliggame, nie-statutêre ouerliggaam (kyk 1.7 vir ʼn verklaring van dié begrippe).

Die vraelys is in samewerking met die navorser se studieleier opgestel en is daarna na die Direkteur van Onderwys in Transvaal gestuur om die nodige magtiging te verkry om die vraelyste onder skoolhoofde soos gemeld in punt 4.3.4 te versprei. Magtiging vir die verspreiding van die vraelyste is van die Direkteur van Onderwys verkry (kyk Bylae A).

### 4.3.2 Loodsvraelys

ŉ Loodsvraelys is voorsien aan drie skoolhoofde wat nie by die finale vraelys betrek is nie. Nadat die drie vraelyste terug ontvang is, is die kommentaar daarop bestudeer en waar nodig is veranderings aangebring.

### 4.3.3 Finale vraelys

Die finale vraelys (Bylae C) is per pos aan die respondente gestuur tesame met ŉ begeleidende brief (Bylae B) en ŉ gefrankeerde koevert vir die terugsending van die voltooide vraelys.

### 4.3.4 Populasie

Die populasie wat by hierdie navorsing betrek is, is die skoolhoofde in komprehensiewe eenheid sewe van die Transvaalse Onderwysdepartement (N = 26). Suiwer Engelstalige skole en pre-primêre skole is uitgesluit aangesien niestatutêre ouerliggame soos die TAO gewoonweg nie by hierdie skole bestaan nie. Hoofde van hoërskole en laerskole is betrek. Die komprehensiewe eenheid is geleë in Suidoos-Transvaal. Die feit dat die navorser binne die grense van die komprehensiewe eenheid woon en elke skoolhoof ken, het die hantering en kontrole van die vraelyste vergemaklik, en dit is ŉ verdere rede waarom op hierdie populasie besluit is.
Die data van hierdie navorsing is dus slegs geldig vir skole in komprehensiewe eenheid sewe soos hier beskryf en nie vir ander komprehensiewe eenhede in Transvaal nie.

Die vraelys is vir voltooiing aan ses en twintig skoolhoofde binne die komprehensiewe eenheid gestuur. Die navorser se

skool is binne die area van die teikenpopulasie, maar is uitgesluit.

**TABEL 4.1 Respons op vraelyste:**

| UITGESTUUR | | ONTVANG | |
|---|---|---|---|
| f | % | f | % |
| 26 | 100 | 25 | 96,2 |

Vyf en twintig van die ses en twintig vraelyste wat uitgestuur is, is terugontvang (vergelyk tabel 4.1). Die aantal vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig 96,2% van die wat uitgestuur is.

Landman (1980:112) is van mening dat betroubare en geldige afleidings gemaak kan word as daar minstens 70% respons is. Ary et al., (1979:175) poneer dat die navorser moet poog om minstens 70% - 80% terugvoer van vraelyste te verkry. Die gevolgtrekkings en afleidings wat in hierdie navorsing gemaak is, kan dus as geldig beskou word, maar slegs ten opsigte van die skole in komprehensiewe eenheid sewe soos voorheen vermeld.

### 4.3.5 **Statistiese tegnieke**

Die data wat versamel is, is in samewerking met die statis-

tiese konsultasiediens van die PU vir CHO deur middel van die rekenaar en die SAS-program [1.] (Statistical Analysis System) verwerk. Die doel van die program was om frekwensies ten opsigte van die verskillende vrae te bepaal.

## 4.4 INTERPRETERING VAN DATA

### 4.4.1 Inleiding

Die resultate van die vraelyste wat terugontvang is, kom vervolgens onder die loep. Die frekwensie ten opsigte van die response wat verkry is van die rekenaarverwerking is getabuleer en word bespreek. Die data word geïnterpreteer waarna die nodige afleidings/gevolgtrekkings gemaak word.

### 4.4.2 Afdeling A: Algemene vrae

Die doel met die vrae in afdeling A (vergelyk Bylae C, vrae 1 tot 10 en tabel 4.2)) was om skoolhoofde se mening in te win oor ŉ breë terrein sover dit ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys aangaan.

1. SAS-Institute inc. 1985. SAS User's Guide: Statistics, Version 5 edition. Cary, N.C.: SAS-Institute inc.

TABEL 4.2 : RESPONS OP VRAE 1 TOT 10 IN AFDELING "A".

| VRAAG | JA | | NEE | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| 1 Bestaan die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as 'n nie-statutêre ouerliggaam by u skool? | 16 | 64 | 9 | 36 | 25 | 100 |
| 2 Bestaan 'n ander soortgelyke ouerliggaam by u skool, bv. ouer-onderwysersvereniging? | 15 | 60 | 10 | 40 | 25 | 100 |
| 3 Is u ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende skoolonderwys? | 17 | 68 | 8 | 32 | 25 | 100 |
| 4 In die breë gesien, beskik ouers oor voldoende kennis van opvoedings- en onderwysbeginsels asook van skool- en opvoedkundige sake in die algemeen? | 2 | 8 | 23 | 92 | 25 | 100 |
| 5 Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar ouers die professionele terrein van die skool kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte? | 6 | 24 | 19 | 76 | 25 | 100 |
| 6 Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar die skool die terrein van die ouerhuis kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte? | 19 | 76 | 6 | 24 | 25 | 100 |
| 7 Behoort daar by hoofdekursusse en -simposia meer aandag gewy te word aan besprekings van die bevoegdheidsterreine van ouerliggame? | 22 | 88 | 3 | 12 | 25 | 100 |
| 8 Meen u dat skoolhoofde in die beste posisie is om opleiding/voorligting aan ouerliggame te gee? | 21 | 84 | 4 | 16 | 25 | 100 |
| 9 Het ouerbetrokkenheid vir u 'n groter werklas meegebring? | 12 | 48 | 13 | 52 | 25 | 100 |
| 10 Is dit so dat groter ouerbetrokkenheid vir u personeel meer tyd beskikbaar kan stel vir hul professionele taak? | 21 | 84 | 4 | 16 | 25 | 100 |

Voorgaande vrae word vervolgens bespreek na aanleiding van die data wat op die rekenaar verwerk is (vergelyk tabel 4.2).

**4.4.2.1 Vraag 1: Bestaan die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as ŉ nie-statutêre ouerliggaam by u skool?**

Ten opsigte van vraag 1 blyk dit uit tabel 4.2 dat die TAO by 64% van die skole in die komprehensiewe eenheid bestaan. Ses en dertig persent van die skoolhoofde dui aan dat die TAO nie by hul skole bestaan nie. ŉ Moontlike oorsaak vir hierdie beduidende persentasie skole waar die TAO nog nie bestaan nie, is dat skoolhoofde nie die ouers na behore tot sinvolle ouerbetrokkenheid aktiveer nie. ŉ Ander moontlike rede kan wees dat daar by die skool ook ander tipe ouerliggame bestaan (vergelyk 4.4.2.2).

**4.4.2.2 Vraag 2: Bestaan ŉ ander soortgelyke ouerliggaam by u skool, bv. ŉ ouer-onderwysersvereniging?**

Uit tabel 4.2 blyk dit dat daar by 60% van die skole ŉ ander soortgelyke ouerliggaam bestaan. Die ouerliggame by hierdie skole (N = 15) het uit die aard van die saak nie inspraak in owerheidskomitees en -rade waar aanbevelings met betrekking tot beleid ten opsigte van opvoedende onderwys bespreek en gemaak word nie (vergelyk figuur 2.2). Die moontlikheid bestaan dat hierdie persentasie aansienlik kan daal indien skoolhoofde en ouergemeenskappe bewus word van die suksesse van die TAO as vennoot in die onderwys. Kennis aangaande hierdie suksesse ontbreek indien daar nie ŉ TAO-tak; by ŉ skool funksioneer nie, aangesien korrespondensie en nuus nie die skoolhoof en ouers via amptelike kanale bereik nie (vergelyk 2.4.4.3.2).

Van die respondente dui aan dat daar by ses skole beide die TAO sowel as ŉ ander ouerliggaam bestaan. Hieruit kan afgelei word dat daar nog ouergemeenskappe is wat waarde heg aan bewese ouerliggame, maar wat ook die voordele wat die TAO bied, wil benut.

### 4.4.2.3 Vraag 3: Is u ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende skoolonderwys?

Op hierdie vraag het 68% van die skoolhoofde hulle ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys uitgespreek (vergelyk tabel 4.2). Twee en dertig persent van die respondente is nie ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys nie. Gesien in die lig van wat ouerbetrokkenheid beteken (kyk Bylae C vir begripsverklaring van ouerbetrokkenheid), ontstaan die vraag onwillekeurig of dit hulle pas dat die ouer onbetrokke bly en dat die skoolhoof graag outonoom op sy eie terrein wil optree. Skoolhoofde is dit oor die algemeen eens dat dit goed gaan by skole waar ouers aktief betrokke is (kyk 2.2.4.2).

### 4.4.2.4 Vraag 4: In die breë gesien, beskik ouers oor voldoende kennis van opvoedings- en onderwysbeginsels asook van skool- en opvoedkundige sake in die algemeen?

Volgens tabel 4.2 het 92% van die respondente "nee" op hierdie vraag geantwoord. Volgens die mening van die skoolhoofde dui dit op ŉ leemte onder ouergeledere wat moontlik die gevolg is van ouers se eie besige beroeps- en sosiale lewe. Die rede vir hierdie siening aangaande die gebrekkige kennis van ouers soos gestel in vraag 4, kan ook wees dat skoolhoofde en onderwyspersoneel nie doelmatige kontak met ouers bewerkstellig nie (kyk 2.2.4.2 en 3.3.4.6).

Sodanige ouers beleef die skool as ŉ geslote gebied en poog nie om kennis aangaande die aktiwiteite van die skool op te doen nie (kyk 2.2.4.2).

#### 4.4.2.5 Vraag 5: Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar ouers die professionele terrein van die skool kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte?

Skoolhoofde het hulle duidelik daarteen (76%) uitgespreek dat ouers die professionele terrein van die skool betree. ŉ Moontlike rede vir hierdie sterk reaksie is dat onderwysers oor dekades heen gewoond geraak het daaraan om in ŉ groot mate outonoom binne breë beleid te handel. Dit is egter opvallend dat 24% van die respondente van mening is dat daar wel samewerkingsgebiede is waar ouers op die professionele terrein van die skool van hulp kan wees. Hierdie hoofde is moontlik bewus van professionele en kundige ouers in hul gemeenskap wie se kundigheid in belang van opvoedende onderwys aangewend kan word (kyk 2.2.4.2). Die afleiding kan ook gemaak word dat hierdie laaste groep hoofde die mening toegedaan is dat wedersydse oorskryding van die vennote se grense moontlik in belang van die kind se volwassewording is (kyk 2.4.4.3.2).

#### 4.4.2.6 Vraag 6: Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar die skool die terrein van die ouerhuis kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte?

In teenstelling met vraag 5 is 76% van die respondente van mening dat daar wel samewerkingsgebiede is waar die skool die terrein van die ouerhuis kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte. Daar is in resente tye baie sprake van kindermishandeling en opvoedingsverwaarlosing en kinderopvoeding het baie kompleks van aard geword. Gesien in

hierdie lig wil dit voorkom asof die respondente van mening is dat die ouer al hoe meer op sy primêre taak, naamlik opvoeding, gewys behoort te word en dat daar selfs ingegryp behoort te word waar die ouer sy plig versuim (vergelyk 2.2.4.2).

Dit is opmerklik dat in vrae 5 en 6 die response in beide gevalle 76% is. Van hierdie 76% is 60% dieselfde respondente wat daarop dui dat daar ŉ groot mate van eensgesindheid onder die skoolhoofde is sover dit hul mening oor hierdie twee vrae aangaan. Hierdie respons dui egter op ŉ redelik eensydige siening deur skoolhoofde van ŉ eie terrein waar dit die skool geld, maar ŉ oop terrein waar dit die ouerhuis geld. Hierdie siening van skoolhoofde het moontlik sy oorsprong daarin dat ouers in die verlede baie onbetrokke en dus ook in ŉ groot mate oningelig was wat onderwysaangeleenthede betref (kyk 1.2). Skoolhoofde was daaraan gewoond om hul bestuursfunksies, soos onder andere beplanning en organisering, te vervul sonder om ouerliggame te raadpleeg. Die ouerhuis het baie van sy verantwoordelikhede op die skool afgeskuif en die skool het sy taak verrig sonder om die ouerhuis na behore te ken (kyk 2.1). Hierdie teenstrydigheid kan moontlik reggestel word deur ŉ gesindheid van wedersydse vertroue tussen skool en ouerhuis wat die opvoedende onderwys betref (kyk 2.4.4.1).

#### 4.4.2.7 **Vraag 7: Behoort daar by hoofdekursusse en -simposia meer aandag gewy te word aan besprekings van die bevoegdheidsterreine van ouerliggame?**

Uit tabel 4.2 is dit duidelik dat 88% van die skoolhoofde dit nodig vind om oor die bevoegdheidsterreine van ouerliggame gedagtes te wissel. Hieruit kan afgelei word dat skoolhoofde self meer te wete wil kom ten opsigte van ouerliggame sodat hulle tot beter diens kan wees. Die moontlikheid bestaan ook dat hoofde deur gesprek uit mekaar

se ervaring met betrekking tot ouerliggame wil leer.

**4.4.2.8 Vraag 8: Meen u dat skoolhoofde in die beste posisie is om opleiding/voorligting aan ouerliggame te gee?**

Vier en tagtig persent van die respondente het op hierdie vraag "ja" geantwoord (vergelyk tabel 4.2). Die afleiding kan gemaak word dat skoolhoofde van mening is dat hulle na aan hul ouergemeenskappe lewe en dus in die beste posisie is om ouerliggame van advies en opleiding te bedien (kyk 3.3.4.2).

**4.4.2.9 Vraag 9: Het ouerbetrokkenheid vir u ŉ groter werklas meegebring?**

Dit blyk dat skoolhoofde verdeeld is ten opsigte van hierdie vraag aangesien 48% "ja" en 52% "nee" geantwoord het (kyk tabel 4.2). ŉ Moontlike verklaring vir die reaksie op hierdie vraag is dat 48% van die respondente fisies betrokke is by die aktiwiteite van ouerliggame soos die bywoon van onder andere beplanningsvergaderings. Die hoofde hanteer moontlik self opleidings- en voorligtingsvergaderings vir ouerliggame en ouervergaderings. Dit kan sekerlik algemeen aanvaar word dat hoofde wat ouerliggame vir hul taak wil voorberei, tyd daarvoor sal moet inruim, dikwels ook ná werkure (kyk 3.1 en 3.2). Die meerderheid respondente (52%) wat meen dat ouerbetrokkenheid nie vir hulle ŉ groter werklas meegebring het nie, se ouerliggame en ouergemeenskap funksioneer moontlik goed op ŉ onafhanklike basis of funksioneer dalk glad nie volgens hul doelstellings nie. Die laaste groep respondente kan moontlik ook in verband gebring word met die respondente (32%) wat in vraag 3 aangedui het dat hulle nie ten gunste is van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys nie.

### 4.4.2.10 Vraag 10: Is dit so dat groter ouerbetrokkenheid vir u personeel meer tyd beskikbaar kan stel vir hul professionele taak?

Dat groter ouerbetrokkenheid wel meer tyd beskikbaar kan stel vir onderwysers om hul professionele taak te vervul, spreek uit die feit dat 84% van die respondente "ja" op hierdie vraag geantwoord het (kyk 2.4.4.3.2). Die reaksie van die respondente op hierdie vraag is in sterk kontras met die respons wat op vraag 3 verkry is (vergelyk 4.4.2.3) waar 32% van die skoolhoofde aangedui het dat hulle nie ten gunste van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is nie. Hierdie reaksie stem in ŉ groot mate ooreen met die mening van 44% van die skoolhoofde by stelling 16 (vergelyk tabel 4.3 en 4.4.3.6) dat hulle nie bereid is om ouers te betrek by klerklike en administratiewe pligte van die skool nie.

### 4.4.3 Afdeling B: Ouerbetrokkenheid

Twintig vrae/stellings is in hierdie afdeling gestel wat hoofsaaklik verband hou met ouerbetrokkenheid (vergelyk Bylae C, vrae/stellings 11 tot 30). Alle vrae/stellings is deur die respondente beantwoord. Tabel 4.3 dui die frekwensie aan van die response op vrae/stellings 11 tot 30 in afdeling B.

TABEL 4.3: Response op vrae/stellings 11 tot 30 in Afdeling B

| VRAE/STELLINGS | BAIE BELANGRIK 4 | | BELANGRIK 3 | | MINDER BELANGRIK 2 | | GLAD NIE BELANGRIK 1 | | T O T A A L | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 11 Die bestuursraad het 'n besliste rol te speel in skoolbestuur. | 10 | 40 | 11 | 44 | 4 | 16 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 12 Watter rol speel die TAO of moontlike ander georganiseerde ouerliggame in u skoolbestuursopset? | 1 | 4 | 10 | 40 | 9 | 36 | 5 | 20 | 25 | 100 |
| 13 Hoe belangrik is die bydrae wat u eie statutêre ouerliggaam maak in u skoolbestuursopset? | 3 | 12 | 9 | 36 | 11 | 44 | 2 | 8 | 25 | 100 |
| 14 Hoe belangrik is dit dat ouerliggame oor voldoende kennis moet beskik om hul funksies behoorlik te vervul? | 21 | 84 | 4 | 16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 15 Hoe belangrik is dit dat ouerliggame kennis moet dra van die onderwysdoelstellings van hul skool? | 21 | 84 | 4 | 16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 16 Ouers behoort aangewend te word vir sekere administratiewe en klerklike pligte by die skool (bv. in die mediasentrum en snoepwinkel). | 9 | 36 | 5 | 20 | 8 | 32 | 3 | 12 | 25 | 100 |
| 17 Ouers behoort by skoolaktiwiteite betrokke te wees en beter begrip vir die probleme en behoeftes van hul skool te toon. | 16 | 64 | 9 | 36 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 18 Ouers moet meer betrek word by die skoolaktiwiteite van hul kind(ers) as wat tans die geval is. | 16 | 64 | 7 | 28 | 2 | 8 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 19 Ouers is mede verantwoordelik vir die voorsiening van fasiliteite vir die onderrig van hul kinders. | 20 | 80 | 5 | 20 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 20 Ouers behoort betrek te word by die onderrig van hul kinders in die klassituasie. | 1 | 4 | 3 | 12 | 4 | 16 | 17 | 68 | 25 | 100 |
| 21 Statutêre en nie-statutêre ouerliggame moet ten nouste met die skool saamwerk om die belange van die kind die beste te dien. | 18 | 72 | 7 | 28 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 22 Ouers met verskillende belangstellings moet hulle kan uitleef as volle vennote in die onderwys van hul kinders. | 10 | 40 | 13 | 52 | 2 | 8 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 23 Ouers behoort inspraak te hê ten opsigte van die samestelling van die kurrikulum. | 4 | 16 | 8 | 32 | 5 | 20 | 8 | 32 | 25 | 100 |
| 24 Ouers behoort insette te lewer ten opsigte van die gees en opvoedkundige doelstellings wat by 'n skool heers. | 8 | 32 | 13 | 52 | 2 | 8 | 2 | 8 | 25 | 100 |
| 25 Hoe belangrik is dit dat ouers inspraak moet hê in die bestuur van die fisiese fasiliteite van die skool byvoorbeeld die terreine en geboue - soos dit tans die geval is? | 20 | 80 | 5 | 20 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 26 Ouerliggame moet die verantwoordelikheid aanvaar vir die insameling van en toesig oor die plaaslike skoolfonds. | 22 | 88 | 3 | 12 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 27 Statutêre ouerliggame moet inspraak hê by die aanbevelings vir aanstellings van onderwyspersoneel in permanenete poste. | 8 | 32 | 7 | 28 | 5 | 20 | 5 | 20 | 25 | 100 |
| 28 Groter ouerbetrokkenheid in opvoedende onderwys kan 'n bydrae lewer om van die kind 'n beter volwassene te maak. | 11 | 44 | 11 | 44 | 1 | 4 | 2 | 8 | 25 | 100 |
| 29 Ouerliggame moet nie oortree op die professionele terrein van die onderwyser nie. | 23 | 92 | 1 | 4 | 0 | 0 | 1 | 4 | 25 | 100 |
| 30 Benewens die reeds beskrewe funksies en pligte van ouerliggame is verdere verfyning en presisering daarvan steeds nodig. | 16 | 64 | 8 | 32 | 0 | 0 | 1 | 4 | 25 | 100 |

#### 4.4.3.1 Stelling 11: Die bestuursraad het ŉ besliste rol te speel in skoolbestuur

Uit tabel 4.3 blyk dit dat 84% van die respondente van mening is dat die bestuursraad se rol in skoolbestuur belangrik tot baie belangrik is. ŉ Klein persentasie (16%) van die skoolhoofde dui aan dat die bestuursraad se rol minder belangrik is. Dit blyk dat daar ŉ geringe persentasie skoolhoofde is wat nie hul bestuursrade na wense betrek nie of dat hierdie bestuursrade onbetrokke is (kyk 2.4.4.2 en 2.4.4.2.3).

#### 4.4.3.2 Vraag 12: Watter rol speel die TAO of moontlike ander georganiseerde ouerliggame in u skoolbestuursopset?

Die mening van 56% van die respondente is dat nie-statutêre liggame nie so betrokke is by skoolbestuur soos die geval is met die bestuursraad wat ŉ statutêre ouerliggaam is nie (vergelyk 2.4.4.3.2).

Hoewel dit nie die doel van die TAO is om by die skool se bestuur betrokke te raak nie (vergelyk punt 2.4.4.3.1), is daar 44% van die respondente wat ruimte sien vir die TAO om die skoolhoof en die bestuursraad met bestuursaangeleenthede behulpsaam te wees (kyk 2.4.4.3.2).

#### 4.4.3.3 Vraag 13: Hoe belangrik is die bydrae wat u eie statutêre ouerliggaam maak in u skoolbestuursopset?

Hoewel skoolhoofde van mening is dat bestuursrade ŉ besliste rol te speel het in skoolbestuur (kyk 4.4.3.1) kan die afleiding gemaak word dat bestuursrade in hierdie

komprehensiewe eenheid tans nog nie ŉ wesenlike bydrae maak ten opsigte van skoolbestuur nie. Slegs 48% van die respondente meen dat hul bestuursrade se bydraes tot skoolbestuur in die kategorie "belangrik tot baie belangrik" val (tabel 4.3). ŉ Moontlike rede hiervoor kan wees dat bestuursrade nie hul aksies en beplanning met die hoofde koördineer nie (kyk 2.4.4.2.2) en dat hoofde in hul beplanning nie behoorlik voorsiening maak vir die bydraes van bestuursrade wat betref hul pligte ten opsigte van skoolbestuur nie (kyk 3.3.2).

#### 4.4.3.4 **Vraag 14: Hoe belangrik is dit dat ouerliggame oor voldoende kennis moet beskik om hul funksies behoorlik te vervul?**

Dit blyk dat 84% van die skoolhoofde dit baie belangrik, en 16% van die skoolhoofde dit belangrik ag dat ouerliggame oor voldoende kennis moet beskik om hul funksies behoorlik te vervul (kyk 4.4.2.4). Dit kan gevolglik aanvaar word dat ouerliggame nie na behore kan funksioneer sonder die nodige kennis betreffende hul funksies nie (vergelyk 1.2).

#### 4.4.3.5 **Vraag 15: Hoe belangrik is dit dat ouerliggame kennis moet dra van die onderwysdoelstellings van hul skool?**

Dit blyk dat dit vir 100% van die respondente belangrik is dat ouers voldoende kennis behoort te dra van die onderwysdoelstellings van die skool (kyk 3.2.5). Die afleiding kan gemaak word dat ouerliggame ŉ beter bydrae kan maak tot die opvoedende onderwys van hul kinders indien hulle kennis dra van die onderwysdoelstellings van die skool (vergelyk 3.3.2).

**4.4.3.6 Stelling 16: Ouers behoort aangewend te word vir sekere administratiewe en klerklike pligte by die skool (byvoorbeeld in die mediasentrum en snoepwinkel)**

Uit die response wat verkry is, wil dit voorkom asof die skoolhoofde nie daarvan oortuig is dat ouers sekere administratiewe en klerklike pligte by die skool behoort te verrig nie, hoewel 56% ten gunste van sodanige betrokkenheid is (vergelyk tabel 4.3). Dit lyk asof die respondente huiwerig is om ouers op die terrein van die onderwys toe te laat. ŉ Moontlike verklaring hiervoor is dat sommige hoofde die mening toegedaan kan wees dat hulle aanspreeklik gehou word vir alle aspekte van skoolaangeleenthede en dat ouers wat nie op die skool se personeelstaat is nie, nie verantwoordelik gehou kan word vir probleme wat kan ontstaan nie. Die respondente wat aandui dat ouers betrek behoort te word, kan dui op ŉ behoefte wat by sommige skole bestaan, moontlik as gevolg van ontoereikende personeelvoorsiening (kyk 2.4.4.3.2 en 4.4.2.10).

**4.4.3.7 Stelling 17: Ouers behoort by skoolaktiwiteite betrokke te wees en beter begrip vir die probleme en behoeftes van hul skool te toon**

Dit spreek duidelik uit die reaksie van skoolhoofde (vergelyk tabel 4.3) dat daar ruimte is vir betrokkenheid van ouers by die skoolaktiwiteite van hul kinders, en dat daar by ouers beter begrip vir die behoeftes en probleme van die skool behoort te wees (vergelyk 3.3.4.3). Honderd persent van die respondente evalueer hierdie stelling as belangrik tot baie belangrik. Dit wil voorkom asof die respondente van mening is dat betrokke ouers beter begrip vir die skool se probleme sal toon. Ouers kan betrokke wees by die versorging van die terrein, insameling van fondse en hulp met sportafrigting (kyk 3.3.3 en figuur 2.1).

**4.4.3.8 Stelling 18: Ouers moet meer betrek word by die skoolaktiwiteite van hul kind(ers) as wat tans die geval is**

Die belangrikheid van hierdie vraag word daardeur bewys dat 92% van die respondente meen dat dit belangrik tot baie belangrik is dat ouers meer by hul kinders se skoolaktiwiteite betrek moet word as wat tans die geval is (kyk punt 2.2.4.2). Die afleiding kan gemaak word uit die sterk reaksie van die respondente dat ouers by hierdie skole nie die skoolaktiwiteite van hul kinders genoegsaam ondersteun nie. Hierdie betrokkenheid kan kurrikulêre sowel as buite-kurrikulêre aktiwiteite insluit. ŉ Moontlike oorsaak vir hierdie onbetrokkenheid kan wees dat ouers nie genoegsaam gemotiveer word om die skool se aktiwiteite te ondersteun nie (vergelyk 2.4.4.1 en 2.4.4.3.2).

**4.4.3.9 Stelling 19: Ouers is mede-verantwoordelik vir die voorsiening van fasiliteite vir die onderrig van hul kinders**

Die respondente is dit oorweldigend eens dat ouers mede-verantwoordelik is vir die voorsiening van fasiliteite vir die onderrig van hul kinders. Uit tabel 4.3 is dit duidelik dat 80% hierdie saak as baie belangrik evalueer en die res as belangrik. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente van mening is dat die opvoeding en onderrig van leerlinge baat by die fasiliteite wat deur ouers verskaf word soos onder andere die aankoop van projektors, verskaffing van programmatuur en boeke wat nie uit owerheidsfondse gedra kan word nie (kyk 2.4.4.2.2).

**4.4.3.10 Stelling 20: Ouers behoort betrek te word by die onderrig van hul kinders in die klassituasie**

Volgens tabel 4.3 evalueer 84% van die respondente hierdie vraag as minder belangrik tot glad nie belangrik. Hiervolgens wil dit blyk dat die respondente die professionele terrein van die onderwryser onaangetas wil laat deur persone buite die onderwysprofessie (kyk 4.4.2.5). Sestien persent van die skoolhoofde is van mening dat ouers wel ŉ bydrae kan lewer deur moontlik roetinetake te verrig soos byvoorbeeld registers voltooi en punte opskryf sodat die onderwyser aandag aan die meer didakties georiënteerde take kan gee. Dit word aanvaar dat die ouer onder leiding van die onderwyser hierdie take sal verrig en dat ouers met spesifieke kwalifikasies en talente hier ter sprake is (vergelyk 2.4.3). Daar moet op gewys word dat dit nie beleid is dat ouers handel op die professionele terrein van die onderwyser nie (kyk 2.4.4.2.2). Aan die anderkant is die bevoegdheidsterreine van ouer en onderwyser nie altyd duidelik afgebaken nie en kan dit soms oorvleuel (kyk 2.4.4.3.2). Ses en vyftig persent van die respondente het by stelling 16 (kyk 4.4.3.6) aangedui dat hulle bereid is om ouers sekere administratiewe en klerklike pligte te laat verrig.

**4.4.3.11 Stelling 21: Statutêre en nie-statutêre ouerliggame moet ten nouste met die skool saamwerk om die belange van die kind die beste te dien**

Dit blyk uit tabel 4.3 dat 100% van die skoolhoofde hierdie vraag as belangrik tot baie belangrik evalueer. Die afleiding kan gemaak word dat swak samewerking en spanning tussen ouerliggame en die skool die belange van die kind ten opsigte van sy opvoedende onderwys benadeel (kyk 2.4.4.1 en 2.4.4.3.2).

**4.4.3.12 Stelling 22: Ouers met verskillende belangstellings moet hulle kan uitleef as volle vennote in die onderwys van hul kinders**

Uit die response op hierdie vraag is dit duidelik dat 92% van die skoolhoofde baie ruimte sien vir ouers met verskillende belangstellings om in ȟ gees van vennootskap hulle self te kan uitleef by die opvoedende onderwys van hul kinders (kyk tabel 4.3). Ouers kan op verskillende komitees dien en onder meer behulpsaam wees met die organisasie van kultuuraksies en uitstappies en die reël van sprekers met die oog op leiding aan ouers oor opvoedkundige aangeleenthede (kyk figuur 2.1 en 2.4.4.3.2). Die afleiding kan gemaak word dat ouers as vennote welkom is by skole, solank hulle nie die professionele terrein van die onderwyser betree nie (vergelyk 4.4.3.10 en 4.4.2.5).

**4.4.3.13 Stelling 23: Ouers behoort inspraak te hê ten opsigte van die samestelling van die kurrikulum**

Dit wil blyk dat daar redelike verspreiding van mening voorkom onder die respondente ten opsigte van ouerinspraak in die samestelling van die kurrikulum. Die meerderheid (52%) beskou die ouer se aandeel vanaf minder belangrik tot glad nie belangrik nie. Agt en veertig persent van die respondente meen egter dat ouers wel inspraak behoort te hê in kurrikulumaangeleenthede. Die amptelike erkenning wat statutêre en nie-statutêre ouerliggame geniet, verleen aan hierdie liggame inspraak in kurrikulumaangeleenthede (kyk 2.4.4.2.2, 2.4.4.3.2 en figuur 2.2). Die Transvaalse Onderwysraad (kyk 2.4.4.3.2) bied ȟ belangrike forum aan ouers waar hulle hul standpunte kan stel en bydraes kan lewer ten opsigte van die formele onderwys van hul kinders. Die rede waarom 52% van die respondente ouerinspraak in kurrikulumaangeleenthede as van minder belang evalueer, kan moontlik daarin geleë wees dat hierdie skoolhoofde van

mening is dat daar nie kundige ouers is wat wel ŉ bydrae kan maak nie. Die res van die respondente (48%) het ŉ meer positiewe siening wat daarop kan dui dat hulle bewus is van verandering wat die afgelope tyd plaasgevind het met betrekking tot die inspraak van ouerliggame in die onderwysaangeleenthede van hul kinders (kyk punt 2.4.4.2.2). Ouers het sekerlik ook ŉ normatiewe reg om te help bepaal wat aan sy kind geleer en nie geleer behoort te word nie.

### 4.4.3.14 Stelling 24: Ouers behoort insette te lewer ten opsigte van die gees en opvoedkundige doelstellings wat by ŉ skool heers

Die respondente ondersteun die gedagte sterk dat ouers insette behoort te lewer oor die saak wat in hierdie stelling ter sprake is soos blyk uit tabel 4.3 (vgl. ook punt 3.3.4.5). Vier en tagtig persent evalueer die vraag as belangrik tot baie belangrik terwyl 16% dit as minder belangrik tot glad nie belangrik evalueer. Indien die mening van die respondente by stelling 23 vergelyk word met stelling 24 is daar ŉ redelike teenstrydigheid merkbaar. Die rede hiervoor kan wees dat die meerderheid respondente moontlik van mening is dat ouers inspraak kan hê in onderwyssake wat op die periferie geleë is soos kleredrag en buitemuurse beleid maar nie ten opsigte van aspekte wat tradisioneel die verantwoordelikheid van die onderwyser is nie (kyk 2.4.4.3.2). Laasgenoemde sluit sake in wat op die professionele terrein van die onderwyser lê. Aangesien opvoeding deur die gesin volgens ŉ bepaalde lewens- en wêreldbeskouing geskied, kan insette ten opsigte van hierdie stelling die ouer nie misgun word nie (kyk 2.2.3.2).

**4.4.3.15 Vraag 25: Hoe belangrik is dit dat ouers inspraak moet hê in die bestuur van die fisiese fasiliteite van die skool, byvoorbeeld die terreine en geboue, soos dit tans die geval is?**

Tagtig persent van die respondente evalueer dit as baie belangrik en 20% as belangrik dat ouers inspraak moet hê in die bestuur van fisiese fasiliteite soos dit tans die geval is. Dit is dus ŉ raakpunt waar ouerbetrokkenheid hoog aangeslaan word. ŉ Moontlike verklaring vir hierdie bykans eenparige positiewe mening van skoolhoofde is dat hulle oor dekades heen gewoond geraak het aan ouerondersteuning op hierdie terrein (kyk 2.4.4.22). Ouers lewer ŉ belangrike bydrae om addisionele fasiliteite te voorsien soos onder andere verversings- en onthaallokale, stoorruimtes vir voertuie en pawiljoene. Tuine en sportvelde waarvoor daar nie altyd voldoende arbeid by die skool beskikbaar is nie word deur ouers in stand gehou. ŉ Verdere afleiding kan gemaak word dat skole op hierdie terrein nie sonder ouerinspraak na behore sal kan funksioneer nie (kyk figuur 2.1).

**4.4.3.16 Stelling 26: Ouerliggame moet die verantwoordelikheid aanvaar vir die insameling van en toesig oor die plaaslike skoolfonds**

Die respondente ondersteun die gedagte (100%) dat ouerliggame verantwoordelikheid aanvaar vir die insameling van en toesig oor die plaaslike skoolfonds (kyk 2.4.4.2.2). Die afleiding kan gemaak word dat hoofde van mening is dat fondsinsameling nie die primêre taak van die onderwyser is nie, maar dat ouers die fondse moet voorsien vir fasiliteite wat nie deur die owerheid beskikbaar gestel word nie. Dit wil lyk asof die respondente van mening is dat fondsinsameling en toesig daaroor deur ouerliggame die onderwyspersoneel sal onthef van ŉ las wat inbreuk maak op onderrigtyd (vergelyk 2.2.4.3).

**4.4.3.17 Stelling 27: Statutêre ouerliggame moet inspraak hê by die aanbevelings vir aanstellings van onderwyspersoneel in permanente poste**

Die respons op hierdie vraag dui daarop dat 60% van die respondente dit as belangrik tot baie belangrik evalueer. ŉ Beduidende persentasie van die respondente (40%) meen egter dat die inspraak van ouerliggame by die aanbeveling vir aanstelling van onderwyspersoneel in permanente poste minder belangrik is. Die eerste groep respondente (60%) is moontlik die mening toegedaan dat ouers ŉ reg het om inspraak te hê in die aanstelling van onderwysers wat vir hul kinders onderrig gee (kyk 2.4.4.2.2). Ouers behoort hulle te vergewis van die lewens- en wêreldbeskouing van onderwyspersoneel wat vir hulle kinders onderrig gee.

**4.4.3.18 Stelling 28: Groter ouerbetrokkenheid in opvoedende onderwys kan ŉ bydrae lewer om van die kind ŉ beter volwassene te maak**

Volgens tabel 4.3 stem 88% van die respondente met hierdie vraag saam. Die afleiding kan gemaak word dat daar ŉ behoefte by die skole bestaan aan konstruktiewe samewerking met ouers in belang van die kind. Die twee respondente wat glad nie met hierdie vraag saamstem nie, dui aan (vergelyk 4.4.2.1) dat die TAO nie by hulle skole bestaan nie, maar wel ŉ ander soortgelyke ouerliggaam (vergelyk 4.4.2.2). By 4.4.2.3 het dieselfde twee respondente aangedui dat hulle nie ten gunste van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is nie. Dit wil voorkom asof hierdie twee respondente nie positief ingestel is ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys nie.

#### 4.4.3.19 Stelling 29: Ouerliggame moet nie oortree op die professionele terrein van die onderwyser nie

Afgesien van een respondent is die ander 24 respondente daarteen gekant dat ouerliggame op die professionele terrein van die onderwyser oortree. Hierdie reaksie is grootliks in ooreenstemming met die respons op vraag 5 (vergelyk tabel 4.2). Die afleidings wat by vraag 5 gemaak is, geld ook by hierdie vraag. ŉ Moontlike verdere rede vir hierdie sterk reaksie van die respondente kan wees dat die skoolhoofde ouers se reaksie op hul professionele taak dikwels as ongunstig beleef veral waar die skool sekere verwagtinge van die huisgesin koester soos onder andere dat ouers ŉ gedissiplineerde kind skool toe sal stuur en dat ouers sal toesien dat kinders die skool se aktiwiteite sal ondersteun (kyk 2.2.4.3). Ouers het egter sekerlik ook ŉ ouerlike plig om die professionele optrede van onderwysers normatief en lewensbeskoulik te evalueer.

#### 4.4.3.20 Stelling 30: Benewens die reeds beskrewe funksies en pligte van ouerliggame is verdere verfyning en presisering daarvan steeds nodig

Die respondente dui aan dat daar ŉ groot behoefte bestaan aan verdere omskrywing van die funksies en pligte van ouerliggame. Ses en negentig persent van die respondente is dié mening toegedaan. Die afleiding kan gemaak word dat die skoolhoofde nie volkome sekerheid het oor die plek en taak van ouerliggame in die huidige onderwysstelsel nie. Die respondente huldig moontlik ook die mening dat presiese

afbakening van ouerliggame se funksies en pligte sal verhoed dat ouerliggame op die professionele terrein van die onderwyser sal oortree (vergelyk 2.4.2).

### 4.4.4 Afdeling C: Die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame

In hierdie afdeling is 10 stellings gemaak waarop die respondente "waar" of "onwaar" moes antwoord deur ŉ kruisie in ŉ toepaslike kolom te trek (vergelyk Bylae C, stellings 31 tot 40). Die stellings handel oor die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame. Die respondente het op alle stellings gereageer.

Tabel 4.4 dui die frekwensie aan van die response op stellings 31 tot 40 van afdeling C.

TABEL 4.4: : Response op stellings 31 tot 40 in Afdeling C

| STELLING | WAAR | | ONWAAR | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| 31 Die skoolhoof van die hedendaagse skool moet onderlê wees in didaktiese sowel as in bestuursvaardighede. | 25 | 100 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 32 Die skoolhoof het 'n rol te vervul in die opleiding/voorligting van ouerliggame vir hul taak. | 25 | 100 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 33 Die skoolhoof moet ouerliggame se belangstelling in opvoedende onderwys organiseer en koördineer sodat die kind in die besonder en die skool in die algemeen daarby baat kan vind. | 23 | 92 | 2 | 8 | 25 | 100 |
| 34 Die gebrek aan entoesiasme by ouers aangaande skoolaangeleenthede kan onder andere toegeskryf word aan gebrekkige kennis daaroor. | 22 | 88 | 3 | 12 | 25 | 100 |
| 35 Ouers sal die nodige opleiding moet ondergaan ten einde as georganiseerde ouerliggame doeltreffend bydraes tot onderwysbestuur te kan maak. | 24 | 96 | 1 | 4 | 25 | 100 |
| 36 Dit is noodsaaklik dat die skoolhoof kundig en vaardig sal wees in doeltreffende kommunikasie met ouerliggame. | 25 | 100 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 37 Die skoolhoof het vanuit bestuursoogpunt gesien 'n rol te vervul ten opsigte van ouerliggame om opvoedende onderwys te laat slaag. | 25 | 100 | 0 | 0 | 25 | 100 |
| 38 Die skoolhoof moet die rol as besluitnemer in skoolbestuur vervul. | 24 | 96 | 1 | 4 | 25 | 100 |
| 39 Die skoolhoof se leierskapsrol, ook met betrekking tot ouerliggame, bepaal watter soort atmosfeer in die skool sal heers. | 24 | 96 | 1 | 4 | 25 | 100 |
| 40 Ouers het die reg om ingelig te wees en te verstaan waaroor dit in die skool gaan. Dus beklee die hoof 'n inligtingsrol met betrekking tot ouerliggame. | 25 | 100 | 0 | 0 | 25 | 100 |

Stellings 31 tot 40 word vervolgens bespreek na aanleiding van die data in tabel 4.4.

4.4.4.1 **Stelling 31: Die skoolhoof van die hedendaagse skool moet onderlê wees in didaktiese sowel as in bestuursvaardighede**

Alle respondente het "waar" op hierdie stelling geantwoord. Die afleiding kan gemaak word dat skoolhoofde gewillig is om hul kennis oor didaktiese en bestuursvaardighede te verbreed nie (kyk 3.1). Behalwe dat die skoolhoof professionele leier in die skool is, moet hy ook die aktiwiteite van ouerliggame bestuur (vergelyk 3.3).

4.4.4.2 **Stelling 32: Die skoolhoof het 'n rol te vervul in die opleiding/voorligting van ouerliggame vir hul taak**

Op hierdie stelling het 100% van die respondente "waar" geantwoord, waaruit afgelei kan word dat die skoolhoofde bereid is om ouerliggame te begelei om hul funksie in georganiseerde ouerverband te vervul (vergelyk 3.3.4.2) sodat ouers toegerus kan word met meerdere kennis wat betref hul verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoedende onderwys van hul kinders.

4.4.4.3 **Stelling 33: Die skoolhoof moet ouerliggame se belangstelling in opvoedende onderwys organiseer en koördineer sodat die kind in die besonder en die skool in die algemeen daarby baat kan vind**

Twee en negentig persent van die respondente het "waar" op hierdie stelling geantwoord. Die respondente aanvaar dat

hulle in die verband ŉ rol te speel het en dat hulle nie afsydig kan staan ten opsigte van die belangstelling van ouers in die opvoedende onderwys van hul kinders nie (vergelyk 2.4.4.3.2 en 3.3.3). Daar rus immers ook ŉ ouerlike plig op ouers om belang te stel in die opvoedende onderwys van hul kinders.

4.4.4.4 **Stelling 34: Die gebrek aan entoesiasme by ouers aangaande skoolaangeleenthede kan onder andere toegeskryf word aan gebrekkige kennis daaroor**

Die meerderheid (88%) van die respondente onderskryf die vraag. Die afleiding kan gemaak word dat skoolhoofde kennis aangaande skoolaangeleenthede deur ouers hoog aanslaan. Dit wil ook blyk dat daar ŉ gebrek aan entoesiasme by die ouers van hierdie skole voorkom, moontlik as gevolg van ŉ gerustheid by ouers dat dit goed gaan met hul kinders by die skool (kyk 3.3.4.3). Die respondente wat nie met die vraag saamstem nie, ervaar moontlik nie ŉ gebrek aan entoesiasme by hul ouers ten opsigte van skoolaangeleenthede nie.

4.4.4.5 **Stelling 35: Ouers sal die nodige opleiding moet ondergaan ten einde as georganiseerde ouerliggame doeltreffende bydraes tot onderwysbestuur te kan maak**

Ses en negentig persent van die respondente het "waar" op hierdie stelling geantwoord. Indien daar gelet word op die respons op stelling 32 (kyk 4.4.4.2) wil dit voorkom asof skoolhoofde hulle sal moet oriënteer om nougeset te werk om leiding te gee aan ouerliggame wat betref hul verantwoordelikhede met betrekking tot sinvolle ouerbetrokkenheid. Dit dien geen doel dat ouerliggame daargestel word en nie sinvol funksioneer nie (kyk 3.3.4.1 en 4.4.2.8).

**4.4.4.6 Stelling 36: Dit is noodsaaklik dat die skoolhoof kundig en vaardig sal wees in doeltreffende kommunikasie met ouerliggame**

Die afleiding kan gemaak word dat respondente ŉ hoë premie plaas op kommunikasie tussen skool en ouerliggame, aangesien 100% "JA" geantwoord het op hierdie stelling (kyk 3.3.4.6). Sonder doelmatige kommunikasie kan geen behoorlike vennootskap tussen skool en ouerliggame bestaan nie (vergelyk 3.3.4.9). Die literatuurstudie in punt 3.3.4.6 tot 3.3.4.9 word deur hierdie positiewe uitspraak van die respondente bevestig.

**4.4.4.7 Stelling 37: Die skoolhoof het vanuit bestuursoogpunt gesien ŉ rol te vervul ten opsigte van ouerliggame om opvoedende onderwys te laat slaag**

Op hierdie vraag het 100% van die respondente "waar" as die waarskynlike antwoord gestel wat daarop dui dat die skoolhoofde bereid is om ouerliggame binne die skool-bestuursopset te akkommodeer. Die funksies, pligte en verantwoordelikhede van ouerliggame ten opsigte van opvoedende onderwys word dus deur hierdie skoolhoofde erken wanneer hulle beplan, organiseer, leiding gee en beheer uitoefen wat die totale skoolprogram betref.

**4.4.4.8 Stelling 38: Die skoolhoof moet die rol as besluitnemer in skoolbestuur vervul**

Die feit dat die skoolhoof ook die rol as besluitnemer moet vervul, word duidelik bevestig deurdat 96% van die respondente "waar" geantwoord het op hierdie stelling (vergelyk 3.4.5.2). Skoolhoofde sal in hierdie opsig bereid

moet wees om besluite te neem wat ouerliggame raak ter wille van kontinue aktiewe betrokkenheid van hierdie liggame in belang van die opvoedende onderwys (vergelyk fig. 3.1).

**4.4.4.9 Stelling 39: Die skoolhoof se leierskapsrol, ook met betrekking tot ouerliggame, bepaal watter soort atmosfeer in die skool sal heers**

Die respondente erken ook die leierskapsrol wat skoolhoofde vervul met betrekking tot ouerliggame. Ses en negentig persent van die respondente is van mening dat die skoolhoof se leierskapsrol bepalend is wat betref die soort atmosfeer wat in ŉ skool heers. Dit wil dus blyk dat die skoolhoof dit onder andere as sy taak sien om as leier in die skoolgemeenskap sy rol só te vervul dat ouerliggame tuis sal voel by die skool en sodoende hul funksies in ŉ gees van harmonie en eensgesindheid sal uitvoer (vergelyk 3.4.5.2).

**4.4.4.10 Stelling 40: Ouers het die reg om ingelig te wees en te verstaan waaroor dit in die skool gaan. Dus beklee die hoof ŉ inligtingsrol met betrekking tot ouerliggame**

Die respondente is dit eens (100%) dat skoolhoofde ŉ inligtingsrol met betrekking tot ouerliggame beklee. Hieruit kan afgelei word dat die skoolhoofde ouerliggame beskou as ŉ doeltreffende middel om met ouers in die algemeen te kommunikeer en dat hierdie ouerliggame geleentheid gebied word om langs die weg van kommunikasie in kontak te bly met die mense wat hulle verkies het (vergelyk 2.4.4.2.2). Uit die reaksie is dit ook duidelik dat die skoolhoofde nie alle inligting rakende die skool vir hulself hou nie, maar ter sake inligting onder andere via hul ouerliggame na die ouergemeenskap deurgee (kyk 3.4.5.2).

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ŉ uiteensetting gegee van die navorsingsontwerp soos van toepassing op die empiriese ondersoek.

Die vraelys as meetinstrument is bespreek en met verwysing na toepaslike literatuur is die voordele sowel as die nadele van die posvraelys belig. Die gestruktureerde posvraelys as meetinstrument vir hierdie ondersoek het by die navorser voorrang geniet. Respondente is versoek om op veertig vrae te respondeer. Die vraelys bestaan uit drie afdelings naamlik afdeling A (algemene vrae), afdeling B (ouerbetrokkenheid) en afdeling C (bestuursrol van die skoolhoof).

Interpretering van die response van elke afdeling is gedoen. Die data ter sprake is getabelleer ten einde bespreking en verwysing te vergemaklik. Daar is met groot vrug gebruik gemaak van die rekenaarkundiges van die PU vir CHO vir die statistiese verwerking van die data.

In Hoofstuk 5 sal ŉ samevatting gegee word van die geheel van hierdie navorsing. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word om hierdie ondersoek te voltooi.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.1 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is aandag gegee aan die probleemstelling met betrekking tot die navorsing waarna die doel met die navorsing en die navorsingsmetodes bespreek is. ŉ Diagrammatiese hoofstukindeling ten opsigte van die struktuur en verloop van die navorsing is gegee.

Die navorsing het ŉ literatuurstudie sowel as ŉ empiriese ondersoek behels.

Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is in Hoofstuk 2 bespreek. In hierdie hoofstuk het dit na vore gekom dat die ouer vanweë die aard en struktuur van die gesin betrokke moet wees by die opvoedende onderwys van die kind(ers) in die gesin. Daar is aangetoon dat die skool en huisgesin elkeen afsonderlike samelewingsverbande is. Dieselfde doelstelling, naamlik opvoedende onderwys, moet egter deur die huisgesin en die skool nagestreef word. Voorts is aandag gegee aan die magte en pligte van statutêre en nie-statutêre ouerliggame waardeur ouers op georganiseerde wyse ŉ bydrae kan maak en betrokke kan wees by die opvoedende onderwys van hul kinders.

Hoofstuk 3 handel oor die bestuursrol en -taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame. Daar is aangetoon dat die skoolhoof ten opsigte van die aktiwiteite van ouerliggame ook bestuurswerk soos beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening moet verrig. Met die

bestuursrolbenadering van Mintzberg as uitgangspunt, is die verskillende rolle wat die skoolhoof ten opsigte van ouerliggame behoort te vervul, bespreek.

In Hoofstuk 4 is oorgegaan tot ŉ empiriese ondersoek. Nadat die navorsingsontwerp bespreek is, is oorgegaan tot die interpretering van die data.

## 5.2 GEVOLGTREKKINGS

### 5.2.1 Inleidende opmerking

In paragraaf 1.3 is die doelstellings met betrekking tot hierdie navorsing geformuleer. Dit kan soos volg saamgevat word:

* Daar is beoog om die terreine en bevoegdheid van ouerliggame, asook die rol en taak van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame se betrokkenheid by opvoedende onderwys uit literatuur na te vors en te beskryf. Dit is in Hoofstuk 2 en 3 gedoen.

* ŉ Tweede hoofdoelstelling van hierdie navorsing was om empiriese data te bekom aangaande die aktiwiteite van ouerliggame by ŉ aantal skole. Dit sluit in die standpunte van skoolhoofde ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys. Sekere aanbevelings met betrekking tot die bestuursrol van die skoolhoof sover dit ouerliggame aangaan, sou gemaak kon word.

Hierdie doelstellings is bereik deur praktiese ondersoek beskryf in Hoofstuk 4.

In die navorsing is bevind dat die bestuursraad as statutêre ouerliggame asook die TAO as nie-statutêre ouerliggaam besliste magte en pligte het sover dit betrokkenheid van ouerliggame by opvoedende onderwys aangaan (vergelyk 2.4.4.2.2 en 2.4.4.3.4). Daar is ook bevind dat die skoolhoof beslis ŉ bestuursrol te vervul het ten opsigte van ouerliggame se betrokkenheid by opvoedende onderwys (vergelyk 3.4.5.2).

### 5.2.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot die literatuurstudie

* Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is ŉ voldonge feit in die huidige blanke onderwysbestel (vergelyk 2.4.3).

* Ouerbetrokkenheid kan suksesvol wees indien die vennootskapgedagte tussen huisgesin (i.c. ouers) en skool gevestig kan word (vergelyk 2.1).

* Skoolhoofde sal in hul beplanning en doelwitstelling vir hul skole voorsiening moet maak vir sinvolle ouerbetrokkenheid by die aktiwiteite en bestuur van die skool (vergelyk 2.2.4.2, 2.4.1 en 3.3.1).

* Noue samewerking tussen statutêre en nie-statutêre ouerliggame en die skool is noodsaaklik ten einde sinvolle ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys te laat slaag (vergelyk 2.4.4.3.2).

* Die verantwoordelikheidsgebiede van ouerliggame en die skool is soms nou vervleg en oorskryding van mekaar se grense is dikwels onafwendbaar (vergelyk 2.4.4.3.2).

* Ouerliggame het ŉ behoefte aan leiding wat betref hul magte, funksies en pligte en skoolhoofde blyk die aangewese persone te wees om die nodige leiding in hierdie opsig te verskaf (vergelyk 3.3.4.2).

* Die skoolhoof as bestuurder van die skool vervul verskillende bestuurstake en vertolk verskeie bestuursrolle - ook met betrekking tot ouerliggame (vergelyk 3.3.1, 3.4.3, 3.4.4 en 3.4.5.2).

* Doeltreffende kommunikasie tussen ouerliggame en skoolhoofde blyk noodsaaklik te wees om die vennootskap tussen die ouerhuis en die skool te laat slaag (vergelyk 3.3.4.9).

### 5.2.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die empiriese ondersoek

Die gevolgtrekkings wat hier gemaak word, geld slegs vir die teikenpopulasie (vergelyk 4.3.4) en nie vir skole in die hele Transvaal nie.

* Bestuursrade, ouers en skoolhoofde in hierdie komprehensiewe eenheid behoort meer aandag te gee aan die stigting van takke van die TAO by skole sodat ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys bevorder kan word in belang van die opvoedende onderwys van die kind (vergelyk tabel 4.2 en 4.4.2.2).

* ŉ Beduidende persentasie van die skoolhoofde is ten gunste van ouerbetrokkenheid by opvoedende skoolonderwys (vergelyk 4.4.2.3).

* Die skoolhoofde is oorwegend van mening dat ouers nie die professionele terrein van die onderwyser mag betree nie (vergelyk 4.4.2.5, 4.4.3.10 en 4.4.3.19).

* Skoolhoofde steun ouerbetrokkenheid mits hierdie betrokkenheid op die periferie van die opvoedende onderwys geskied en nie die professionele terrein van die onderwyser betree nie (vergelyk 4.4.3.6, 4.4.3.12, 4.4.1.15 en 4.4.3.16).

* Daar bestaan ŉ behoefte by skoolhoofde dat die funksies en pligte van ouerliggame meer in detail beskryf en afgebaken moet word sover dit hul betrokkenheid op die gebied van die opvoedende onderwys betref (vergelyk 4.4.2.7 en 4.4.3.20).

* Skoolhoofde is bereid om opleiding/voorligting aan ouers te verskaf rakende hul taak (kyk 4.4.4.2).

* Die respondente is gewillig om vanuit bestuursoogpunt ouerliggame by te staan om suksesvol te funksioneer. Die skoolhoofde is dus bereid om in hul bestuursopset voorsiening te maak vir die betrokkenheid van ouers (vergelyk 4.4.4.7).

* Skoolhoofde is die mening toegedaan dat hulle verskillende bestuursrolle vertolk met betrekking tot ouerliggame (vergelyk 4.4.4.8, 4.4.4.9 en

4.4.4.10).

## 5.3 AANBEVELINGS

### 5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van dié navorsing

** **Statutêre ouerliggame**

* ŉ Skoolhoof behoort nie amptelik lid van die bestuursraad te wees nie. Indien die skoolhoof statutêr deel is van die bestuursraad met volle stemreg, soos tans die geval is, behoort hy toegelaat te word om as voorsitter beskikbaar te wees.

Ter motivering vir hierdie aanbeveling word die aandag daarop gevestig dat die bestuursraad, uitgesonderd die hoof, deur ouers van die gemeenskap verkies word om as spreekbuis vir hulle te dien. ŉ Skoolhoof is nie noodwendig ŉ ouer van die skool nie en kan dus nie namens die ouers praat nie. Die skoolhoof behoort slegs ampshalwe as professionele leier van die skool in ŉ raadgewende hoedanigheid op die bestuursraad te dien. Dit sal verhoed dat die skoolhoof deur ouers mede-aanspreeklik gehou word vir die besluite van ŉ bestuursraad waarmee die ouergemeenskap nie saamstem nie.

* ŉ Skoolhoof wat kennis gegee het dat hy sy pos ontruim om welke rede ookal en wat steeds in diens is wanneer aansoeke vir sy toekomstige vakante pos oorweeg word, behoort hoegenaamd nie inspraak te hê

in die aanbeveling vir aanstelling van ȟ kandidaat in sodanige vakature nie.

As rede vir hierdie aanbeveling word aangevoer dat ȟ uittredende skoolhoof die bestuursraad leiding kan gee om ȟ sekere kandidaat aan te beveel vir aanstelling. Nadat die skoolhoof sy pos ontruim het, is hy onthef van verantwoordelikheid indien ȟ aanstelling nie suksesvol is nie. Die bestuursraad bly steeds verantwoording verskuldig aan die ouers. Die advies van ȟ superintendent van onderwys (kring) is in die opsig minder riskant vanweë die feit dat hy toegang het tot vertroulike dokumente van elke kandidaat. Die finale aanbeveling vir aanstelling in hierdie geval bly dan die verantwoordelikheid van die bestuursraad, maar sonder inspraak van die skoolhoof.

* Die meerderheid bestuursrade in hierdie komprehensiewe eenheid moet deur skoolhoofde gemotiveer word om binne hul magte en pligte aktief deel te neem aan die bestuursaktiwiteite van die skool ten einde ȟ konstruktiewe bydrae te maak in belang van die opvoedende onderwys van die leerlinge.

* Bestuursrade, as verantwoordelike ouerliggame, moet volle verantwoordelikheid vir die insameling van fondse vir die skoolfonds aanvaar en nie sodanige verpligting delegeer aan nie-statutêre ouerliggame soos die TAO nie. Laasgenoemde ouerliggame behoort slegs fondse vir hul eie rekening te genereer.

** **Nie-statutêre ouerliggame**

* Daar moet van owerheidskant verdere aandag gegee word aan die verfyning en presisering van die magte en pligte van nie-statutêre ouerliggame.

* Tydens hoofde-simposia behoort meer tyd gewy te word aan besprekings oor die bevoegdheidsterreine van ouerliggame in die algemeen.

* Ten einde die vennootskapsgedagte met betrekking tot opvoedende onderwys te bevorder behoort skoolhoofde en bestuursrade die stigting van TAO-takke by skole aan te moedig en bestaande takke te motiveer tot aktiewe betrokkenheid by skoolaktiwiteite.

### 5.3.2 **Aanbeveling vir verdere navorsing**

Die volgende is belangrik met die oog op verdere navorsing:

* Skoolhoofde behoort op kontinue en indringende grondslag voorgelig te word in verband met wetgewing sover dit die betrokkenheid van ouers/ouerliggame op statutêre en nie-statutêre vlak raak (vergelyk 4.4.2.7).

* Daar behoort verdere navorsing gedoen te word om te bepaal of die funksies van ouerliggame ten opsigte van skoolbestuur nie oorbeklemtoon word nie (kyk 4.4.3.2 en 4.4.3.3).

* Daar moet vasgestel word of ouers te midde van ŉ eie veeleisende werkprogram by magte is om te voldoen aan die eise wat deur wette, ordonnansies en reglemente van statutêre en nie-statutêre ouerliggame gestel word (kyk 2.4.4.2.2 en 2.4.4.3.2).

* Daar moet bepaal word in watter mate die bestuursrol van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame (vergelyk 3.4) die taak van die onderwyser kan verlig sodat hy meer tyd tot sy beskikking kan hê vir onderrig in die klassituasie (kyk 4.4.2.10).

* Navorsing oor ouerbetrokkenheid behoort gedoen te word om vas te stel of die geleenthede wat tans bestaan vir ouers met verskillende belangstellings, toereikend is sodat ouers betrokke wil wees by die opvoedende onderwys en ander skoolaktiwiteite van hul kinders.

* Daar moet bepaal word of betrokkenheid van die ouer by sy gesin tans nie meer aandag behoort te geniet as betrokkenheid van die ouer by die skoolaktiwiteite van die kind nie (vergelyk 2.2.3.3 en 2.2.3.4).

## 5.4 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is ŉ samevatting gemaak van die inhoud van Hoofstuk 1 tot Hoofstuk 4. In die navorsing het dit na vore gekom dat groter ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys aan die orde van die dag is en dat ouers hul verantwoordelikhede in die opsig nie mag versuim nie.

Die huisgesin en die skool as afsonderlike samelewingsverbande het elk ħ eie bevoegdheidsterrein wat onderling eerbiedig en gerespekteer moet word ten einde ħ suksesvolle vennootskap tussen ouerhuis en skool daar te stel. As professionele leier van die skool, kan die skoolhoof hom nie losmaak van die bestuursrol en -taak wat hy moet vervul ten opsigte van ouerliggame in die uitvoering van sy taak nie.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak om die navorsing mee af te sluit.

# B R O N N E L Y S

**ALLEN, L.A.** 1958. Management and organization. New York: McGraw-Hill.

**ARY, D., JACOBS, L.C. & ASHGAR, R.** 1985. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart and Winston.

**BADENHORST, D.C.,** red. 1986. Skoolbestuur : Die rol en taak van die onderwyser. Pretoria: HAUM.

**BARNARD, M.C.** 1981. Kommunikasie tussen ouer en skool(hoof). Die Unie, 77(12):297-299, Jun.

**BARNARD, M.C.** 1986. Die skoolhoof en die ouer. Die Vrystaatse onderwyser, 76(1):7-15, Jan.

**BARNARD, S.S.** 1982(a). Die gesinsaard vra ouerbetrokkenheid. Woord en daad, 22(239):5-6, Jul.

**BARNARD, S.S.** 1982(b). Wat is die skool? Woord en daad, 22(239):7-8, Aug.

**BARNARD, S.S.** 1982(c). Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys. Fokus, 10(3):2139-2159, Sept.

**BARNARD, S.S.** 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Pretoria : Butterworth.

**BARNARD, S.S.** 1986. Die samehang tussen onderwysbestuur en skool-gemeenskapsverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Onderwysbestuur : grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM. p.361-396.)

**BERNARD, P.B.** 1981. Onderwysbestuur en onderwysleiding. Pretoria : Butterworth.

**BEST, J.W.** 1981. Research in education. Englewood Cliffs, N.J: Prentice-Hall.

**BOTHA S.S.** 1977. Die sosiale lewe van die kind in opvoeding. Pretoria : Pretoria Drukkers.

**BORG, W.R.& GALL, M.D.** 1979. Educational research: an introduction. New York : Longman.

**BREDENKAMP, P.H.** 1987(a). Onderwyssimposium, openingsrede. Onderwysnuusflitse, 78:5-6, Aug.

**BREDENKAMP, P.H.** 1987(b). Toespraak by geleentheid van die saamtrek van die belangegroep Laerskole van die T.O. te Laerskool Fleur op 22 Augustus 1987.

**CLASE, P.J.** 1985. Ouerbetrokkenheid. Die Vrystaatse onderwyser, 75(9):4-8, Sept.

**CLASE P.J.** 1987. Die instelling van die Transvaalse Onderwysraad. Onderwysnuusflitse, 79:4-6, Nov.

**COMER, J.P.** 1986. Parent participation in the schools. Phi Delta Kappan, 67(6):442-446, Feb.

**DE WET, P.R.** 1980. Inleiding tot onderwysbestuur. Kaapstad : Lex Patria.

**DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A.** 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Pretoria : Butterworth.

**ELOFF, S.J.** 1982. Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys. (In Onderwys vir die toekoms : referate gelewer by die Afrikaner-onderwyskongres gehou op 18 tot 21 Maart 1982 te Bloemfontein. Bloefmontein. p.207-253.)

**FRANZEN, H.E.** 1984. Ouer moet meer betrokke raak. SAOR bulletin, 20:16, Sept.

**GARBERS, J.G.** 1984. Van die RGN-Onderwysondersoek tot Witskrif en wetgewing - Navorsingsbestuuroorwegings. (Rede gelewer as ere-professor in die Departement Psigo- en Sosiopedagogiek op 15 Oktober 1984 by die Universiteit van Pretoria.)

**GOLDRING, E.B.** 1986. The school community : its effects on principals' perceptions of parents. Educational administration quarterly, 22(2):115-131, Spring.

**GORTON, R.A.** 1981. School administration: challenge and opportunity for leadership. Duduque, Iowa. : Brown.

**GORTON, R.A.** 1983. School administration and supervision: leadership challenges and opportunities. Duduque, IOWA: Brown.

**GRAY, M.** 1988. Week by week. Education, 171(3):43, Jan.

**HEYNS, G.F.** 1986. Ouerbetrokkenheid. Die Vrystaatse onderwyser, 76(5):7-12 Mei.

**HINES, S.C. & Mc CLEARY, L.E.** 1980. The role of the principal in community involvement. NASSP bulletin, 64(432):74-75, Jan.

**HOFFMAN, P.A.E.** 1978. Inleiding tot die sosio-pedagogiek. Bloemfontein : Saccum Beperk.

**HUBLEY, J.W.** 1979. Engineer in the boiler room - the role of the principal. NASSP bulletin, 63(423):6-9, Jan.

**KRITZINGER, J.T.** 1984. Die wese, aard, benutting en bevordering van ouerbetrokkenheid by die onderwys. Die Unie, 81(3):63-76, Sept.

**KRUGER, H.B.** 1985(a). So naby en tog so ver. Die Kerkblad, 87 (2711):28-29, Feb.

**KRUGER, H.B.** 1985(b). Ouerreg of ouervoorreg. (In Venster op die onderwys. I.R.S. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F. nr. 24. Potchefstroom:103-108.)

**KRUGER, H.B.** 1987. Die ouer as vennoot in die onderwys. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 27(3):183-200, Sept.

**KRUGER, H.B.** 1989(a). (Bydrae gelewer in "ouerstem", skakelblad van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging:1-4).

**KRUGER, H.B.** 1989(b). Die ouer se plek in die Suid-Afrikaanse onderwysstruktuur. Die Kerkblad, 92(2816): 13-14, Apr.

**LANDMAN, W.A.** 1972. Leesboek vir die Christen opvoeder. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

**LANDMAN, W.A.** 1987. Die bestuursraad en die TAO as verteenwoordigende liggame van die ouergemeenskap met spesifieke verwysing na hulle verhouding tot die professionele personeel van ŉ skool. (Toespraak gelewer op 22 Augustus 1987 voor die Breë Bestuur van die Belangegroep Laerskole van die Transvaalse Onderwysersvereniging.)

**LANDMAN, W.A.** (red.) 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Pretoria : Butterworth.

**LIEBENBERG, D.A.** 1985. Wat verwag die skool van sy ouers? Die Unie, 82 (5):136-138, Nov.

**LIPHAM, J.M. & HOEH, J.A. Jnr.** 1974. The principalship : foundations and functions. New York : Harper & Row, Publishers.

**MARAIS, J.L.** 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.)-PU vir CHO.)

**MAREE, H.O.** 1986. Die georganiseerde onderwysprofessie en die georganiseerde ouerliggame se deelname aan die nuwe onderwysbedeling. Nou-Blad, 12(2):9-14, Nov.

**MARX, F.W.** 1978. Bedryfsleiding. Pretoria : HAUM.

**MEYER, P.S.** 1984. Die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA. Opvoeding en Kultuur, 7(1):2-3, Mrt.

**MINTZBERG, H.** 1973. The nature of managerial work. New York : Harper & Row.

**MOOLMAN, A.L. du T.** 1978. Die bestuursrol van die skoolhoof. Johannesburg. (Verhandeling (M.Ed.)-RAU.)

**MORRIS, V.C., CROWSON, R.L., PORTER-GEHRIE, C., & HURWITZ, E. Jnr.** 1984. Principals in action. The reality of managing schools. Columbus : Merrill.

**NELL, W.L.** 1982. Children suffer from tension. SAOR bulletin, 12:14, Sept.

**OWENS, R.G.** 1981. Organizational behaviour in education. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

**POSTMA, W.** 1987. Doelmatige ouer-onderwyserkontak. ŉ fundamenteel opvoedkundige presisering van ouer-onderwyser-kontak. Potchefstroom : Pro Rege.

**POSTMA, W.** 1989. ŉ Fenomeenanalise van die verskynsel ouer-onderwyserkontak. Fokus, 17:21-28, Aug.

**PRINSLOO, J.G., & BECKMANN, J.L.** 1987. Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders. Kaapstad : Lex Patria.

**RGN**
kyk
**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.**

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.** 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Pretoria. 223p. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 1.) (Voorsitter : J.P. de Lange.)

**REBORE, R.W.** 1985. Educational administration : a management approach: Englewood Cliffs, N.J.:Prentice-Hall.

**RHEEDERS, H.J.H.** 1982. Kriteria vir die bevorderbaarheid van onderwysers. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.)-PU vir CHO.)

**ROBBINS, S.P.** 1984. Management : concepts and practices. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

**ROWELL, J.C.** 1981. The five rights of parents. Phi Delta Kappan, 62(6):441-443, Feb.

**RSA**
kyk
**SUID-AFRIKA (Republiek)**

**SUID-AFRIKA** (Republiek). 1967. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, nr. 39 van 1967. Pretoria : Staatsdrukker.

**SUID-AFRIKA** (Republiek). 1983(a). Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, nr. 110 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.

**SUID-AFRIKA** (Republiek). 1983(b). Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.

**SUID-AFRIKA** (Republiek). 1984. Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, nr. 76 van 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

**SUID-AFRIKA** (Republiek). 1988. Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), nr. 70 van 1988. Pretoria : Staatsdrukker.

**SCHOEMAN, P.G.** 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria : Saccum Beperk.

**SHARROCK, A.N.** 1970. Home/school relations : their importance in education. London : MacMillan.

**STEYN, H.J.** 1985. Die huis gaan skool toe. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese studies. Reeks F3, nr. 24.)

**STONE, H.J.** 1974. Struktuur en motief van die onderwysstelsel. Elsiesrivier, Kaap : Nasionale boekdrukkery.

**STONE, H.J.S.** 1985. Onderwysersopleiding vir ouerbetrokkenheid. Fokus, 13(1):763-771, Sept.

**TEICHLER, M.G.** 1982. Enkele bestuursfunksies van die sekondêre skoolhoof met spesiale verwysing na interpersoonlike verhoudingstigting. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.)-PU vir CHO.)

**TERBLANCHE, J.D.V.** 1987. Onderwyssimposium, geleentheidspreker. Onderwysnuusflitse, 78:6-7, Aug.

**TOD**
kyk
**TRANSVAAL. Onderwysdepartement**

**TRANSVAAL.** Onderwysdepartement. 1986. Struktuur van vennootskap. Onderwysnuusflitse, 74:24, Mei.

**TRANSVAALSE AFRIKAANSE OUERVERENIGING.** 1987. TAO handleiding en algemene inligting. Pretoria.

**TRANSVAAL. PROVINSIALE ONDERWYSORDONNANSIE.** Ordonnansie 29 van 1953.

**TRANSVAAL.** Provinsiale Onderwysregulasies. Ordonnansie 29 van 1953.

**VAN BUUREN, H.J.** 1979. Kommunikasie in die bestuursrol van die skoolhoof. Johannesburg. (Verhandeling (M.Ed.)-RAU.)

**VAN DER STOEP, F., & VAN DER STOEP, O.A.** 1968. Didaktiese oriëntasie. Pretoria: Academica.

**VAN DER WALT, J.L.** 1983(a). Betrokkenheid van ouer. Roeping en riglyne, 31(2):20-21, Jun.

**VAN DER WALT, J.L.** 1983 (b). Oor opvoeding in ŉ neutedop. Potchefstroom : Mediapublikasies.

**VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I., & VAN DER WALT, I.D.** 1983. Die opvoedingsgebeure : ŉ skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies, Reeks F3, Versamelwerke, nr. 18.)

**VAN DER WALT, J.L., DEKKER E.I., VAN WYK, J.H.** 1979. Inleiding tot die fundamentele opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

**VAN DER WESTHUIZEN, P.C.** 1985(a). Die vraelys as navorsingsinstrument. Potchefstroom. (M.Ed. klasaantekeninge.)

**VAN DER WESTHUIZEN, P.C.** 1985(b). Modelle vir gebruik in onderwysbestuur. Fokus, 13(12):810-818, Jun.

**VAN DER WESTHUIZEN, P.C.** 1986(a). Perspektiewe op onderwysbestuur en begripsverklaring. (In Van der Westhuizen P.C., red, Onderwysbestuur : grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM. p.9-59.)

**VAN DER WESTHUIZEN, P.C.** 1986(b). Die ontwikkeling van die bestuurskundige denke en enkele ontwikkelings op die gebied van onderwysbestuur. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Onderwysbestuur : grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM. p. 61-125.)

**VAN DER WESTHUIZEN, P.C.** 1986(c). Onderwysbestuurstake. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Onderwysbestuur : grondslae en riglyne, Pretoria : HAUM. p.129-217.)

**VAN LOGGERENBERG, N.T.** 1982. Die skoolhoof as beelddraer van die onderwysprofessie. Die Vrystaatse onderwyser, 72(5):1-7, Mei.

**VAN LOGGERENBERG, N.T.** red. 1985. Ouerbegeleiding. Die Vrystaatse onderwyser, 75(9):311-314, Sept.

**VAN LOGGERENBERG, N.T.** red. 1986. Bemarking van die nuwe onderwysbedeling. Die Vrystaatse onderwyser, 76(8):1-5, Aug.

**VAN LOGGERENBERG, N.T., & JOOSTE, A.J.C.** 1978. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein : Nasionale Boekhandel.

**VAN SCHALKWYK, O.J.** 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Pretoria : Butterworth.

**VAN SCHALKWYK, O.J.** 1983. Ouerbetrokkenheid by onderwys. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

**VAN SCHALKWYK, O.J.** 1986. Die onderwysstelsel. teorie en praktyk. Pretoria : Educo.

**VAN VUUREN, R.J.J.** 1986. Die onderwyser en die beeld van die onderwys. SAOR bulletin, 27:5-10, Jun.

**VAN WYK, J.G.** 1986. Bronne van onderwysreg. (In Badenhorst, D.C., red. Skoolbestuur : die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : HAUM. p.128-139.)

**VAN WYK, J.G.** 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Pretoria : Academica.

**VAN WYK, J.H.** 1975. Religie, opvoedkunde en opvoeding. Fakulteit opvoedkunde. Potchefstroom : PU vir CHO.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. D.K. de Jager
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324-1660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

Mnr. P.W. Kilian
Laerskool H.M. Swart
Posbus 142
BETHAL
2310

Geagte mnr. Kilian

DIE BESTUURSROL VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUER-LIGGAME

U skrywe, gedateer 1988-07-21, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om die voorgelegde vraelys, soos gewysig, deur 27 skoolhoofde van Afrikaansmedium primêre en sekondêre skole te laat invul.

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.
- U moet hierdie brief aan die hoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om die samewerking van die hoofde af te dwing nie.
- Die name van skole, skoolhoofde en die TOD as sodanig mag nie vermeld word nie.

- Wysigings wat in rooi op die vraelys aangedui is, moet op die vraelys aangebring word.
- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement asseblief van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

Posbus 142
BETHAL
2310

1988-09-05

Die Skoolhoof

...............

...............

...............

Meneer

**VRAELYS : M.Ed-NAVORSING**

Ondergetekende is besig met navorsing oor: Die bestuursrol van die skoolhoof met betrekking tot ouerliggame.

Die ingeslote vraelys het ten doel om inligting vanaf hoofde van Afrikaansmedium primêre en sekondêre skole aangaande voorgemelde onderwerp te verkry.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang om hierdie vraelys aan u te versend (sien aangehegte brief). Hiermee versoek ek u beleefd dat u dit voor of op 16 September sal invul en dit in die ingeslote, gefrankeerde koevert aan my sal pos.

Wees verseker daarvan dat alle inligting streng vertroulik hanteer sal word.

U samewerking in die verband word hoog waardeer.

By voorbaat dankie.

Die uwe

**P W KILIAN**

Tel. 01361 3515 (Huis)
2328/9(Skool)

VRAELYS:

Hierdie vraelys moet deur skoolhoofde ingevul word.

** Begripsverklarings ten opsigte van die vraelys:

- Skoolbestuur

  Die begrip skoolbestuur soos in hierdie vraelys gebruik veronderstel die bydrae wat ouerliggame namens ouers kan maak ten opsigte van bestuursaspekte soos beplanning, beheer en besluitneming in samewerking met die hoof, uitgesluit die hoof se aanspreek= likheid vir die professionele sy van skoolbestuur.

- Ouerbetrokkenheid

  Ouerbetrokkenheid dui op die bemoeienis van die ouer met die kind oor die hele spektrum van die onvolwassene se volwassewor= ding binne sowel as buite die skoolsituasie - sonder die benadeling of miskenning van die onderwyser se gesag op die professionele terrein.

**AFDELING A : ALGEMENE VRAE**

Beantwoord die volgende vrae deur slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek onder "Ja" of "Nee".

| | JA | NEE | VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|
| Bestaan die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) as 'n nie-statutêre ouerliggaam by u skool? | | | 01 |
| Bestaan 'n ander soortgelyke ouerliggaam by u skool, bv. 'n ouer-onderwysersvereniging? | | | 02 |
| Is u ten gunste van groter ouerbetrokkenheid by opvoedende skoolonderwys? | | | 03 |
| In die breë gesien, beskik ouers oor voldoende ken= nis van opvoedings- en onderwysbeginsels asook van skool- en opvoedkundige sake in die algemeen? | | | 04 |
| Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar ouers die professionele terrein van die skool kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte? | | | 05 |
| Stem u saam dat daar samewerkingsgebiede is waar die skool die terrein van die ouerhuis kan betree met die oog op die vennootskapsgedagte? | | | 06 |

| | JA | NEE | VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|
| Behoort daar by hoofdekursusse en -simposia meer aandag gewy te word aan besprekings van die bevoegdheidsterreine van ouerliggame? | | | 07 |
| Meen u dat skoolhoofde in die beste posisie is om opleiding/voorligting aan ouerliggame te gee? | | | 08 |
| Het ouerbetrokkenheid vir u 'n groter werklas meegebring? | | | 09 |
| Is dit so dat groter ouerbetrokkenheid vir u personeel meer tyd beskikbaar kan stel vir hul professionele taak? | | | 10 |

AFDELING B:

OUERBETROKKENHEID

Evalueer die volgende stellings of vrae. Omkring asseblief die syfer wat u mening die beste weergee.

Die syfer 4 verteenwoordig "baie belangrik"
Die syfer 3 verteenwoordig "belangrik"
Die syfer 2 verteenwoordig "minder belangrik"
Die syfer 1 verteenwoordig "glad nie belangrik"

| | BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | MINDER BELANGRIK | GLAD NIE BELANGRIK | VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| Die bestuursraad het 'n besliste rol te speel in skoolbestuur. | 4 | 3 | 2 | 1 | 11 |
| Watter rol speel die TAO of moontlike an= der georganiseerde ouerliggame in u skool= bestuursopset? | 4 | 3 | 2 | 1 | 12 |
| Hoe belangrik is die bydrae wat u eie statutêre ouerliggaam maak in u skoolbe= stuursopset? | 4 | 3 | 2 | 1 | 13 |
| Hoe belangrik is dit dat ouerliggame oor voldoende kennis moet beskik om hul funksies behoorlik te vervul? | 4 | 3 | 2 | 1 | 14 |
| Hoe belangrik is dit dat ouerliggame ken= nis moet dra van die onderwysdoelstellings van hul skool? | 4 | 3 | 2 | 1 | 15 |
| Ouers behoort aangewend te word vir sekere administratiewe en klerklike pligte by die skool (byvoorbeeld in die mediasentrum en snoepwinkel). | 4 | 3 | 2 | 1 | 16 |

| | VIR KANTOORGEBRUIK | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | MINDER BELANGRIK | GLAD NIE BELANGRIK | |
| Ouers behoort by skoolaktiwiteite betrokke te wees en beter begrip vir die probleme en be= hoeftes van hul skool te toon. | 4 | 3 | 2 | 1 | 17 |
| Ouers moet meer betrek word by die skoolakti= witeite van hul kind(ers) as wat tans die geval is. | 4 | 3 | 2 | 1 | 18 |
| Ouers is mede verantwoordelik vir die voor= siening van fasiliteite vir die onderrig van hul kinders. | 4 | 3 | 2 | 1 | 19 |
| Ouers behoort betrek te word by die onderrig van hul kinders in die klassituasie. | 4 | 3 | 2 | 1 | 20 |
| Statutêre en nie-statutêre ouerliggame moet ten nouste met die skool saamwerk om die be= lange van die kind die beste te dien. | 4 | 3 | 2 | 1 | 21 |
| Ouers met verskillende belangstellings moet hulle kan uitleef as volle vennote in die onderwys van hul kinders. | 4 | 3 | 2 | 1 | 22 |
| Ouers behoort inspraak te hê ten opsigte van die samestelling van die kurrikulum. | 4 | 3 | 2 | 1 | 23 |
| Ouers behoort insette te lewer ten opsigte van die gees en opvoedkundige doelstellings wat by 'n skool heers. | 4 | 3 | 2 | 1 | 24 |

...5/

| | VIR KANTOORGEBRUIK | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | MINDER BELANGRIK | GLAD NIE BELANGRIK | |
| Hoe belangrik is dit dat ouers inspraak moet hê in die bestuur van die fisiese fasiliteite van die skool, byvoorbeeld die terreine en ge=boue - soos dit tans die geval is? | 4 | 3 | 2 | 1 | 25 |
| Ouerliggame moet die verantwoordelikheid aan=vaar vir die insameling van en toesig oor die plaaslike skoolfonds. | 4 | 3 | 2 | 1 | 26 |
| Statutêre ouerliggame moet inspraak hê by die aanbevelings vir aanstellings van onder=wyspersoneel in permanente poste. | 4 | 3 | 2 | 1 | 27 |
| Groter ouerbetrokkenheid in opvoedende onder=wys kan 'n bydrae lewer om van die kind 'n beter volwassene te maak. | 4 | 3 | 2 | 1 | 28 |
| Ouerliggame moet nie oortree op die professio=nele terrein van die onderwyser nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | 29 |
| Benewens die reeds beskrewe funksies en plig=te van ouerliggame is verdere verfyning en presisering daarvan steeds nodig. | 4 | 3 | 2 | 1 | 30 |

AFDELING C ...6/

AFDELING C:

DIE BESTUURSROL VAN DIE SKOOLHOOF MET BETREKKING TOT OUERLIGGAME

Evalueer die onderstaande stellings deur 'n kruisie in die toepaslike kolom te trek.

| | WAAR | ONWAAR | VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|
| Die skoolhoof van die hedendaagse skool moet onderlê wees in didaktiese sowel as in bestuursvaardighede. | | | 31 |
| Die skoolhoof het 'n rol te vervul in die opleiding/voorligting van ouerliggame vir hul taak. | | | 32 |
| Die skoolhoof moet ouerliggame se belangstelling in opvoedende onderwys organiseer en koördineer sodat die kind in die besonder en die skool in die algemeen daarby baat kan vind. | | | 33 |
| Die gebrek aan entoesiasme by ouers aangaande skoolaangeleenthede kan onder andere toegeskryf word aan gebrekkige kennis daaroor. | | | 34 |
| Ouers sal die nodige opleiding moet ondergaan ten einde as georganiseerde ouerliggame doeltreffende bydraes tot onderwysbestuur te kan maak. | | | 35 |
| Dit is noodsaaklik dat die skoolhoof kundig en vaardig sal wees in doeltreffende kommunikasie met ouerliggame. | | | 36 |
| Die skoolhoof het vanuit bestuursoogpunt gesien 'n rol te vervul ten opsigte van ouerliggame om opvoedende onderwys te laat slaag. | | | 37 |
| Die skoolhoof moet die rol as besluitnemer in skoolbestuur vervul. | | | 38 |

...7/

| Stelling | WAAR | ONWAAR | VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|
| Die skoolhoof se leierskapsrol, ook met betrekking tot ouerliggame, bepaal watter soort atmosfeer in die skool sal heers. | | | 39 |
| Ouers het die reg om ingelig te wees en te verstaan waar=oor dit in die skool gaan. Dus beklee die hoof 'n inlig=tingsrol met betrekking tot ouerliggame. | | | 40 |